DIE GESKIEDENIS VAN DIE BEESTEELT IN SUIDWES-AFRIKA TYDENS DIE DUITSE TYDPERK, 1884 - 1915

----------oooOooo----------

E.L.P. STALS

----------oooOooo----------

Verhandeling ingelewer ter verkryging
van die graad M.A. (Geskiedenis) aan
die UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

MAART 1961.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPGEDRA AAN

MY VADER.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Suidwes-Afrika is 'n gebied waarvan die geskiedenis nog geskryf moet word. Daar bestaan tans nog feitlik geen histories-wetenskaplike studie oor enige aspek of tydperk van die gebied nie en juis dié omstandighede bring vir die navorser heelwat probleme mee, maar bied ook aan hom 'n besondere en interessante uitdaging. Die gebrek aan die gewone naslaanwerke skep die noodsaaklikheid dat alle gegewens aan die oorspronklike bronne ontleen moet word en slegs hier en daar kan van die werk van pionier-skrywers gebruik gemaak word. Daarby is die oorgrote meerderheid bronne in Duits en vereis dus 'n gangbare kennis van die taal.

Aan literatuur oor Suidwes-Afrika voor 1915 ontbreek dit nie. Oor die vroeë reise van Jakobus Coetsé en Hendrik Hop in 1760 en 1761 bestaan daar outentieke verslae. Ander reisigers het hulle wedervarings ook te boek gestel en gedurende die negentiende eeu het die pioniers van die land, Galton, Andersson, Baines en Chapmann 'n skat van inligting op besonder interessante wyse te boek gestel. Die 31-jarige Duitse besetting oor die gebied het baie koloniste, soldate, reisigers en amptenare geïnspireer om hul ondervindings en waarnemings in 'n groot literêre verskeidenheid te laat verskyn. Uitstaande daarvan is die werk van die eerste Goewerneur van die kolonie , Theodor Leutwein,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naamlik „Elf Jahr Gouverneur".

Die eerste geskiedenis oor Suidwes-Afrika het in 1934 verskyn uit die pen van dr. Heinrich Vedder, wat in 1903 as Rynse sendeling na die Duitse kolonie gekom het. Dit is reeds uit die oorspronklike Duits in Afrikaans en Engels vertaal. Dié werk dek die geskiedenis tot 1890. Nog 'n geskiedenis oor Suidwes-Afrika wat van belang is, is die van Oskar Hintrager, eens Waarnemende Goewerneur van die Duitse kolonie. Dit handel oor die gebied onder die Duitse gesag. Geeneen van die twee werke berus egter op 'n volledige en uitputtende bronnestudie nie, hoewel van oorspronklikebronne gebruik gemaak is.

Die dokumente in die Windhoekse Argief wat aan die Navorser beskikbaar is, gaan tot 1915. 'n Groot gedeelte daarvan is handgeskrewe bronnemateriaal wat oor die algemeen redelik leesbaar is. Ongelukkig ontbreek daar heelwat dokumente, veral in die argiefgroepe van die verskillende Streekshoofde. Die Duitse benaming „Bezirkshauptmann" en „Distriktshauptmann" is in hierdie verhandeling vertaal met Streeks- en Distrikshoof onderskeidelik.

Vir die doel van hierdie verhandeling is navorsing gedoen in Staatsargiewe te Windhoek en Kaapstad, die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek te kaapstad, die Carnegie-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch, die biblioteke van die Argief, die Suidwes-administrasie, die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wetgewende Vergadering en die Karakoeltelersvereniging in Windhoek.

Op hierdie wyse wil ek dan my dank uitspreek in die eerste plek aan my promotor professor P.J. van der Merwe, van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy was steeds gewillig om die nodige voorligting en raad te gee en met geduld probleme aan te hoor. Daarby dank ek ook my opleiding in die histories-wetenskaplike navorsingmetodes aan hom. My dank ook aan professor D.J. Kotzé, die mede-eksaminator, vir sy vriendelike aanmoediging en belangstelling in die werk. Dit was ook my voorreg om op een van my besoeke aan Windhoek die heen- en terugreis per motor saam met hom te doen.

Ek wil ook graag my waardering betuig aan mnr. J.H. Esterhuyse, voorheen Argivaris te Windhoek en tans hoof van die Afdeling vir Publikasies van die Argiewe, wat die onderwerp oorspronklik aan die ahand gedoen het en steeds sy belangstelling getoon het. Aan mnr. D.W. Krynauw, Senior Argivaris in Windhoek my dank vir sy bereidwilligheid om op verskeie maniere my tot hulp te wees tydens my besoeke aan Windhoek. Tesame hiermee wil ek ook dankie sê aan die personele van beide Argiewe en die biblioteke vir hul vriendelike diens en belangstelling wanneer ek daar gewerk het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Woord van dank aan die Departement van Landbou in Windhoek vir hulle vriendelikheid en hulp.

Ten slotte ook dank aan mev. G. du Plooy wat die tikwerk gedoen het.

Stellenbosch,

Maart 1961.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD

HOOFSTUK I	:	BEESTEELT IN SUIDWES-AFRIKA VOOR DIE ANNEKSASIE DEUR DUITSLAND IN 1884.....	1
HOOFSTUK II	:	DIE INVOER VAN STOETBEESTE UIT DIE BUITELAND.....	24
HOOFSTUK III	:	POGINGS OM DIE BEESTEELT IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA TE VERBETER.....	71
HOOFSTUK IV	:	SOEKE NA BUITELANDSE MARKTE VIR SUIDWES-AFRIKAANSE BEESTE	99
HOOFSTUK V	:	DIE VERWERKING EN BEMARKING VAN PRODUKTE VAN DIE BEESBOERDERY.....	124
HOOFSTUK VI	:	DIE VOORKOMS EN BESTRYDING VAN BEESSIEKTES IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA.....	158
HOOFSTUK VII	:	ALGEMENE FAKTORE WAT DIE BEESBOERDERY BEVORDER HET....	191
		TEN BESLUITE.....	207
		LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE	217

----------oooOOOooo----------

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KAARTE.

1. Suidwes-Afrika : Reënval en Oorheersende Winde.... 1

2. Handelsroetes tussen Duits-Suidwes-Afrika en omliggende gebiede..... 26

FOTOS.

1. Koei van die Ovambo-beesras. 8

2. Bul vam die Afrikaner-beesras in S.W.A. 8

3. Hoofveearts Rickmann. 173

4. Toestande op die Trekpad na Lüderitzbucht. 210

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



SUIDWES-AFRIKA
REËNVAL
[in millimeters]
VOLGENS DIE REËN-VALKAART VAN ZELLE
EN
OORHEERSENDE WINDE.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I.

Beesteelt in Suidwes-Afrika voor die Anneksasie deur Duitsland in 1884.

Die ontwikkeling van die beesteelt in Suidwes-Afrika is sedert die vroegste jare sterk beïnvloed deur die aardrykskunde van die gebied. Daarom is dit nodig om aan die begin van hierdie studie kortliks op die vernaamste kenmerke wat die klimaat, bou en plantegroei van die gebied betref te wys. Dit is faktore wat, miskien meer as enigiets anders, die groei en sukses van die veebedryf beïnvloed het.

Suidwes-Afrika lê aan die weskus van Afrika tussen die 17de en 29ste suiderbreedtegrade. Daar loop 'n gebroke bergketting van noord na suid deur die gebied, wat die lae kusgebied van die binnelandse plato skei. Die gebied is onderhewig aan twee oorheersende winde, naamlik die westewind vanoor die see en die suidooste- of oostewind vanuit die binneland. Die westewind is nie reënbringend nie, aangesien dit maar min vog optel oor die koue Benguellaseestroom aan die kus. Die reënbringende wind kom vanuit die ooste. Dit waai hoofsaaklik in die somer en word met vog belaai oor die warm Mosambiekseestroom aan die ooskus van Suid-Afrika. Omdat dit egter die meeste van sy vog oor die binneland verloor, is die neerslae in Suidwes-Afrika maar van baie wisselende, byna sporadiese aard.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die noordooste van die gebied is die streek wat die hoogste reënval ontvang. Daarom het dit ook die meeste plantegroei. Daarvandaan verminder die reënval en die plantegroei min of meer in konsentriese stroke na die suide en weste sodat aan die kus 'n woestyn gebied voorkom.

Die suide van Suidwes-Afrika word gekenmerk deur bossieveld met mooi gras in goeie reënjare. Hoe verder noord hoe meer doringstruike en -bome word aangetref en in die sentrale platogebied vind 'n mens 'n savanna-geaardheid, d.w.s. grasveld met struike en bome tussenin. Die noordelike dele van die hoogland is oortrek met doring-struike, bome en eenjarige grasse.

Dit is dus duidelik dat die sentrale hoogland die geskikste is vir die beesboerdery. Dit was dan ook so dat die beesboere van die gebied, nie-blankes sowel as blankes, van vroeg af reeds veral die graslande van daar-die streek uitgesoek het, en in mindere mate die noordelike gebiede, terwyl die suide slegs vir skaapteelt geskik geag is.

Dit kan met veiligheid beweer word dat daar geen of baie weinig veeteelt in Suidwes-Afrika bestaan het voor die koms van die Bantoe. Die Herero, wat volgens volke-kundiges noue ooreenkoms toon met die herdersvolke van Noordoos-Afrika [1], en die Ovambo was dele van 'n algemene

---

1) Bruwer, J.P.: Die Bantoe van Suid-Afrika, p. 25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trek uit die noorde, wat hulle in die noordelike gebied van die huidige Suidwes-Afrika en in suidelike Angola gevestig het. Die Nama, of Hottentot, wat op 'n latere tydstip vanuit die suide oor die Oranjerivier getrek het, het ook beesteelt beoefen. Hulle het hoofsaaklik die suide van die gebied bewoon.

Die geskiedenis van Suidwes-Afrika voor die Duitse besetting in 1884 is tot 'n groot mate bepaal deur die veeteelt en by name die beesteelt. By veral die Herero en die Nama het die bees die basis van die bestaan gevorm en by die Ovambo het dit ook 'n belangrike rol gespeel. Dit is dan belangrik dat ons kennis sal dra van die rol wat die bees in die alledaagse lewe en opvattings van die verskillende volksgroepe gehad het.

Die Herero of Damara wat feitlik uitsluitlik beesboere was, het 'n besondere groot waarde aan hierdie enigste besit en bestaansmiddel geheg. Hulle was nie net ekonomies heeltemal afhanklik van die bees nie, maar die dier het ook 'n belangrike plek in die Herero se godsdienstige opvattings ingeneem. Die beeste is van die voorouers geërf en daarom is dié voorouers ook in staat om die veeteelt voorspoedig of teenspoedig te maak, het die Herero geglo. Die veekrale lê binne die stat en in hulle onmiddelike nabyheid word die heilige stamvuur versorg [2]. So was

---

2) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp. 52, 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit ook gebruik dat wanneer die oudste dogter van die hoofvrou vroeg in die oggend die kole van die vuur aanblaas en die eerste vlamme opflikker, dit die teken was dat die koeie gemelk moes word. Daar was dan ook 'n aparte kudde wat aan die man behoort het wat die voorreg gehad het om by die stamvuur aan te sit. Dit was bekend as die heilige kudde en is in die manlike geslagslyn vererf terwyl die gewone kudde in die vroulike geslagslyn vererf is[3]. Voor sy dood het die man 'n aantal van sy spogosse uitgewys om by sy begrafnis geslag te word. Die skedels van dié osse is dan op sy graf geplaas. Die Herero, wat in gewone omstandighede geen gesonde dier van sy kudde mag geslag het nie, het by dergelike geleenthede hele kuddes opgeoffer[4].

Sy beeste was dus die trots van elke Herero-man in sy tradisionele leefwyse en sy ganse strewe was om sy veestapel te vergroot. Sy aansien en invloed in die gemeenskap het toe- of afgeneem met sy veebesit.

Die weiveld was stambesit en die hoofman kon alleen met toestemming van alle manne van die stam grond van die hand sit. Weigebiede was ook nie afgegrens nie maar invloedryke hoofmanne het van tyd tot tyd byeengekom om te beraadslaag oor weiregte. Dit het egter nie twiste oor weigebiede uitgeskakel nie en daar was heel dikwels onenigheid

---

3) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp. 53, 164.
4) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en selfs geweld onder die Herero-stamme onderling. 'n Veebesitter het derhalwe nooit al sy vee bymekaar gehou nie. Veesiektes, rooftogte en swak reënjare het geleer dat dit beter is om verskeie buiteposte aan te lê. Hierdie gebruik was die algemene veeversekeringstelsel van die vroeëre tyd, sê Vedder[5]. Die verskillende kuddes is opgepas deur die seuns van besittinglose Herero en deur die Bergdama[6], 'n verarmde groep en die slawevolk van baie Suidwes-Afrikaanse nie-blanke volksgroepe.

Ook by die Ovambo het die beeskraal 'n deel van die stat uitgemaak[7]. Die bees het egter 'n tweede plek ingeneem by die Ovambo, want hy was by uitstek landbouer. Die bekende ontdekker, jagter en inwoner van Suidwes-Afrika in die jare wat die Duitse besetting voorafgegaan het, Charles John Andersson, vermeld op verskeie plekke in sy geskrifte dat die Ovambo tog ook groot waarde aan hul beeste gehog het en dat groot beestroppe ook húl aansien verhoog het[8]. Dié volk het dan ook 'n meer gebalanseerde bestaanseconomie gehad deurdat hulle byvoorbeeld in jare van swak oeste op hul beeste kon steun en in jare van terugslae in hulle veeteelt weer op hul oeste kon bestaan.

---

5) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp. 51 - 52.
6) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 51.
7) Vgl. Galton, F.: Narrative of an Explorer, p. 132.
8) Andersson, C.J.: Lake Ngami, p. 174: Notes of Travel in South Africa, p. 233.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Anders as by die Herero was die hoofman by die Ovambo 'n absolute diktator. Hy het na willekeur besluit wanneer nuwe rooftogte na 'n naburige stam se gebied onderneem moes word om mense en vee te buit[9]. Die hele stamgebied was sy eiendom en hy het sy eiendomsreg ook oor die beeskuddes laat geld. 'n Duitse deskundige, dr. Gerber, het egter tereg daarop gewys dat hierdie stelsel groot onsekerheid onder die naturelle tot gevolg gehad het sodat hulle geen groot ondernemings wou aanpak nie. Dit, tesame met aanhoudende veerooftogte, het 'n toestand geskep wat die veeteelt lamgelê het[10]. Die verskillende distriksvoormanne, wat deur die hoofman in sy gebied aangestel is, moes sorg dat die belasting aan koring en aan vee betaal word[11].

By die Nama, of Hottentot, en Baster het die bees alleen ekonomiese waarde gehad. Dit was sy besit wat daar was om vir hom as voedsel te dien. Beeste was dan ook hul vernaamste besit. Die Basters het eers teen 1868[12] die land binnegetrek uit die Kaapkolonie en hulle in die omgewing suid van Rehoboth en later ook in die buurt van Grootfontein in die noorde gevestig.

In die tyd voor die koms van die Duitse gesag na

---

9) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.81.
10) Leutwein, T.: Elf Jahr Gouverneur, p. 201.
11) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 80.
12) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 548.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suidwes-Afrika, het daar reeds vier onderskeibare beesrasse bestaan. Oor die herkoms van die rasse bestaan daar geen sekerheid nie. Ons kan die vier rasse aandui as die Damara- of Hererо-bees, die Ovambo-bees, die Nama-bees en die Afrikaner-bees.

Die Damara-bees is veral deur C.J.Andersson, wat jarelank tussen die Herero gewoon het, beskryf. Die ras het hom onderskei van enige soort in Europa. Die bees was van middelmatige grootte. Hy het 'n groot beenstriktuur gehad, maar was nie besonder swaar nie. Die bene was slank met klein, harde en taai pote. Die kwas van die stert het byna tot op die grond gehang. Die horings, wat besonder lank was, het gewoonlik 'n hoek van tussen 45 en 90 grade gevorm en was soms pragtig geboog en gedraai. Die waarde van 'n os het dan ook in die oog van die Herero tot 'n groot mate saamgehang met die grootte van sy horings[13]. Oor die algemeen was die bees baie wild en 'n swaar ketting is om 'n os se nek gehang om hom mak te maak[14]. Melkproduksie onder die Damara-koeie was laag - soldemeer as twee tot drie pinte per dag[15].

Die Ovambo-bees was kleiner van postuur as die Damara-bees. Dié verskynsel is toegeskrywe aan die swak voer-

---

13) Andersson, C.J.: Lake Ngami, pp. 317-318.
14) Andersson, C.J.: Lake Ngami, p. 66.
15) Andersson, C.J.: Lake Ngami, p. 318.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



SUIDWES-AFRIKA
REËNVAL
[in millimeters]
VOLGENS DIE REËN-VALKAART VAN ZELLE
EN
OORHEERSENDE WINDE.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FOTO NR. 1



Fig. 7. Ovambo cow No. 3587.

FOTO NR. 2

(Let op die stomp stert a.g.v. Longsiekte-inenting)



Bulle Afrikaner Rasse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede in die gebied en tesame met inteling het dit 'n onaansienlike dier tot gevolg gehad [16]. Ook hierdie koei het min melk gelewer. Dié bees was egter uitstekend aangepas by die toestande van die noorde en is deur die vroegste blanke nedersetters daar gebruik as 'n basis vir hul beesboerdery [17].

In 1856 skryf Andersson dat die Nama-beeste van die oorspronklike soort reeds feitlik uitgesterf het, hoewel die suidelike Nama-stamme dit nog besit het. By hulle was die bees egter ook reeds in meerdere of mindere mate verbaster met beeste uit die Kaapkolonie of uit Hereroland. In vorm en grootte het die Nama-bees meer met die Europese beeste oereengestem as met die ander inheemse rasse na die noorde. Hulle was van gemiddelde grootte, stewig gebou met kort en sterk horings - wat gewoonlik na binne gedraai het - en taamlike groot klowe [18].

Ten slotte was daar dan nog die Afrikaner-bees. Dit was die Basters wat hierdie statige bees met sy hoë skof uit die Kaapkolonie saamgebring en vir die verbetering van die inheemse rasse in Suidwes-Afrika gebruik het [19].

Gedurende die jare voor die koms van die blankes was

---

17) Groenewald, J.W. en Curson, H.H.: Studies in Native Animal Husbandry, no. 6 - A Note on Ovambo Cattle, p. 602. (Aanhaling uit verslag van dr. Schmid, Unie-veearts, 16 Aug. 1928). Vgl. ook Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa, p. 229.
18) Andersson, C.J.: Lake Ngami, p. 336.
19) Fitzner, R.: Deutsch-Südwestafrika, p. 159.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die beesteelt 'n baie wisselvallige bedryf onder die inboorlinge van die land. Dr. Heinrich Vedder het die woorde van 'n bejaarde ou Herero opgeteken wat presies die toestande weergee wat die lewe van die Herero-beesboer gekenmerk het. Dit lui onder andere: „Beleef 'n mens as veeteler nie altyd weer dieselfde dinge nie? 'n Mens trek met die kuddes na die weidings en water. Intussen vermoerder die beeste. Somtyds word hulle deur vyande gesteel. Dit is wat 'n Herero beleef. Dit is wat die oergrootvader beleef het, die grootvader en ook die vader. As almal dieselfde beleef, kan daaroor nie baie vertel word nie.... Die oumense het orals rondgetrek soos hulle verkies het. Waar hulle water en volop weiding gevind het, het hulle lank vertoef. Waar die dinge maar skaars was, het hulle spoedig weer weggetrek [20]".

Die beesteelt in Suidwes-Afrika voor 1884 was gekenmerk deur 'n gebrek aan enige besondere ontwikkeling. By elk van die drie vernaamste beesbesittende volksgroepe het daar wel 'n begeerte bestaan om hul troppe te vergroot - iets wat dan ook gebeur het - maar verskeie faktore sou teen die helfte van die negentiende eeu na vore tree om dié begeerte tot 'n groot mate te verydel.

Hoe meer waarde 'n mens aan sy besitting heg, hoe

---

20) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 165.

CARNEGIE BIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beter sal hy daarna kyk. So was dit ook die geval met die inboorlingbevolking van Suidwes-Afrika. Dit was die suidelike volksgroep, die Hottentotte, wat die minste bekommerd was oor die toestand en welstand van hulle beeste en dié houding het veel daartoe bygedra dat, van die drie groepe, dié volk se beesstapel mettertyd die meeste agteruitgegaan het.

Dit was nie maar net toevallig dat die algemene agteruitgang van die Suidwes-Afrikaanse volke op die gebied van beesteelt saamgeval het met die binnedringing van die land deur blankes nie. Die aandeel van die blanke handelaar en sendeling in hierdie agteruitgang, direk of indirek, met suiwere of onsuiwere bedoelings, opsetlik of onopsetlik is duidelik naspeurbaar.

Een van die vernaamste redes vir die vermindering van die beestroppe was die handel in beeste wat met verskillende gebiede en volke plaasgevind het. Dié aktiwiteit het veral gedurende die negentiende eeu sterk vermeerder en die aantal beeste wat op dié wyse uit die land geneem is, het volgens alle aanduidings baie duisende beloop.

Toe Hendrik Hop, 'n burger van die Stellenbosch-distrik, in 1761 die suide van Suidwes-Afrika besoek het, het hy reeds inligting ontvang wat daarop gedui het dat die Betsjoeanas beeste van die Damara geruil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het [21]. Later, in 1835, het 'n reisiger in die land Betsjoeanas aan die Visrivier aangetref wat beeste van die Hottentotte daar kom ruil het [22]. Dieselfde reisiger, Sir James Alexander, het ook die mond van die Kuisebrivier bereik en dadelik die moontlikheid van 'n uitvoerhandel in beeste na die eiland St. Helena raakgesien. Die Hottentotte wat op daardie tydstip die binneland van Walvisbaai bewoon het, sou die diere kon lewer, het hy geroken [23].

Walvisvaarders wat langs die kus doenig was, het van Walvisbaai as basis gebruik gemaak om voorrade vars vleis van die Hottentotte te verkry [24]. Benewens die walvisvangs het ook nog die guano-handel floreer aan die weskus en Walvisbaai is dikwels besoek om vars voorrade te verkry. Sekere ondernemings van die Kaap het 'n nedersetting daar gehad om beesvleis te sout en te bewaar. Hulle het die guano-handelaars en ook die Kaap van beeste voorsien en in werklikheid ook wel 'n kontrak met die Britse regering gehad om St. Helena van lewende hawe te voorsien. Veral die handel met St. Helena was uiters winsgewend.

---

21) Moritz, E.: Die ältesten Reiseberichte über Deutsch-Südwestafrika, p. 177. Trümpelmann dui die betrokke party, die Damrocquas en Birinas van wie Hop melding maak, aan as die Bergdama en Betsjoeana onderskeidelik; Vgl. Trümpelmann, G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika, Argiefjaarboek 1948, II, pp. 6, 7.
22) Alexander, J.E.: An Expedition of Discovery into the Interior of Africa, II, p. 220.
23) Alexander, J.E.: An Expedition of Discovery into the Interior of Africa, II, p. 100.
24) Eveleigh, W.: South-West Africa, p. 91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ondernomings het hulle egter nie by die kontrak gehou nie en dit is gevolglik opgehef[25].

Namate die gebied meer en meer bekend geword het, het blanke handelaars die handelsmoontlikhede daar raakgesien. Die jag is met die handel gekoppel en groot hoeveelhede ivoor, velle en volstruisvere het die land verlaat, meestal deur Walvisbaai, die enigste geskikte hawe. Beeste het ook, soos reeds bekend, langs hierdie weg 'n belangrike uitvoerartikel uitgemaak. Op Otjimbingwe aan die Swakoprivier het die Deen, Hans Larsen, teen 1851 'n florerende handelsentrum vir beeste gehad[26].

Die eerste sendelinge, wat sedert 1844 Hereroland as hul werkstede gekies het, en ook blanke handelaars, moes ondervind dat die Herero geensins gewillig was om sy kosbare vee aan hulle af te staan nie. Die handel in beeste met die Herero het egter langsamerhand ontwikkel, hoewel die inboorlinge natuurlik hul swakste en onaansienlikste vee verkoop het[27]. Een van die belangrikste blanke handelaars was C.J. Andersson wat hom op Otjimbingwe gevestig het. Daar het hy 'n voorradewinkel gehad waarmee hy die verbytrekkende jagters, sendelinge en

---

25) Andersson, C.J.: Lake Ngami, pp. 14-15.
26) Galton, F.: Narrative of an Explorer in Tropical South Africa, p. 38.
27) Büttner, C.G.: Das Hinterland von Walfischbai und Angra Pequena, pp. 244, 297.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handelaars bedien het. Sy grootste inkomste het hy egter gehad uit die omvangryke beeshandel wat hy bedryf het. Hy was 'n persoon wat aansien geniet het onder die Herero en Ovambo en gevrees was deur die Nama. Dit was dus nie vir hom moeilik om groot getalle beeste van die inboorlinge te ruil nie en dié troppe is dan oorland na die Kaap gestuur waar dit op die mark verkoop is. So het hy byvoorbeeld in April 1853 'n trop van 360 beeste na die Kaap gestuur. Die mark vir die beeste was ook goed, want die taai eienskappe van die Hererо-bees het hom gewild gemaak onder die boere van die Kaapkolonie[28].

Mynbedrywighede om koper noord van die Oranje te ontgin het in dié tyd toegeneem en in 1855 is die Walvisbaai-Mynkompanjie gestig wat op Otjimbingwe een van hul stasies ingerig het. Die kompanjie het spoedig groot veekuddes besit en sy bedrywigheid het lewe aan die plek gegee. In 1866 het Andersson die besittings van die kompanjie op Otjimbingwe opgekoop[29], en daarmee ook 'n groot aantal trekosse verkry.

Teen 1860 het die Longsiekte sy verskyning onder die beeste in Suidwes-Afrika gemaak. Die uitwerking van dié verwoestende siekte is deur alle beesbesitters gevrees. Toe Andersson dus ongeveer 'n jaar ná die uitbreek van die

---

28) Andersson, C.J.: Lake Ngami, pp. 365, 320.
29) Vedder, H. : Quellen, I, Die Gemeindechronik von Otjimbingwe, 1842-1900, pp. 26, 39.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekte met 'n aansienlike trop beeste na die Kaap wou vertrek, is hy deur die Namakwa-stamme van die suide deurgang deur hul gebied geweier. So-iets sou egter sy finansiële ondergang beteken en hy, met behulp van 'n kommando jagters en handelaars, het die pad na die Kaapkolonie uiteindelik met geweld vir hom en ander belanghebbendes heropen[30]. Met 'n ander geleentheid het hy weer 'n trop van 1500 beeste ter waarde van £3000 (R6000) na die Kaap gestuur[31]. Teen 1861 het die Engelse reisiger, Chapman, die aantal beeste wat Suidwes-Afrika jaarliks verlaat het op pad na die Kaapkolonie toe, op tien- tot twaalf-duisend geskat[32].

Die Rynse Sendinggenootskap het dit steeds moeilik gevind om genoeg fondse vir sy werk in die gebied te vind. As gevolg van die ywer van Hugo Hahn het die Genootskap toe in 1864 'n eie handelsonderneming in die lewe geroep met die doel om die tekort aan te vul[33]. Hulle wou ook onder andere beeste uitvoer na die Kaapkolonie. Die veepryse daar was veel hoër as in Damaraland, maar die vee kon nie in groot troppe verskuif word nie weens die wisselende weidingstoestande en gebrek aan genoeg water langs

---

30) Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa, pp. pp. 3, 13.
31) Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa, p.90.
32) Chapman, J.: Travels in the Interior of South Africa, I, p. 423.
33) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 550.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die pad. So 'n reis na die Kaap het ongeveer ses weke geduur[34]. Groot troppe sou ook die pryse laat daal op die mark. Die Duitse Sending-handelsondernoming het egter gemeen om dié moeilikhede te bowe te kom deurdat hulle kontrakte vir die lewering van slagvee met die kopermynmaatskappy te Steinkopf suid van die Oranje-rivier aangegaan en veestasies in Namaland gestig het. Die onderneming het egter totaal misluk en aan die einde van die tweede jaar reeds 'n verlies van 200,000 Mark (R34013) getoon as die gevolg van swak administrasie deur hul verteenwoordiger te Steinkopf[35].

Die handel in beeste na die suide is steeds baie gestrem deur verliese wat as gevolg van die bedrywighede van oorlogsugtige roofbendes gely is[36]. Daarby het Namaland ook gedurig in 'n staat van oorlog met Hereroland verkeer. In 1870 is daar egter 'n vrede bewerkstellig wat vir tien jaar sou duur. Gedurende dié vredestrydperk het blanke handelaars van die geleentheid gebruik gemaak om ontsaglike beestroppe na die nuwe mark in die diamantdorp, Kimberley, uit te voer[37].

---

34) A. 14, 1881 Report of the Select Committee appointed to consider and report on Damaraland Affairs, 1881: Brief dr. Th. Hahn - Van Zyl, 17 Sept. 1875, p. 86.
35) Büttner, C.G.: Das Hinterland von Walfischbai und Angra Pequena, pp. 308-309.
36) Vgl. N.A. 291 Letters received from the Resident Magistrate Transgariep and Walfish Bay, 1884, nr.47: Verslag, 1 Mei 1884, pp. 15-20.
37) Oelhafen von Schöllenbach, H.: Die Besiedelung Deutsch-Südwestafrikas bis zum Weltkriege, p. 12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afgesien van die handel in beeste tussen die Betsjoeanas en die inboorlingstamme van Suidwes-Afrika, is daar ook aanduidings dat daar 'n handelsbedrywigheid tussen die Ovambo en Hererо bestaan het. Galton, 'n ontdekkingsreisiger wat Ovamboland in 1851 saam met Andersson besoek het, meld dat hy op pad 'n aantal Ovambo-beeshandelaars ontmoet het. Volgens hom sou daar jaarliks vier sulke ruilkaravane wees en hulle sou jaarliks gesamentlik ongeveer 800 beeste uit Damaraland na hul land teruggeneem het. In ruil daarvoor sou die Damaras dan wapens ontvang het [38]. Dit is moontlik omdat die Ovambo 'n lewendige handel met die Portugese van Angola gedryf het en dus wapens in die hande kon kry [39]. Veral die beestroppe van Namaland moes kwaai ly onder die doenighede van die handelaars. Dit het so erg geword dat die Rynse sendeling te Gibeon, Olpp, dit voorsien het dat die inwoners van Namaland spoedig hul slagvee oorkant die Oranjerivier sou moes gaan haal [40].

Die vernaamste ruilmiddels wat deur sommige blanke handelaars gebruik is om Nama- en Hererо-beeste te verkry, was brandewyn, klere en ammunisie. Hierdie artikels het

---

38) Vgl. ook Andersson, C.J.: Lake Ngami, p. 172.
39) Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa, p. 155.
40) Vedder, H.: Quellen, XVI, Gibeon und der Stamm der Witboois, 1863-1879, Aufzeichnumen von Missionar J. Olpp: Bericht, 14 Nov. 1870, p. 88.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

indirek 'n belangrike bydrae gelewer tot die uiteindelike vernietiging van die Nama-beestroppe. Die Nama kon nie die versoeking weerstaan om sy beeste te verruil vir brandewyn en die mooi klere nie - selfs al het dit beteken dat hy sy laaste beeste daardeur moes verloer. En om dan aan die lewe te bly het hy hom gewend tot die ryk beestroppe van sy noordelike bure, nl. die Herero en selfs die Ovambo. Aan die anderkant het die troppe van die Herero weer grootliks toegeneem en hulle was gedurig op soek na meer en ander weiveld. Namate die veetroppe van die Nama dus minder geword het, het die Herero sy beeste meer en meer na die suide laat wei. Dié toedrag van sake het openlike botsings tussen die Nama en die Herero-veewagters vinnig laat toeneem[41], en namate die gevaar van roeftogte en strafekspedisies toegeneem het, het die inboerlinge die kans wat die blanke handelaars hulle gebied het, aangegryp om gewere en ammunisie in die hande te kry.

Die kaptein van die Afrikaner-hottentotte, Jonker Afrikaner, het vroeg in die negentiende eeu 'n skrikbewind in die suide gevoer. Dié Hottentotte het hul „tuine", die Herero-veeposte, afgeloes en jaarliks die beeste in hul duisende vir oorlogsmateriaal in die Kaapkolonie geruil[42].

---

41) Vedder, H.: Quellen, I, Die Gemeinde-chronik von Otjimbingwe, 1842 - 1900, p. 92.
42) Manwald, F.: Südwest und seine Helden, pp. 77, 84.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jan Jonker, nog 'n Nama-kaptein, het ook dikwels teen die Herero opgetrek. Dit was gewetenlose rowery en het 'n toestand van uiterste wetteloosheid in die land geskep. Sy houding kom duidelik na vore in die woorde wat van hom opgeteken is in 1883: „Wenn ich Frieden mache, muss ich hungern, wenn ich Krieg mache, esse ich Fleisch, das meine Rinderwächter, die Herero, für mich mästen"[43]. Daar is selfs berig dat Jan Jonker reeds in 1861 Ovamboland besoek het, op 'n militante wyse daar opgetree het en met 20,000 stuk beeste na Namaland teruggekeer het[44].

Hoewel die jare tussen 1870 en 1880 betreklik vredevol verloop het, het die verhouding tussen Herero en Nama geleidelik tot so 'n punt ontwikkel dat verdere vrede nie meer moontlik was nie. „Der Viehreichtum der Herero war unermesslich geworden. Mit ihren Herden rückten sie immer weiter nach dem Süden vor ... Da war es natürlich, dass diese (die Nama) sich an den Herden-besitzern schadlos zu halten suchten und Vieh raubten. In dem Masse aber, in dem die Viehdiebstähle überhand nahmen, nahm auch Mord und Totschlag überhand"[45]. Dié gebeure het tot 'n hewige oorlog tussen Herero en Nama gelei. Die toestand het so

---

43) Vedder, H.: Quellen, I, Die Gemeinde-chronik von Otjimbingwe, 1842-1900, p. 109.
44) Vedder, H.: Quellen, III, Bethanien, 1845-1878, Briefe von H.G. Kreft: Dagboek, 23 Junie 1861, p. 44.
45) Vedder, H.: Quellen, I, Die Gemeinde-chronik von Otjimbingwe, 1842-1900, p. 99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onhoudbaar geword dat selfs die ervare en gehardde jagter en handelaar Eriksson dit sterk oorweeg het om sy handel met die naturelle geheel te staak[46].

Naas die handel met die buitewêreld en die verwoestende oorloë tussen die volksgroepe, het 'n derde faktor 'n baie belangrike rol gespeel in die snelle agteruitgang van die beesterykdom van die inboorlinge. Dit was veesiektes. Die uitstaande gebeurtenis in hierdie verband was die koms van die longsiekte na Suidwes-Afrika in 1859. Die onmiddellike gevolge van die epidemie was van soveel belang dat dit nodig is om die aangeleenthoid nader te bestudeer.

Dit is destyds deur meer as een persoon beweer dat die longsiekte na die land gebring is deur die handelaar Chapman uit die omgewing van die Ngami-meer[47]. Dit is egter onjuis[48] en dit is meer aanvaarbaar dat die siekte as gevolg van die rooftogte van die Nama-opgrhoof, Jonker Afrikaner, in Ovamboland na die res van die gebied uitgebrei is[49].

---

46) A. 71, 1882 Annexures to the Votes and Proceedings: Verslag Warm. Res.-mag. Walvisbaai -Onder-sekretaris van Naturelleseke, 7 Maart 1882, p. 40.

47) Vedder, H.: Quellen, I, Die Gemeinde-chronik von Otjimbingwe, 1842-1900, p. 38; Vgl. ook Vedder: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 430.

48) Chapman het Suidwes-Afrika in 1855 besoek vanuit die rigting van Ngami en weer in 1861 met Walvisbaai as uitgangspunt. Die longsiekte het reeds in 1859 uitgebreek, Vgl. Vedder: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, pp. 409, 430. Chapman self vertel ook dat hy die siekte daar kom aantref het, Vgl. Chapman, J.: Travels in the Interior of South Africa, I, p. 434.

49) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p.174.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die beeste in Ovamboland was maar gedurig in 'n mate onderhewig aan die Longsiekte. Dit is egter ook bekend dat die Ovambo-bees 'n taai tipe was wat tot 'n groot mate immuun was teen Longsiekte[50]. Dit is ook moontlik dat die siekte wel vanaf die Ngami-meer af gekom het, maar wat vasstaan, is dat dit in sentrale en suidelike Suidwes-Afrika vir die eerste maal onder die beeste van Jonker Afrikaner merkbaar geword het[51].

In Junie 1859 teken die sendeling H. Kleinschmidt te Rehoboth in sy dagboek aan dat die Longsiekte daar uitgebreek het. Op daardie stadium was dáár reeds 'n verlies van 200 beeste aan die siekte[52]. Die jaar wat gevolg het, was 'n tyd van groot verliese aan beeste. Te Otjimbingwe en Barmen in Hereroland is die veetroppe sterk uitgedun[53] en op Witvlei, meer na die oeste, het ryk veeboere arm mense geword. By Gobabis, daar naby, is egter afsonderingsen stroïls getref om verspreiding daarheen te voorkom[54]. Hierdie versperrings- of kwarantynnaatroïls,

---

50) Groenewald, J.A. en Curson, E.H.: Studies in Native Animal Husbandry, no. 6 - A Note on Ovambo Cattle, p. 602. (Aanhaling uit verslag van dr. G. Schmid, veearts van die Unie-regering, 16 Aug. 1928).
51) Vedder, H.: Quellen, XI, Berseba, 1856-1864: Bericht G. Krönlein, 31 Aug. 1860, p. 280.
52) Vedder, H. Quellen, XX, Das Tagebuch von Missionar H. Kleinschmidt, Rehoboth, 17 Junie 1859, p. 83.
53) Vedder, H.: Quellen, XI, Berseba, 1856-1864: Bericht G. Krönlein, Berseba, 27 Des. 1860, p. 292.
54) Vedder, H.: Quellen, VII, Gobabis, Berichten von Missionar F.W. Weber 1860-1865: Berichten Febr. - Junie en Sept. - Des. 1861, pp. 15, 26.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat redelik algemeen toegepas is, het die verkoer in die land baie aan bande gelê - so erg dat voorrade soms nie op Walvisbaai gehaal kon word nie[55]. Ook in Ovamboland het die siekte die omvang van 'n epidemie bereik. Toe Andersson 'n paar jaar na die uitbreek van die epidemie weer die gebied besoek het, was dit opmerklik dat die land en sy mense 'n tydperk van swaar burgeroorloë en Longsiekte deurgemaak het, „leaving but the fame of the vast herds of cattle that once gave additional charms and importance to the country"[56].

Andersson self het meer as 2000 beeste aan die Longsiekte verloor. My skryf dat die bees wat deur die siekte aangetas word, onderhewig is aan verlies aan eetlus, swaar asemhaling en dat hy droë hoesies gee. Wanneer die siekte 'n gevorderde stadium bereik, kan die bees nie meer langer op sy pote bly staan nie en skuim kom by sy bek en neusgate uit. Dan is daar geen hoop meer vir die dier nie. Die siekte tas veral die long aan. Ter bestryding van die siekte is die besmette en onbesmette diere van mekaar geskei. Veral die blankes het egter ook gebruik gemaak van inenting van beeste wat die siekte nog nie in 'n gevorderde stadium gehad het nie. Die virus vir die inenting is verkry van die long van 'n bees wat aan Longsiekte gevrek het.

---

55) Vedder, H.: Quellen, III, Barmeba, 1856-1864: Bericht G. Krönlein, 31 Aug. 1860, p. 280.
56) Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa, p.213.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die mees algemene metode van inenting was om 'n katoendraad-jie deur die entstof te trek en dit dan met 'n naald deur die stert van die dier te steek. Ander metodes was weer om bloot 'n stukkie aangetaste long op 'n plek in die liggaam in te ent of om die virus soos water vir die bees in te gee[57].

Die werk van inenting was baie moeisaam, want dit was moeilik om die wilde inboorlingbeeste te vang en stil vas te hou. Sowel Baines as Chapman het egter ondervind dat die inenting ook nie altyd 'n doeltreffende beskerming teen die siekte was nie[58].

By die Herero was dit vroeër die gebruik om name aan besondere jare te gee volgens uitstaande of kenmerkende ge-beurtenisse wat in dié besondere tyd plaasgevind het. So het hulle die jaar 1860 verbind met die epidemie wat hul beeste getref het en dit genoem Ojepunga, wat beteken: "die jaar van die long"[59].

Hoewel die epidemie self binne twee jaar uitgewoed was, het die siekte nie geheel en al verdwyn nie. Nog in 1878, tydens Palgrave se derde besoek aan Suidwes-Afrika, het hy dit nodig gevind om 'n spesiale ooreenkoms met die

---

57) Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa, pp. 240-243. Dieselfde proses word beskryf deur Thomas Baines, Vgl. Baines, J.T.: Explorations in South-West Africa, pp. 95-98.
58) Baines, J.T.: Explorations in South-West Africa, p.157.
59) Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika, p. 174.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskillende hoofmanne van die Herero aan te gaan waarin strenge regulasies vasgelê is met die doel om die verspreiding van die longsiekte te verhoed [60].

Die tyd van inboorlingregering in die land het ten einde gesnel. Die toestande wat oor die hele gebied geheers het, was allermins bevorderlik vir 'n gesonde ekonomie, maar tog het die Herero weer stadig en heretel van die terugslae wat hulle ondervind het. Die blankes in die land, sendelinge en handelaars, was sortuig daarvan dat die eerste vereiste vir 'n ordentlike lewe, en in die besonder 'n beduidende beesboerdery en handelsmoontlikhede, was dat 'n mag van buite moes ingryp om orde te skep.

---

60) N.A. 237 W. Coates Palgrave, Special Commissioner to the Tribes north of the Orange River, 1878,1879: Regulasies, 1 Mei 1878, nr. 34.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II.

DIE INVOER VAN STOETBEESTE UIT DIE BUITELAND, 1884-1915.

Tot 1884 was die gebied, wat vandag bekend is as Suidwes-Afrika, die besit van 'n aantal nie-blanke volksgroepe wie se afsonderlike gebiede weer verdeel was onder die verskillende stamme. Slegs die hawe Walvisbaai en 'n klein stukkie grondgebied in die omgewing daarvan was Britse besit. Op 7 Augustus van daardie jaar is die Duitse vlag egter te Angra Pequena (later Lüderitzbucht) gehys en dit was die begin van die Duitse Besetting van die hele inboorling-gebied tussen die Oranje-rivier en die Kunene[1]. Op alle gebiede moes die kolonie 'n pionierstadium deurmaak en ontwikkeling het maar baie stadig plaasgevind.

Een van die belangrikste maniere waarop die Regering van die Duitse kolonie die beesteelt help bevorder het, was deur die invoer van goeie beeste uit die buiteland. Hulle het hulle veral toegespits op die verkryging van koeie en verse, omdat hulle vireers nog net aandag gegee het aan die vermeerdering van die beeste. Mettertyd sou die invoer van bulle 'n groter rol speel met die oog op die verbetering van die beesstapel.

---

1) Hintrager, O.: Südwestafrika in der deutschen Zeit, pp. 9-10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die mees voor die hand liggende en goedkoopste gebied wat in aanmerking gekom het vir die aankoop van beeste, was die Kaapkolonie. Vir 'n hele aantal jare is die Afrikaner-bees reeds deur blankes en nie-blankes na Suidwes-Afrika gebring en die Duitsers het 'n hoë dunk van hierdie bees gehad.

Daar was veral vier roetes waarlangs beeste uit die Kaapkolonie na Suidwes-Afrika gebring is (vgl. die kaart). Sover moontlik is van die Kaapse spoorweë gebruik gemaak en vanaf verskillende punte op die lyn is die diere dan na die „Schutzgebiet" gedryf. Die oudste en mees gebruikte roete het vanaf Kaapstad oor Eendekuil en Steinkopf na Ramansdrift aan die Oranjerivier gegaan en 'n trek langs dié pad tot aan die grens het gewoonweg van twee tot drie weke geduur. Op dié roete was Steinkopf en Klipfontein in die Boesmanland die versamelplekke vir die osse. 'n Ander roete het by Victoria-Wes aan die spoor begin en oor Carnarvon en Konhardt na Stolzenfels of Scuitdrift, aan die Oranjerivier gegaan (30-36 dae). Die derde roete, wat ongeveer dieselfde gebied deurkruis het as die vorige een, het begin op Prieska, oor Upington geloop en uit-eindelik in drie verdeel na Ukamas, Dawignab en Hasuur oorkant die grens (30-42 dae). Die vierde roete het die suidelike Kalahari-halfwoestyn deurkruis vanaf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



KAART VAN HANDELS-ROETES TUSSEN DUITS-SUIDWES-AFRIKA EN OM-LIGGENDE GEBIEDE GEBASSEER OP KAARTE IN:

1. Z.B. 469, D.IV.n.2 (lêer nr.3), p. 80
2. Z.B. 1310, O.III.b.2, p. 108.
3. Z.B. 2364, VI.c., p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vryburg na Hasuur (36-42 dae)[2].

Hierdie roetes het veral twee dinge in gemeen gehad, naamlik dat hulle lank was en deur 'n streek, wat arm aan water en weiding was, geloop het. Dit was dus geensins 'n maklike taak om 'n groot trop beeste langs enigeen van hulle na Suidwes-Afrika te bring nie. Daarom het invoerders hulle soms ook tot 'n vyfde roete gewend, naamlik per skip vanaf Kaapstad na óf Lüderitzbucht óf Swakopmund (of Walvisbaai, wat Britse besit was)[3]. Faktore soos periodieke droogtes, veesiektes en oorlogstoestande het 'n belangrike invloed gehad op die gebruikmaking van die roetes. Reeds in 1896 het Landeshauptmann Leutwein byvoorbeeld alle grense gesluit vir invoer in 'n poging om die Runderpes af te weer[4].

Suidwes-Afrika het ook op verskillende tye geput uit die beesstapels van die ander gebiede wat aan sy grense gelê het, naamlik Brits-Betsjoeanaland, Rhodesië, Angola en ook die Transvaal. Vir die verkeer tussen dié gebiede en die Duitse kolonie het veral twee verdere trekroetes

---

2) Z.B. 469, D.IV.n.2.(derde leêr) Aufstand 1903-07, Grenzschmuggel und Viehdiebstähle während des Aufstandes: Reisverslag deur dr. Jacobs, Jan.-Maart 1906, pp.37,43.
3) N.A.644, File no. 2278 Relations with German Government, etc. 1898-1905: Resident-magistraat Walvisbaai - Sekr. van Naturellesake, 4 Junie 1904 en 20 Sept. 1904, Verslag van Waarn. Res.-mag., 20 Maart 1905.
4) Z.B. 1311, O.III. c. 1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Generalia: Verordnung, 22 Junie 1896, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in ag gekom. Die meer suidelike van die twee het vanaf Mafeking aan die spoorlyn deur die Kalahari tot by Dehututu en verder oor die grens na Aminuis gegaan. Dit was ook 'n besonder moeilike roete; veral beeste uit die Transvaal is daarlangs vervoer. Die ander roete het vanaf Palapye na die Makarikarimeer geloop, dan met die Botletlerivier op in 'n noordwestelike rigting tot by die Ngamimeer. Daarvandaan het dit suidwestwaarts gedraai en naby Rietfontein en Gobabis oor die grens gegaan[5]. Hierdie laaste roete en gedeeltes daarvan is ook deur handelaars gebruik wat beeste uit Rhodesië en Angola gebring het.

Die beeste wat uit die omliggende gebiede na Suidwes-Afrika gebring is, is feitlik sonder uitsondering deur middel van private handelaars aangekoop en vervoer. Private inisiatief was hoofsaak in hierdie afdeling van die beeste invoer en die Regering het homself baie op die agtergrond gehou.

Die Herero- en Nama-opstande wat in 1904 uitgebreek het, het 'n sigbare invloed op die invoer gehad. So het die betrokke polisie van die Kaapkolonie die toevoer van beeste na Suidwes-Afrika oor Ramansdrift weens die oorlogstoestande beperk tot vyftien per maand[6].

---

5) Z.B. 2364, VI. c. Geheimakten, Vieheinfuhr aus Südafrika: Kaart van die roetes deur Streitwolf, 4 Des. 1906, p. 5.
6) C.O. 4567 Correspondence 1904-07: Telegram Kol. Neylan, Rietfontein - Colonial Secretary, 11 April 1905.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Witbooi-opstande het handelaars van die Britse gebied verhinder om hul kontrakte vir die lewering van beeste aan die Duitsers na te kom en hulle het derhalwe toestemming gevra om beeste uit die noorde van die Betsjoeanalandse Protektoraat na die „Schutzgebiet" te bring[7]. Sodanige toestemming kon alleen van die Resident-kommissaris in die protektoraat verkry word[8]. Weens verskeie faktore was die verhouding tussen die regeerders van Brits-Suid-Afrika en van Duits-Suidwes-Afrika in dié tyd teamlik gespanne. Die Britse kolonies self het ook 'n tekort aan beeste ondervind na die tweede Vryheidsoorlog. Daar was dus geen besondere toegeneëndheid van die kant van die Britse owerhede om die Duitsers tegemoet te kom ten opsigte van hulle behoefte aan beeste nie. Die verhouding tussen die handelaars van die gebiede was egter verskillend. „The protectorate authorities have issued a circular to the traders in the Protectorate warning them not to take cattle in the direction of Lehututu for the German authorities", skryf 'n Britse handelaar aan Gustav Voigts. „But", vervolg hy

---

7) African South, no. 766, Futher Correspondence relating to the Affairs of Walfisch Bay and the German South-West African Protectorate: Telegram Selborne - Lyttelton, 11 Nov. 1905, p. 182.
8) African South, no. 766, Futher Correspondence relating to the Affairs of Walfisch Bay and the German South-West African Protectorate: Telegram Lyttelton - Selborne, 5 Des. 1905, p. 204.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egter, „of course you are a private man"[9].

Die Britse owerhede het die grens tussen Betsjoeanaland en die Duitse kolonie in werklikheid gesluit vir die vervoer van vee[10]. Dit het in die praktyk daarop neergekom dat bykans alle beeste-invoer uit omliggende Britse gebiede onmoontlik was. Die Goewerneur van die „Schutzgebiet" het derhalwe aan die Duitse konsul te Kaapstad opdrag gegee om navraag te doen oor die redes vir die sluiting van die grens[11]. Die konsul kon egter geen duidelike verklaring verkry nie, maar Streitwolf, die Distrikshoof op Gobabis naby die grens, was van mening dat die Betsjoeana-kapteins Khama, naby Palapye, en Sechome, van Tsau in Ngamiland, wat albei aan die gebruiklike trekroete vanaf Palapye na Gobabis gewoon het, beswaar gemaak het teen die trek van vee deur hulle gebiede, weens die gevaar van siekte-verspreiding. Dit het reeds kort tevore gebeur dat Sechome 'n bekende handelaar weggeteer het[12]. Op 20 Desember 1905 kon die konsul te Kaapstad egter telegrafeer dat die grens tussen Suidwes-Afrika en Betsjoeanaland noord van Olifantskloof, dit

---

9) Z.B. 2364, VI. c. Geheimakten, Vieheinfuhr aus Südafrika: N. Daly, Betsjoeanaland - G. Voigts, 13 Nov. 1905, p.1.
10) Z.B. 2364, VI. c.Geheimakten, Vieheinfuhr aus Südafrika: Telegram Streitwolf - Feldintendantur, 3 Des. 1905,p.2.
11) Z.B. 2364, VI. c.Geheimakten, Vieheinfuhr aus Südafrika: Telegram Goewerneur - Duitse Konsul, 4 Des. 1905, p.3.

12) Z.B. 2364, VI. c.Geheimakten, Vieheinfuhr aus Südafrika: Streitwolf - Goewerneur, 4 Des. 1905, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is offens noord van Gobabis, weer oopgestel is.[13)]

Dr. Paul Rohrbach het gedurende die kort tyd wat hy op amptelike besoek in Suidwes-Afrika was, heelwat in belang van die beesboerdery gesê en gedoen. Hy was oortuig daarvan dat, indien die kolonie nie drastiese maatreëls sou aanwend om sy vernietigde beesstapel weer op te bou nie, dit gewisse ondergang in die gesig gestaar het. Die weeropbou van die veestapel in die algemeen sou aan die boere weer 'n bestaansmiddel gee en aan voornemende koloniste 'n goeie vooruitsig en 'n sekuriteit bied. Sy opvatting was dat beeste ingevoer moes word deur middel van private ondernemings aan wie die staat aanvanklik finansiële steun kon verleen. Sy reis deur Brits-Suid-Afrika het hom oortuig dat dit 'n goeie en geskikte plek was om invoervee vandaan te kry. Die prysse in die gebiede was nie hoog nie, het hy gesê. Die aankoop van die beeste moes egter ongemerk geskied aangesien die betrokke gebiede in 'n halwe sirkel rondom die "Schutzgebiet" lê en maklik 'n algemene prysstyging teweeg kon bring. Hy was van mening dat die behoefte van die kolonie uit dié gebiede bevredig sou kon word.[14)]

---

13) Z.B. 2364, VI. c.Geheimakten, Vieheinfuhr aus Südafrika: Telegram Duitse Konsul - Goewerneur, 20 Des. 1905, p.14.
14) Z.B. 1056, L.I.d. 1.Besiedelungssachen, allgemeine Reiseberichte über Besiedelungs - und Farmsachen in Südafrika des Dr. Rohrbach: Verslag deur Rohrbach, 6 Okt. 1905, pp. 38, 42, 46, 50, 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die nuus dat die grens weer oopgestel is, was dus baie welkom vir alle persone wat met die invoer van beeste gemoeid was. Handelaars het vroeg in 1906 weer kontrakte aangegaan vir die lewering van groot hoeveelhede slagvee[15]. Gedurende dieselfde jaar is ongeveer 3000 stuks grootvee uit die Kaapkolonie ingevoer. Veral in die streke Windhoek en Karibib was die aanvraag vir koeie en verse groot en boere het die veeveilings druk besoek[16]. Grensdistrikte soos Gobabis het hul behoefte aangevul uit die beesterijdom van die Betsjoeanas in die Ngami-gebied[17]. Dit was dus nie altyd beeste wat die inheemse beesstapel sou verbeter, wat ingevoer is nie.

Gedurende 1906 kon Suidwes-Afrika tot 'n mate weer sy agterstand inhaal, hoewel by verre nie genoeg diere ingevoer is nie. Die Duitse Regering moes ook steeds waak teen die gevaar dat veesiektes die land kon binnekom saam met die ingevoerde beeste. Teen die einde van die jaar was hulle byvoorbeeld verplig om alle invoer vanaf Natal, Transvaal en Rhodesië stop te sit aangesien die Ooskuskoors

---

15) Z.B. 1230, N. IV. a.1. Rinderzucht, Generalia: Streckshoof Koetmanshoop - Schutztruppe te Warmbad, 8 Maart 1906, p. 15.
16) Z.B. 154, A. VI a. 3.(eerste lêer) Jahresberichte, 1906 - 07: Algemene Jaarverslag 1906-07, p. 83.
17) Z.B. 153, A. VI. a. 3.(eerste lêer) Jahresberichte, 1905-06: Jaarverslag van Distrikshoof Gobabis, 26 Maart 1906, p. 72

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar voorgekom het[18]. Insgelyks is die suidelike grens in November die volgende jaar gesluit vir beeste-invoer toe die Longsiekte heelwat in die suidoostelike grensdistrikte voorgekom het[19]. Die beheermaatreëls was egter net van tydelike aard en tussen 1906 en 1908 is weer 58 bulle en 6310 koeie en verse uit die Kaapkolonie ingevoer[20].

Na 'n verslapping in die tempo van invoer uit die omliggende gebiede, het die Regering gedurende 1908 weer geldelike steun aan boere verleen wat beeste uit die Kaapkolonie wou invoer. Dié fondse is veral verkry uit die Wohlfahrtslotterie in Duitsland. Slegs Duitse onderdane het in aanmerking gekom vir sodanige hulp en die vee wat ingevoer is, moes vir teeldoeleindes gebruik word[21]. Handelaars het dus nie voordeel hieruit getrek nie. Veral die swakker boere sou tegemoetgekom word. Die omvang van die hulp was op 'n basis van 20-25 Mark per bees tot 'n maksimum van 50 beeste per boer. Die uitbetaling van die bedrag sou alleen geskied nadat 'n deskundige van die Rege-

---

18) Z.B. 1310, O. III. b.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Ostküstenfieber, Generalia: Bekanntmachung, Nov. 1906, p. 1.
19) Z.B. 155, A. VI.a. 3.(tweede lêer) Jahresberichte 1907-08: Algemene Jaarverslag 1907-08, p. 254.
20) Z.B. 1206, N. I. i. 2.(eerste lêer) Tierzucht, Specialia: Memorandum deur Junker, 24 Aug. 1908, p. 16.
21) Z.B. 1206, N. I. i. 1. Tierzucht, Generalia: Omsendbrief aan Streeks- en Distrikshoofde, 14 April 1908, p. 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ring die diere ondersoek het[22]. Dié stap van die Regering het egter nie veel waarde gehad nie, want in Julie daardie selfde jaar moes hulle die invoer van beeste ook uit Angola en Brits-Betsjoeanaland stopsit weens siektegevaar[23].

Vroeg in 1910 was die aanvraag na Kaaplandse beeste weer hoog. Die boere het egter gekla omdat die pryse so hoog was. Dit is toegeskryf daaraan dat 'n aantal Windhoekse handelaars 'n onderlinge ooreenkoms gesluit het waarvolgens hulle nie onder 'n vasgestelde prys sou verkoop nie. 'n Kooi het geniddeld 175 tot 180 Mark (R30.60) gekos en selfs al kry die boer 'n subsidie van die Regering, het die kooi hom nog sowat 150 Mark gekos[24]. Die Regering het egter hierteen opgetree en die strekke meegedeel dat, indien hulle dit verlang, die Regering weer die invoer uit die omliggende strekke op hom sou neem en sodoende die hoë pryse teenwerk[25]. Die boere het dié geleenthed

---

22) Z.B. 1196, N. I b. 1. Tierzucht, Einfuhr... von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Omsendbrief aan Strecks- en Distrikshoofde, 24 April 1908, pp.18-19.
23) Z.B. 1196, N. I b. 2. Tierzucht, Einfuhr ... von Zuchttieren durch den Staat, Specialia: Goewerneur - Liebermann, Bellstedt & Co., 12 Aug. 1909, p. 19.
24) Z.B. 1234, N. IV. c. 3. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Streckshoof Windhoek - Goewerneur, 17 Feb. 1910, p. 1.
25) Z.B. 1234, N. IV. c. 3. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, ZuchtViehbestellung ... aus der Kapkolonie: Omsendbrief aan Streckshoofde, 2 Maart 1910, pp. 2-3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dadelik aangegryp[26]. In byna elke streek het bestellings van die boere ingestroom. Rehoboth was egter 'n uitsondering, want die Basters wat daar gewoon het, het nog baie beeste besit. Dié distrik het selfs groot getalle beeste uitgevoer[27].

Nadat verslae oor die aangeleentheid van al die plaaslike owerhede ontvang is, het die Direkteur van Finansies, Junker, kommentaar daarop gelewer. Die bestellings van die beesgebiede, naamlik die noordelike en sentrale „Schutzgebiet", het op 2820 koeie en verse te staan gekom. Hy het nadruk daarop gelê dat die aankoop van die beeste in Kaapland as 'n vertroulike saak beskou moes word om 'n skielike styging van pryse te voorkom. Die taak moes opgedra word aan persone wat die Kaaplandse toestande geken het. Windhoek sou die plek wees waar die beeste gelewer moes word en alle koste tot daar moes deur die kontrakteurs gedra word. Junker het ook daarop gewys dat die treinke nie groter as 400 tot 500 beeste moes wees nie om water- en weidingsmoeilikhede uit te skakel, en as voorsorgmaatreël teen veesiektes. Die beeste moes jong Afrikanerkoeie

---

26) Z.B. 1234, N. IV. c. 3. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Streekshoof Omaruru - Goewerneur, 31 Maart 1910, p. 4. en Streekshoof Karibib - Goewerneur, 8 April 1910, p. 6.

27) Z.B. 1234, N. IV. c. 3. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Distrikshoof Rehoboth - Goewerneur, 13 April 1910, p. 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en -verse wees en hulle moes eers vir twee maande op die regeringsplase Neudamm en Otjituezu aan inspeksie onderworp word voordat hulle aan die boere verkoop word. Die veilings, het hy gesê, moet op Windhoek gehou word en die datums van die veilings betyds bekend gemaak word. Op grond van sy ervaring het hy die twee firmas Nitzsche und Gutsche en Wecke und Voigts as die geskikste leweranciers van die beste beskou. Beide die firmas het reeds voorheen vir die Regering vee gelewer en goeie dienste verrig. Hy stel dan ook voor dat die helfte van die kontrak aan elk van hulle gegee word[28].

Hierdie beskouing van Junker is goedgekeur en op 18 Mei 1910 is formele verdrae met die twee firmas gesluit waardeur hulle ondermeen het om voor 30 September elk 1300 stuk Afrikanerbeeste uit die Kaapprovinsie teen 'n prys van 190 tot 210 Mark per bees in te voer[29]. As die tydperk van inspeksie dan bygereken word, sou die boere hul beeste teen die einde van die jaar kon kry.

Die ondernoming wat in die jaar 1910 aangepak is, was vir die beesboerdery van die gebied van besonder groot

---

28) Z.B. 1234, K. IV. e. 3. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung... aus der Kapkolonie: Verslag deur Junker, 11 Mei 1910, pp. 12e - 12f.

29) Z.B. 1234, K. IV. e. 3. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Verdrag met firmas, 18 Mei 1910, p. 13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belang. Dit sou nie alleen lei tot 'n aansienlike vermeerdering van die beesstapel nie, maar sou ook nuwe bloed vir die inheemse rasse bring. Die organisasie van aankoop en vervoer het vlot verloop en die eerste aflewering, bestaande uit 'n bul, 'n bulkalf, drie verskelwes en 545 koeie, het teen Julie daardie jaar op Neudamm aangekom[30]. Die prosedure van verkoop was so dat die diere na die inspeksietyd eers gewaardeer en dan teen daardie prys aan die betrokke boere verkoop is. Die verskil tussen die waardasie en die bedrag wat aan die firma verskuldig was, is aangevul deur fondse wat uit die Wohlfahrtslotterie beskikbaar gestel is. Vir die tydperk tot September 1910 is nagenoeg 59,555 Mark (R10128) vir beeste spesifiek uit dié fonds betaal[31].

Maar ook hierdie goeie poging om aan die beesboerdery van die gebied 'n goeie stoot vorentoe te gee het struikelblokke ondervind. Toe dr. Ostertag, 'n Duitse veedeskundige, op 12 September in Swakopmund aankom, was reeds sowat 800 stuks beeste op Neudamm versamel. Hy het die kolonie amptelik besoek om ondersoek in te stel na die vee-

---

30) Z.B. 1234, N. IV. c. 3.(eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Junker - Goewerneur, 18 Julie 1910, p. 33.

31) Z.B. 1206, N. I. i. 2.(tweede lêer) Tierzucht, Unterstützung der Viehzucht, Specialia: Aantekeninge, ongedateerd, pp. 30, 35.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teelt en veral vandag aan die veesiektes te gee. Die diere wat reeds in Suidwes-Afrika aangekom het, is ingevoer langs die roete oor Hasuur, maar 'n volgende trop is deur die veearts daar voorgekeer vanweë die gerug dat daar nie voldoende beheer oor Ooskuskoors in die Kaapprovinsie uitgeoefen is nie. In die lig hiervan het Ostertag aanbeveel dat die verdere invoer van beeste dadelik gestaak moes word en dat alle ander invoer tot die roete oor Hasuur beperk moes word. Op hierdie tydstip was die totale aantal beeste wat reeds ingevoer was nog 1000 minder as die getal wat deur die verdrag vasgestel was. Junker was egter van mening dat die beeste wat reeds ingevoer was, in die onmiddellike behoefte aan moedervee voorsien het. Hoewel die grens wel gesluit was, het invoer tog nog met toestemming van die Goewerneur plaasgevind[32]. Ostertag het die toestand van die ingevoerde beeste as goed bestempel[33].

Op 2 Desember 1910 het die Regering 'n verdere ooreenkoms met Nitzsche und Gutsche aangegaan vir die lewering van 'n verdere duisend beeste, mits dit nie in die vieie

---

32) Z.B. 1287, O. I. b. 3.(eerste lêer) Tierheilwesen, Reise des Professors Dr. Ostertag, Reisebericht und Vorschläge: Verslag deur Ostertag oor sy reis in 1910, datum ontbreek, pp. 6, 15-18, 20, 22, 89.

33) Z.B. 1309, O. III. a. 1.Seuchen und Krankheiten der Rinder, Generalia: Aantekeninge, 18 Okt. 1910, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gery word deur die veesiektes nie[34]. Die gevaar van Ooskuskoors in Kaapland het tot gevolg gehad dat dr. Ostertag, en kort daarna ook Otto Nitzsche, die aankoopsgebied besoek het en sowat 500 beeste in die distrikte Prieska, Hopetown, Britstown en Porterville Road (die huidige Clanwilliam-omgewing) opgekoop het. Met spesiale verlof van die Goewerneur is die besending vanaf Prieska na die "Schutzgebiet" gedryf[35]. Die voorskrif dat die beeste aan die grens 'n kwarantyn-tydperk moes deurmaak, het meegebring dat heelwat verliese gely is, aangesien die droogtetoestande heelwat offers geverg het. Daarby het die Transvaal ook baie beeste in Kaapland opgekoop en só die pryse laat styg[36].

Die moontlikheid van beeste-invoer uit Kaapland het dus al kleiner geword. Toestande het egter sodanig verslag dat in April 1911 die invoer van beeste uit alle omliggende gebiede geheel en al verbied is[37]. Tot op daardie stadium is sedert die begin van die skema ongeveer 3900 koeie en

---

34) Z.B. 1234, N. IV. c. 3.(eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Ooreenkoms tussen Nitzsche und Gutsche en Regering, 2 Des 1910, p. 79.

35) Z.B. 1287, O. I. b. 3.(eerste lêer) Tierheilwesen, Reise des Professors Dr. Ostertag, Reisebericht und Vorschläge: Nitzsche - Ostertag, 19 Des. 1910, p. 305.

36) Z.B. 1234, N. IV. c. 3.(eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, ZuchtViehbestellung ... aus der Kapkolonie: Aantekeninge, 7 Nov. 1910, p. 87.

37) Z.B. 1301, O. II. b. 3.Organisation des Veterinärdienstes, Quarantänestationen an der Südostgrenze: Telegram Goewerneur - Strechshoof Hasuur, 13 April 1911, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verse ingevoer uit die Kaapprovinsie waarvan 3000 na die noordelike en sentrale dele van die kolonie gegaan het[38]. Die boere wat hul bestelde beeste op Neudamm kom haal het, moes elkeen 'n ontvangsbewys daarvoor inlewer[39]. Gedurende 1910-1911 het daar 'n droogte geheer oor Suidwes-Afrika en Suid-Afrika en die afwering van die bestelde beeste is daardeur heelwat vertraag. Weens die swak weidings en watertoestande kon die diere nie verder as die Windhoekomgewing gedryf word nie. Baie boere het derhalwe hulle bestellings gekanselleer en die beeste is toe aan ander verkoop[40]. Om die boere van die streke Okahandja, Karibib, Omaruru en Grootfontein tegemoet te kom, is daar ook op Okahandja verkopings van bestelde vee gehou[41]. So berig Junker in Junie 1911 aan die Goewerneur dat daar op 'n veiling te Okahandja 870 koeie en verse verkoop is en 'n verdere 250 stuk na Omaruru versend is. Die gemiddelde prys wat betaal is, was 165 Mark (R28) per kop. Hy meld dat die aanvraag baie groot was en baie meer nog verkoop

---

38) Reichs-Kolonialamt: Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee, 1910-11, amptelicke Jahresberichte, Erster Teil, p. 121.

39) Z.B. 1234, N. IV. c. 3 (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Ontvangsbewyse, pp. 191-193, 198.

40) Z.B. 1234, N. IV. c. 3 (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Goewerneur - Streekshoof Okahandja, 27 April 1911, p. 200.

41) Amtsblatt, 1 Junie 1911: Bekkantmachung, 20 Mei 1911, p. 57.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou kon geword het[42].

Die laaste verkoping van beeste wat uit Kaapland ingevoer is, het op 25 Julie 1911 op Houdarm plaasgevind[43]. Daarmee was die skema dan afgeloop. Die gebiede wat die meeste by die skema gebruik het, was die volgende: Windhoek (844 beeste), Karibib (106 beeste), Grootfontein (260 beeste), Okahandja (1586 beeste), Omaruru (905 beeste) en Haltahöhe (100 beeste)[44]. Dit was dus by uitstek die noordelike en sentrale gebiede.

Dit was eers laat in 1913 dat die invoer van beeste uit Suid-Afrika weer ter sprake gekom het. Dit was egter baie duidelik dat die Duitse owerhede in Suidwes-Afrika hul belangstelling in beeste-invoer uit Suid-Afrika geheel-enal verloor het. Die Colesberg Farms Estate het voorgestel dat van hul jong Hereford-stoetbulle „van baie hoë kwaliteit" ingevoer word[45], maar die antwoord van die Goewerneur was dat daar geen behoefte aan sulke diere in die kolonie bestaan het nie[46]. Vroeg die volgende jaar het

---

42) Z.B. 1234, N.IV. c. 3.(eerste leêr) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Kantoorminute, 10 Junie 1911,p. 218.
43) Amtsblatt, 1 Julie 1911; Bekanntmachung 28 Junie 1911, p. 86.
44) Z.B. 1234, N. IV. c. 3.(tweede leêr) Rinderzucht, Einfuhr ... aus Südafrika, Zuchtviehbestellung ... aus der Kapkolonie: Amptelike opgawe, 8 Aug.1911, pp.16-23.
45) Z.B. 1196, N.I. b. 2.Tierzucht, Einfuhr ... von Zuchttieren durch den Staat, Specialia: Colesberg Farms Estates - Duitse Konsul, 7 Okt. 1913, p. 24.
46) Z.B. 1196, N. I. b. 2.Tierzucht, Einfuhr ... von Zuchttieren durch den Staat, Specialia: Goewerneur - Colesberg Farms Estates, 27 Nov. 1913, p. 25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Duitse landboudeskundige vir Suid-Afrika dit onder die aandag van die Goewerneur gebring dat daar op daardie tydstip 'n hewige droogte in die Oranje-Vrystaat geheers het en dat dit 'n besondere geleentheid was om beeste teen 'n spotgoedkoop prys te kry[47]. Die standpunt van die Hoofveearts van die kolonie, Otto Henning, was egter deurslaggewend: „Für das Schutzgebiet muss gerade das Beste gut genug sein ...[48].

Die beeste wat uit die Kaapkolonie ingevoer is, was nie almal van die Afrikanerras nie. Daar was ook nog die sogenaamde swartbont basterkoei en die nageslag van kruisings van verskeie Engelse rasse soos die Shorthorns, Devons, Kerrys, Ayreshires en Jerseys. Daarby was die beeste wat in amptelike statistieke aangegee word by verre nie die totale aantal wat die land binnegekom het nie. Veral gedurende die tyd van opstande is baie beeste ingebring „ohne dass staatliche Hilfe beantragt und eine Statistik geführt worden wäre"[49].

Die omliggende Suid-Afrikaanse gebiede kan beskou word as die mees voor die hand liggende dele waarvandaan die

---

47) Z.B. 1234, N.IV. c. 2.Rinderzucht, Einfuhr...aus Südafrika, Specialia: Curadze -Goewerneur, 29 April 1914, p. 54.
48) Z.B. 1234, N.IV. c. 2. Rinderzucht, Einfuhr...aus Südafrika, Specialia: Memorandum deur Henning, 16 Mei 1914, p. 67.
49) Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1 Okt.1912: „Denkschrift über die Rinderzucht des deutsch-südwestafrikanischen Schutzgebiets", pp. 87-91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Duitse kolonie beeste sou invoer. Dit is egter duidelik dat dié bron nie volkome in die behoefte van die kolonie kon voorsien nie weens verskeie redes soos veesiektes, droogtes en 'n tekort aan beeste in daardie gebiede self. Die Regering van die kolonie was egter gretig om alle moontlikhede te ondersoek met die oog op die invoer van genoeg en geskikte beeste. Daarom het hulle gedurig op hoogte gebly met die toestande in ander lande waar veeteelt beoefen is[50].

Rickmann het reeds in 1899 gewys op die moontlikheid van beeste-invoer vanaf Suid-Amerika. Vir dié doel sou Argentinië in aanmerking kom, maar, het hy gesê, die Duitse konsulaat moes eers gevra word om nadere besonderhede omtrent die beesboerdery daar te verskaf. Die onkoste verbonde aan die seevervoer moes ook nagegaan word[51]. Goewerneur Leutwein het egter bedenkings oor die skema gehad[52], en Rickmann moes na verdere ondersoek hom daarby neerlê dat so 'n onderneming vireers nie aangepak

---

50) Vgl. Z.B. 1205, N. I. h. Tierzucht, Algemeines, Berichte und Veröffentlichungen über fremde Viehzuchtländer, 1901-14. (Dit is 'n versameling publikasies).

51) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Rickmann - Goewerneur, 16 Junie 1899, p. 1.

52) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Aantekening deur Leutwein, 20 Junie 1899, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon word nie[53].

Die behoefte aan die vermeerdering van die beesstapel in die „Schutzgebiet" was egter 'n dringende saak. Vanweë die oorlogstoestande in die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies, die Transvaal en die Oranje-Vrystaat het dit vir die kolonie noodsaaklik geword om ander gebiede te vind waar beeste verkry kon word. Leutwein moes dus sy siening ten opsigte van Argentinië baie gou wysig en toe hy in Augustus 1899 die dringende behoefte van die kolonie onder die aandag van die Koloniale Afdeling van die Duitslandse Departement in Berlyn gebring het, was sy mening dat Argentinië die enigste moontlike oplossing sou kon bied. Die aangeleentheid was destemmer dringend aangesien die vleispryse in die kolonie reeds besonder hoog gestyg het weens die tekort aan slagvee. Die Deutsche Kolonial-Gesellschaft was ook bereid om 'n poging om beeste uit Argentinië in te voer met 'n bedrag van 30,000 Mark (R5102) te steun. Volgens voorlopige berekeninge sou dit ongeveer 120 Mark kos om 'n kooi vanaf Argentinië na Suidwes-Afrika te bring, koopprys en vervoer ingesluit[54].

---

53) Z.B. 1235, N. IV. d. 1.Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Aantekening deur Rickmann, 12 Julie 1899, p. 1.

54) Z.B. 1235, N. IV. d. 1.Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Gouverneur - Kolonial-Abteilung, Auswärtiges Amt, 12 Aug. 1899, p.3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is wel gedurende hierdie tyd stoetbeeste uit Duitsland ingevoer, maar die getal was klein en die diere baie duur. Die heersende behoefte aan vleis kon alleen verhelp word deur 'n massa-invoer van goedkoop diere, soos dit dan ook 'n aantal jare later uit Suid-Afrika geskied het. Navraag na aspekte van die beesteelt in Argentinië is gevolglik gedoen[55] Die gevraagde inligting is aan die Goewerneur verskaf deur 'n bekende uitvoerfirma in Argentinië. Die firma was van oordeel dat die kolonie net by die regte plek kom aanklop het en het uitvoerig verslag gedoen oor die pryse en aard van die koeie en waar hulle verkry kon word. Hulle het ook aanbeveel dat die aankoop deur ingeligte agente sou geskied[56].

Die Deutsche Kolonial-Gesellschaft het inmiddels ook die saak aangeroer by die owerhede in Duitsland, wat hulle gewillig verklaar het om 40,000 Mark uit die Wolfahrtslotterie beskikbaar te stel. Hoewel die prys van koeie in Argentinië besonder laag was - sowat 45 tot 60 Mark[57] - was dit egter voorlopig onmoontlik om vervoer vanaf Argentinië na Suidwes-Afrika te kry weens die oorlog tussen

---

55) Z.B. 1235, N. IV. d. 1.Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Goewerneur - Duitse Konsul, Buenos Aires, 12 Aug. 1899, p. 4.

56) Z.B. 1235, N. IV. d. 1.Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Verslag Arning Brauss & Co. -Duitse Konsul, Buenos Aires, 31 Okt. 1899, pp. 11-12.

57) Z.B. 1235, N. IV. d. 1.Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Goewerneur - Deutsche Kolonial-Gesellschaft, 14 Feb. 1900, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die twee Republieke in Suid-Afrika en Brittanje. Hulle het dus gereken dat so 'n skema aangepak kon word eers wanneer toestande meer rustig was[58]. Hoewel die Regering in die kolonie onwillig was om die skema te laat vaar[59], het die omstandighede hulle gedwing om vireers daarvan af te sien.

Die toestand in Argentinië op daardie tydstip was dat jong beeste tussen twee en vyf jaar maklik verkrygbaar was in die omgewing van die hawens waarvandaan hulle verskeep kon word. Daar was gekruiste sowel as oprogte Durham-, Hereford- en Polled-Angus-beeste waarvan die eerste ras die volopste was. Dié rasse was vroeër vanaf Engeland ingevoer. Die inheemse Argentynse bees, die Kreoolse ras genoem, het goed gevaard tem spyte van die groot wisseling van temperatuur[60].

Dit was eers in 1904 dat daar weer sprake gekom het van beeste-invoer vanuit Argentinië. Die beesstapel van die kolonie was baie uitgedun deur die Herero-opstand en hernude pogings is dus aangewend om te voorsien in die

---

58) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Deutsche Kolonial-Gesellschaft - Goewerneur, 2 Feb. 1900, pp. 5-6.
59) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Goewerneur - Deutsche Kolonial -Gesellschaft, 14 Feb. 1900. p.5.
60) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Memorandum van Deutsche Kolonial-Gesellschaft - Goewerneur, 26 Feb. 1900, p. 8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behoeftes van die inwoners van die gebied. Bewere van vroeër, naamlik die invloed van die oorlog in Suid-Afrika was nou nie meer geldig nie. Derhalwe is die konsulaat te Buenos Aires om aanvullende inligting gevra[61]. Die hulp van dieselfde firma is weer ingeroep. Hulle het berig dat die bek- en klouseer intussen in die land uitgebreek het, met die gevolg dat die uitvoer van lewende vee feitlik tot stilstand gekom het. Wat die roete betref waarlangs die seevervoer moes geskied, het hulle aanbeveel dat dit vanaf Argentinië na Kaapstad en vandaar na die Duitse kolonie moes plaasvind. Die Argentynse Regering het bepaal dat kooie wat uitgevoer word, nie in die ruim van die skip gehuisves mag word nie. Weens die siektegevaar moes voorkeur gegee word aan beeste uit die provinsie Buenos Aires. Die firma het gereken dat die Hereford die geskikste sou wees vir invoer in Suidwes-Afrika[62].

Die oog is terselfdertyd ook gevestig op nog 'n land in die Nuwe Wêreld, naamlik Meksiko. Die Duitse konsulaat daar is ook gevra vir inligting oor die toestande in die land. Dit is gemeen dat, ondat die klimaatstoestande in Meksiko en Suidwes-Afrika tot so 'n groot mate ooreen-

---

61) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia: Goewernoeur - Duitse Konsul, Buenos Aires, 5 Aug. 1904, p. 15.
62) Z.B. 1235, N. IV. d. 1. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Generalia : Memorandum van Brauss, Mahn & Co. - Goewernoeur, 26 Okt. 1904, pp.18-19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stom, dieselfde beeste ook in albei gebiede sou aard[63].

Hierdie versameling van inligting het gelei tot die besluit van die Goewerneur om iemand van die „Schutzgebiet, wat kennis gedra het van die werk van 'n koopman sowel as van 'n boer, na Argentinië en Meksiko te stuur om plaaslik ondersoek te gaan instel oor die moontlikhede van die invoer van koeie en verse uit daardie gebiede[64]. Rickmann sowel as Rohrbach was egter daarteen dat onmiddellik 'n besending uit die gebiede ingevoer word weens die gevaar van siektes[65].

Die keuse het op die bekende boer en handelaar Nitzsche geval omdat hy 'n goeie kennis van rasse was. Hy het egter groot waarde daarop gehog dat hy 'n reisgenoot moes hê sodat die verantwoordelikheid nie alles op sy skouers sou rus nie, en vir dié doel is die ou boer en koopman Schmerenbeck gekies om as tweede „Vertrauensmann" die reis mee te maak[66]. Op 12 Desember 1904 is dan 'n formele

---

63) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Goewerneur - Duitse Konsul, Meksiko, 21 Nov. 1904, pp. 1c - 1d.

64) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Goewerneur - Reichs-Kolonialamt, 29 Nov. 1904, p. 1 b.

65) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Aantekeninge deur Rickmann en Rohrbach op 1 Des. en 7 Des. 1904 onderskeidelik, pp. 1w, 1x.

66) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Goewerneur - Reichs-Kolonialamt, 11 Des. 1904, p. 1p.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ooreenkoms tussen die Regering en Nitzsche en Schmerenbeck aangegaan dat hulle met die eerste geleentheid via Kaapstad na Argentinië en Meksiko sou gaan om die aankoops- en tegniese probleme aldaar te gaan bestudeer. Hulle het onderneem om vanaf Argentinië en Meksiko verslae te stuur. Op hul terugreis sou hulle in Duitsland aandoen waar hulle dan voorlopige reëlings met Duitse skeepvaartmaatskappye moes probeer tref vir die vervoer van die beeste vanaf die betrokke gebiede na Suidwes-Afrika. Tydens hulle besoek aan Kaapstad, moes hulle ook ondersoek instel na die mate van invoer wat dié kolonie reeds met die lande van hulle bestemming bedryf het. In die ooreenkoms het die Regering dit ook duidelik gestel dat hy nie die onderneming op die onkoste wou aanpak nie, maar dit aan 'n selfstandige maatskappy sou oorlaat. Hy was egter bereid om so 'n skema finansieel te steun[67].

Daar was egter geen gereelde verkeer tussen Kaapstad en Buenos Aires nie[68]. Die twee afgesante het Swakopmund op 20 Desember verlaat[69]. In Kaapstad kon hulle

---

67) Z.B. 1204, N. I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Ooreenkoms Regering - Nitzsche en Schmerenbeck, 12 Des. 1904, pp. 1s - 2d.

68) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Telegram dr. Jacobs - Goewernour, 5 Des. 1904, p. 1 g.

69) Z.B. 1204, N. I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Goewernour - Duitse Konsul, Kaapstad, 15 Des. 1904, p. 1i.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie veel inligting in die hande kry nie vanweë die feit dat daar nog maar min Argentynse vee ingevoer was. Hulle het egter uitgevind dat die vervoerkoste van die beeste afgehang het van die grootte van die skip waarmee dit vervoer is en van die aantal diere[70].

Hul besoek aan Argentinië het die hele Februarie van 1905 in beslag geneem en met behulp van die Duitse konsul daar het hulle vinnig gevorder met die insameling van gegewens[71]. Hulle het berig dat die Rooiwater in sommige dele geheers het. Na die mening van plaaslike veeartse sou diere uit dié gebiede immuun wees teen die siekte en hulle het dus aanbeveel dat sulke beeste na Suidwes-Afrika ingevoer moes word. Argentinië was baie streng daarop dat geen besmette dier die land sou verlaat nie. Daarom, het hulle gereken, kon die aankoop van die vee met gerustheid in die hande van 'n gevestigde firma oorgelaat word[72].

Na hulle besoek aan Meksiko het Nitzsche en Schmerenbeck met die „Kaiser Wilhelm II" na Bremen in Duitsland vertrek waar hulle op 24 Mei 1905 aangekom het. Oor die

---

70) Z.B. 1204, H. I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse...: Verslag Nitzsche en Schmerenbeck - Goewerneur, 12 Jan. 1905, pp. 4-6.

71) Z.B. 1204, H.I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Verslag Nitzsche - Goewerneur, 22 Junie 1905, p. 33.

72) Z.B. 1204, H. I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Verslag Nitzsche en Schmerenbeck - Goewerneur, 2 Maart 1905, pp. 2o - 2p.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Meksikaanse beeste was hul uitspraak dat dit goed behoort aan te pas in Suidwes-Afrika[73]. Vanuit Duitsland het Nitzsche volledig berig oor hul bevindings in die gebiede wat hulle besoek het.

In Argentinië sou veral die provinsies Buenos Aires, Santa Fé, Entre Rios en Corrientes in aanmerking kom. Die kruising van die inheemse Kreoolse bees met die Shorthorn, Hereford en Aberdeen-Angus het goeie resultate gelewer. Die opvatting dat die Argentynse bees besonder wild was, was verkeerd, het hy berig. Dit was nie wilder as die deursnit Suidwes-bees nie. Dit sou moeilik wees vir iemand wat nie met die plaaslike toestande vertroud was nie om genoeg vee vir uitvoerdoeleindes op te koop. Uitvoer oorsee het ook net plaasgevind deur die hawens Buenos Aires, La Plata en Rosario. Sulke diere was onderhewig aan 'n kwarantyn van altesaam 32 dae en goedkeuring van 'n veearts. Daar was daar ook spesifikasies oor die seevervoer van die diere. Die duur van die reis vanaf Argentinië na Swakopmund kon op 32 tot 40 dae geskat word, het hy gereken[74]. Meksiko het nog geen veesiektewet gehad nie en daar was ook geen kontrole oor moontlike siektes by

---

73) Z.B. 1204, N. I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Nitzsche en Schmerenbeck - Goewernoeur, 30 Mei 1905, p. 15.
74) Z.B. 1204, N. I. g. 3.Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Verslag Nitzsche - Goewernoeur, 15 Junie 1905, pp. 20, 22, 26, 28-29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vee wat uitgevoer is nie[75].

Nadat Nitzsche en Schmerenbeck vroeg in 1906 weer in Suidwes-Afrika teruggekeer het, het hulle in oorleg met dr. Paul Rohrbach en Rickmann 'n aantal aanbevelings gedoen op grond van die inligting wat hulle tydens hul reis versamel het. Hulle was van oordeel dat afgesien moes word van invoer van beeste uit Meksiko en die aandag op Argentinië toegespits moes word, en wel spesifiek op die produk van die kruising tussen die Hereford en die inheemse Kreoolse bees. Die onderneming moes, na hulle mening, deur die Regering alleen aangepak word aangesien dit iets in algemene belang sou wees[76].

Die gevolge van dié ondersoekingsreis was nie groot van omvang nie. In Junie 1906 het die firma Brauss, Mahne & Co. van Buenos Aires twee jong bulle van die Shorthornras na die kolonie verskeep. Dit moes dien as advertensie en proefneming[77]. Die diere het in goeie toestand in die kolonie aangekom en dit is besluit om die een in die streek Windhoek te benut en die ander tot die beskikking van die

---

75) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Verslag Nitzsche - Goewerneur, 22 Junie 1905, p. 44.

76) Z.B. 1204, N. I. g. 3. Tierzucht, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse ...: Verslag Nitzsche, Schmerenbeck, Rohrbach, Rickmann - Goewerneur, 15 Feb. 1906, pp. 81-82, 85.

77) Z.B. 1235, N. IV. d. 2. Rinderzucht, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Specialia: Brauss, Mahne & Co. - Goewerneur, 14 Junie 1906, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kleinboere by Osona, naby Okahandja, te stel[78]. Die enigste ander besending wat vanaf Argentinië na Suidwes-Afrika gekom het, was 'n troppie van 100 koeie. 'n Groot gedeelte daarvan het egter kort na hulle aankoms in die gebied aan die Rooiwater gevrek[79].

As gevolg van die feit dat daar wel beeste vanaf Argentinië ingevoer is, het die Duitse Regering van die kolonie gemeen om tegelykertyd ook inligting te versamel omtrent die wyse waarop die beesplase in dié land ingerig was. Die metode wat daar in gebruik was, het neergekom op 'n stelsel van krale waardeur die beeste op praktiese wyse gesorteer kon word met 'n doeltreffende gang vir die doel van enting[80]. Op die plaas Johannes Albrechtshöhe is dié stelsel egter alreeds op vereenvoudigde wyse toegepas. Leipziger, die hoof van die Gammansproefstasie, het opgemerk dat dit nie nodig was dat so 'n stelsel in Suidwes-Afrika verpligtend gemaak hoef te word nie aangesien die beeste in Suidwes-Afrika nie so wild was as dié in Suid-Amerika nie. Die beeste van die kolonie het ook baie langer horings as in Argentinië gehad en dit sou in

---

78) Z.B. 1235, N.IV. d. 2.Rinderzucht,Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, Specialia: Goewerneur - Brauss, Mahne & Co., 31 Julie 1906, p. 3.
79) Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1 Okt.1912: "Denkschrift über die Rinderzucht des deutsch-südwestafrikanischen Schutzgebiets", pp. 87-91.
80) Z.B. 1195, N. I. a.1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia: Verslag Duitse Konsul, Buenos Aires - Goewerneur, 16 Sept. 1906, p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die drukgang baie besering veroorsaak [81].

Die eintlike oogmerk met die invoer van beeste uit Argentinië, namlik die aanvulling van die vleistekort in die „Schutzgebiet", is dus gladnie bereik nie in weerwil van al die moeite wat in belang daarvan gedoen was. Die kolonie het egter tog gebaat by die nuwe kennis omtrent die boerdery wat daar opgedoen is. Dit was ook vir hulle 'n leerskool in die oorsese en internasionale handel wat beslis van nut was in hulle verdere onderhandelings met Duitsland en ander lande. Hulle sou daarna nie weer so maklik ernstig dink aan ander soortgelyke ondernemings nie. Gedurende 1913-1914 was daar 'n sterk agitasie ter ondersteuning van die invoer van beeste uit Australië na Suidwes-Afrika, maar die Regering was nie bereid om hulle aan soiets te waag nie, temeer omdat die siektegevaar ook 'n gelangrike rol gespeel het [82].

Hoewel die eerste oogmerk met die invoer van beeste was om die getalle te vermeerder, het die praktyk egter geleer dat so 'n beskouing ongegrond was. Dit was so dat die meeste beeste in die hande van die inboorlinge was,

---

81) Z.B. 1195, N. I. a. 1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia: Memorandum Leipziger - Goewerneur, 28 Jan. 1907, pp. 61-62.

82) Vgl. Z.B. 1297, O. I. 1. 1.Tierheilwesen, Grenzsperren, Einfuhr -verbot gegen andere Länder, Generalia: Wolfgang Schmidt - Goewerneur, 15 Aug. 1913, p. 5, W. Schmidt - Reichs-Kolonialamt, 31 Maart 1914, pp.36-38.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat gewoonweg moeilik daarvan afstand gedoen het. Tog sou die invoer van beeste baie moeilik op so 'n groot skaal kon geskied dat dit die tekort aan diere by die blankes sou aanvul. Die vernaanste en makliksto manier om die troepe te vermeerder sou bloot deur aanteling wees en dit was een van die belangriksto redes waarom in later jare feitlik uitsluitlik bulle ingevoer is.

Die gedagte het mettertyd gegroei om opregte stoetbeeste in te voer met die oog op verbetering van die teelt. Die belangriksto gebied wat vir hierdie doel in aanmerking gekom het, was die vaderland, Duitsland. Dit is verstaanbaar dat die getal beeste wat uitsluitlik vir teeltverbetering van oorsee ingevoer is, heelwat minder in getal was as dié wat bloot vir aanteling ingevoer is. Dit was so as gevolg van die veel hoër onkoste wat verbonde was aan so 'n onderneming. Met die welgestelde en vooruitstrewende boere kon dus aan so-iets dink. Die Regering van die kolonie het in dié verband op verskeie maniere aan boere hulp verleen om sodoende die teling van goeie beeste te bevorder.

1893 was die eerste jaar waarin stoetbeeste van oorsee na Suidwes-Afrika ingevoer is[83]. Die Regering het self een bul en een kooi van die Simmentaler-ras ingevoer, Nitzsche een bul van dié ras en die handelaar-boer Boysen een

---

83) Majoor Curt von Francois gee die jaartal aan as 1892, vgl. Windhuker Nachrichten, 23 Sept. 1908.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Shorthorn-bul vanaf Seeland[84]. 'n Stelsel is in die lewe geroep waardeur die ingevoerde stoetbulle van die Regering aan boere uitgeleen is vir bepaalde tydperke[85]. Soos in die geval van die beeste-invoer uit gebiede in Suidelike Afrika, is die invoer van Stoetbeeste van oorsee ook deur die Wohlfahrtslotterie ondersteun[86].

Die invoer van stoetbeeste uit Duitsland het met ongereelde tussenposes voortgegaan. Die Runderpes het die binnekoms van alle beeste egter vir 'n aantal jare stopgesit. Gedurende die jaar April 1900 tot Maart 1901 het die Regering egter weer vyf Simmentaler-bulle ingevoer. Een daarvanvan is op see dood en weens die nog heersende Runderpes kon die res van die diere nie onder die boere verdeel word nie[87].

Aan die einde van 1901 is bepaal dat by die invoer van beeste sertifikate getoon moes word om te bewys dat die beeste nie afkomstig was van 'n plek waar 'n siekte geheers het nie en dat hulle onderweg nie met siek beeste in aanraking was nie. Beeste wat uit Europe ingevoer is, moes

---

84) Z.B. 148, A. VI. a. 3. Jahresberichte 1898-1900: Jaarverslag Referent für Tierzucht und Veterinärwesen, 20 Julie 1900, pp. 297-298.
85) Z.B. 1195, N. I. a. 1. Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia: Bekanntmachung, 3 Sept. 1898, p.42.
86) Z.B. 1206, N. I. i. 1. Tierzucht, Unterstützung der Viehzucht ...: Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 7 Okt. 1900, p. 1.
87) Z.B. 149, A. VI. a. 3. (tweede lêer) Jahresberichte 1900-02: Jaarverslag Referent für Tierzucht und Veterinärwesen, 10 Julie 1901, pp. 349, 351.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook teen Tuberkulose ingeënt word[88]. Daar is dus strenge maatreëls getref teen die binnekoms van veesiektes deur ingevoerde vee. Aan die veeartse van die kolonie is ook duidelike instruksies gegee hoe om op te tree in die geval van ingevoerde stoetbeeste. Regeringshulp aan boere wat uit hulle eie beeste vir teeldoeleindes uit Duitsland ingevoer het, het bestaan uit vrye vervoer per skip vanaf Hamburg tot in Swakopmund of Lüderitzbucht[89].

Gedurende 1903-1904 is weer 'n Simmentaler-bul, vyf -verse en 'n Pinzgauer-bul deur die Regering ingevoer[90]. Dit het almeer geblyk dat dié twee rasse die geskiksto was vir die verbetering van die beesstapel van die kolonie. Aanvanklik is die fout egter begaan om uitgegroeide bulle in te voer wat nie so maklik kon aanpas by die nuwe omstandighede nie. Later is met jonger diere veel meer sukses behaal[91].

In 1904 het die groot Herero- en Nama-opstande uitge-

---

88) Z.B. 1289, O. I. d. 1. Tierheilwesen, Gesetzgebung im Schutzgebiet, Generalia: Verordnung, 24 Des. 1901, pp. 125-126.

89) Z.B. 1300, O. II. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Instruksies oor die organisasie van die veeartsenydiens, 1 Okt. 1903, pp. 48-50.

90) Z.B. 151, A. VI. a. 3. Jahresberichte 1903-04: Jaarverslag Referent für Tierzucht und Veterinärwesen 1903-04, p. 36.

91) Z.B. 1195, N. I. a. 1. (tweede lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia: Uittreksel uit Kolbe, F.: Jahrbuch für wissenschaftliche und praktische Tierzucht 1911, p. 29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

breek. Duitse boere is vermoor en plase is geplunder en daarmee het heelwat van die stoetbeeste wat aan boere uitgehuur was, verdwyn. Die opstande het die bietjie wat tot op daardie stadium tot stand gebring was, heeltemal vernietig. Die toestand het weer dié geword van 'n ordelose deurmekaarspul van alle soorte beeste. Teen die begin van 1905 het sommige boere egter weer na hulle plase teruggekeer. Van Europa is weer twaalf Simmentaler-bulle, drie -koeie en twingtig -verse, twee Pinzgauer-bulle en drie -verse en dertig Allgäuer-verse ingevoer. Die boere het hulle beste ling aan die Regering gegee saam met 'n bepaalde bedrag kontantgeld. Die Koloniale Afdeling van die Buitelandse Departement in Berlyn het dit dan aan deskundiges opgedra om die diere aan te koop, teen Tuberkulose te laat ent en na die „Schutzgebiet" te verskeep[92].

Gedurende die daaropvolgende jare is voortgegaan met die invoer van veral Simmentaler- en Pinzgauer-stoetbeeste. Die beeste was egter nie altyd van bevredigende gehalte nie, soos onder andere die geval met die 1906-besending was[93]. Die seevervoer van die stoetbeeste vanaf Duitsland na Suidwes-Afrika het aanvanklik heelwat probleme opgelewer. Die

---

92) Z.B. 152, A. VI. a. 3. Jahresberichte 1904-05: Algemene Jaarverslag 1904 - 05, pp. 362-363.
93) Z.B. 1231, N. IV. b.1. Rinderzucht, Einfuhr von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Generalia: Goewerneur - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 11 Julie 1906 (brief nie afgestuur nie), p.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diere is gewoonlik net na die Europese winter verskeep en het dan dikwels hewige storms op see deurgemaak wanrtydens daar dikwels beserings voorgekom het. Die swaar Simmentalers kon ook moeilik die hele seereis lank op hulle bene bly staan.

Om dié probleme te bowe te kom, het die Hamburgse veearts, Oskar Trautmann, aan die hand gedoen dat die beeste gedurende die Europese somer verskeep moes word wanneer die see rustiger is. Tydens die droë maande in Suidwes-Afrika - Junie tot September - was daar ook minder veesiektes en kon die diere makliker aanpas by die nuwe omstandighede. Verder het hy ook aanbeveel dat net diere tussen een en een en 'n half jaar ouderdom ingevoer moes word, want daarná het die Simmentaler te swaar geword vir die lang seereis[94].

Dr. ... Schultz, wat 'n besoek van twee maande aan die kolonie gebring het, was egter van mening dat Desember die geskikste tyd sou wees om die diere in Duitsland te verskeep omdat November die stormagtigste maand is. As hulle dan teen die einde van Desember of begin Januarie in die gebied aanland, kon hulle gou weer groen weiding kry. My

---

94) Z.B. 1231, N. IV. b. 1.Rinderzucht, Einfuhr ... von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Generalia: Trautmann - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 11 Maart 1908, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het ook gemeen dat dit beter sou wees indien 'n boer in plaas van 'n veearts saam met die diere kon reis, aangesien die vernaamste werk aan boord die versorging van die diere was[95].

By die invoer van Duitse stoetbeeste was dit die verklaarde beleid van die kolonie se Regering om regeringshulp te beperk tot minder-gegoede boere wat Duitse burgers was. Die boere van Karibib het die Regering egter versoek om af te sien van dié beleid aangesien sulke boere in elk geval nie daarom kon dink om diere uit Duitsland in te voer nie[96]. Die gevolg was dat besluit is om sodanige hulp aan alle boere wat Duitse onderdane was, waar moontlik te verleen[97].

Dit was nog steeds die gebruik dat die bestellings van die boere in Duitsland deur die Koloniale Afdeling self behartig is. Die kolonisté het egter gevoel dat dit nie die doeltreffendste metode was nie en dat die taak liewer aan 'n liggaam opgedra moes word wat direk met die dinge te doen het en wat werklik op hoogte van sake was. Die Deutsche

---

95) Z.B. 1196, N. I. b. 1.Tierzucht, Einfuhr ... von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Reisverslag deur dr. Schultz, 2 Sept. 1908, pp. 60-63.
96) Z.B. 1196, N. I. b. 1.Tierzucht, Einfuhr... von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Boerevereniging Karibib - Goewernoeur, 27 Mei 1908, p. 36, en Junker - Goewernoeur, 8 Junie 1908, p. 22.
97) Z.B. 1196, N. I. b. 1.Tierzucht, Einfuhr ... von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Goewernoeur - Boerevereniging Karibib, 27 Julie 1908, p. 37.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Landwirtschafts-Gesellschaft het hom in 1909 daartoe bereid verklaar en dan ook persoonlik toegesien dat die afsonderlike bestellings uitgevoer word. Vir die seevervoer is gebruik gemaak van die Duitse skeepvaartsmaatskappy Woermann und Brock wat 'n gereelde diens tussen Hamburg en Duits-Suidwes-Afrika gehad het[98].

Nadat hulle die stoetvee-bestellings vir 1908-09 uitgevoer het, het die Deutsche Landwirtschaft-Gesellschaft 'n uitvoerige verslag oor die besending aan die owerhede in Duitsland gestuur. Die hoë koste verbonde aan diere uit die Wesermarsch, in die noorde van Duitsland, was te wyte aan die hoë vragkoste na Hamburg en koste verbonde aan inenting teen Tuberkulose. Daarby het die kalftyd in die Wesermarsch meestal in die Europese herfs geval, dit wil sê vanaf September tot November. Dit was dus moeilik om in Maart, wanneer die diere verskeep is, eenjarige kalwers te verkry. Die beste was gevolglik feitlik almal ouer as een jaar.

Die besending van 1909 is in Mei te Hamburg aan boord die „Erna Woermann" geladi en op die skip is die diere gehuisves in stewige stalle in die voor- en die agterstewe. Drie persone, naamlik 'n veearts en twee oppassers soos deur

---

98) Z.B. 1231, N. IV. b. 1.Rinderzucht, Einfuhr ...von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Generalia: Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt - Goewerneur, 24 April 1909, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Duitse Regering bepaal, het die besending vergesel.

In Duitsland het die verskillende stamstoetverenigings die Deutsche Landwirtschafts-Gesselschaft ingelig omtrent die beste tye om diere aan te koop. Dit het baie gewissel. In die Wesermarsch met Oldenburg as sentrale punt het Augustus en September as die beste maande gegeld, in Oos-Friesland noord van die Wesermarsch weer Januarie tot Mei, in die gebied van die Wiesbacher Verband Oktober tot Januarie en in Oos-Pruise April tot Junie. Vir bulle en verse het die tye ook weer gewissel. Die pryse van die diere in Duitsland het gewissel vanaf 450-800 Mark vir 'n bul of koei en goeie bulle was so duur as 1000 Mark.

Die organisasie wat verantwoordelik was vir die byeenbring van die aangekoopte stoetbeeste in Hamburg, het 'n sleutelposisie in die hele proses ingenoem. Daardeur is die vee op bekwame wyse en sonder veel omslagtigheid en koste na die hawestad gebring. Die organiseerder van hierdie deel van die skema sowel as die Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft was van mening dat die Ryksregering daaraan 'n amptelike beslag moes gee [99].

Dernburg, die Sekretaris van die Duitse Ryk, het nou-

---

99) Z.B. 1196, N. I. b. 1.Tierzucht, Einfuhr ... von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Verslag Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft - Reichssekretär, 29 Mei 1909, pp. 68-72.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

keurig ondersoek na die saak laat instel en ook die Suidwes-Afrikaanse Goewerneur omtrent sy mening oor die stoetveebesending van 1909 gevra. Hyself was van oordeel dat die pryse van die beeste uit die Wesermarch te hoog was. Hy vra ook aan die Goewerneur of dié nie reken dat daar eers voorlopig gewag moes word met die invoer van duur en heeltemal opregte diere nie en vireers op 'n goeie middelklas gekonsentreer moes word nie. Ten slotte het hy Schultz se voorstel, dat die diere voor die Europese somer verskeep moes word, gedeel [100].

Nadat die vee in die „Schutzgebiet" aangekom het, het die Goewerneur aan Berlyn berig dat die Wesermarsch-beeste na die regeringsplaas Friedrichsfelde naby Karibib gebring is, dat hulle van besonder goeie gehalte en geskik vir teelt was. Hy het egter geen kommentaar gelewer op die prys van die diere nie [101]. Reeds teen Desember 1909 was elf van die Oldenburger-verse verkoop teen 'n totale prys van 3590 Mark [102].

Nadat die stoetveebesending van 1909 in Duitsland sowel as in die Kolonie ondersoek en beoordeel is, het die

---

100) Z.B. 1196, N. I. b. 1. Tierzucht, Einfuhr ...von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Reichssekretär - Goewerneur, 18 Junie 1909, pp. 66-67.
101) Z.B. 1196 N. I. b. 1. Tierzucht, Einfuhr ...von Zuchttieren durch den Staat, Generalia: Goewerneur - Reichssekretär, 10 Aug. 1909, pp. 76-77.
102) Z.B. 2378 Akten betr. Einführung von Zuchttieren: Streckshoof Karibib - Goewerneur, 7 Des. 1909.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Regering van die kolonie besluit om met hernude ywer voort te gaan om stoetbeeste uit Duitsland in te voer. In Augustus daardie jaar het die Goewerneur dit dus bekend gemaak dat die Regering van plan was om 'n verdere groot bestelling bulle en verse uit Duitsland aan te koop om sodoende die veeteelt van die land aan te help. Boere wat belanggestel het, is gevra om hulle bestellings deur die betrokke Distriks- en Streekshoofde in te handig[103].

Teen April 1910 was daar gevolglik weereens 'n groot besending stoetbeeste uit Duitsland op pad na Suidwes-Afrika[104]. Dit het bestaan uit sewe Fries-beeste, sewe Simmentalers, twee Pinzgauers, drie Algäuers en 40 Oldenburger-beeste uit die Weservarsch[105], dus altesaam 59 stuks. Daarvan is een Oldenburger-stoetbul en 15 -verse, wat gesamentlik 'n waarde van 9207.39 Mark (R1566) gehad het, na Friedrichsfelde geneem met die oog op die oprigting van 'n stamstoetery[106].

Die stoetveetransport het só voorspoedig verloop dat

---

106) Z.B. 1236, H. IV. f. 1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia: Goewerneur - Goewernements-Hauptkasse, 7 Julie 1910, p.1.

103) Z.B. 2378 Akten betr. Einführung von Zuchttieren: Bekanntmachung, 19 Aug. 1909, p. 85.

104) Z.B. 2378 Akten betr. Einführung von Zuchttieren: Beschaffungsstelle für die Schutzgebiete, Berlyn - Goewerneur, 25 April 1910, p. 174.

105) Reichs-Kolonialamt: Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee, 1910-11, amtliche Jahresberichte, Erster Teil, pp. 50-51.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Regering in Julie 1910 weer 'n soortgelyke onderneming gelanseer het. Hierdie keer moes die besteller presies aandui watter tipe dier hy verlang en reeds by die aankoop sou elke dier aan 'n besondere besteller toegesê word, wat dan verplig sou wees om dit te aanvaar. Die Regering van die kolonie het die risiko gedra vanaf die aankoop totdat dit in die kolonie afgelewer is. Swakopmund, Karibib, Okahandja, Windhoek, Lüderitzbucht, Aus en Keetmanshoop is aangewys as die plekke van aflewering. Die koste van die seereis vanaf Hamburg tot in een van die twee Duits-Suidwes-Afrikaanse hawens is deur die Regering gedra, terwyl die besteller verantwoordelik was vir die onkoste totdat die dier in Hamburg op die skip was en nadat dit op Suidwes-Afrikaanse bodem aangeland het[107]. Dié besending, waaronder 28 regeringsbeeste van die Simmentaler- en Pinzgauer-rasse, het vroeg in 1911 in Suidwes-Afrika aangekom[108].

Gedurende 1911 het die stoetvee-invoer uit Duitsland egter ook op die struikelblok van veesiektes gestuit. In Augustus van dieselfde jaar het die Koloniale Afdeling in Berlyn aan die Goewerneur te Windhoek berig dat die Bek-

---

107) Amtsblatt, 15 Julie 1910: Bekanntmachung, 3 Julie 1910, pp. 69-70.
108) Z.B. 1236, N. IV. f. 1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia: Goeverneur - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 9 Nov. 1910, p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en Klouseer in Duitsland en in ander lande van Europa uitgebreek het. Hy is derhalwe versoek om alle invoer van stoetvee uit Europa stop te sit tot tyd en wyl die siekte daar uitgewis was[109]. Dit is in November gedoen, hoewel die Goewerneur hom die reg voorbehou het om na goeddunke uitsonderings toe te laat[110]. Die direkte gevolg daarvan was dat 'n bestelling van 120 diere gekanselleer moes word[111]. Die verbod op invoer sou vir 'n jaar lank van krag bly.

In Julie 1912 het daar weer goeie nuus vir die beesteelers van die kolonie gekom. Die Goewerneur is in kennis gestel dat die verbod op die invoer van stoetvee uit Duitsland weer opgehef kon word onderhewig aan bepaalde voorsorgmaatreëls en regulasies[112]. Op 1 September is dié bepalings in 'n amptelike kennisgewing afgekondig en uitengesit. Invoer uit Duitsland sou weer moontlik wees vanaf die begin van 1913. Belangstellendes is ook gewaarsku dat dit in hulle voordeel sou wees om hulle bestellings vroegtydig te plaas aangesien die tarief vir die

---

109) Z.B. 1322, O. III. i. 1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Maul- und Klauenseuche, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 23 Aug. 1911, p. 3.
110) Amtsblatt, 1 Des. 1911: Verordnung, 24 Nov. 1911, p.24.
111) Z.B. 159, A. VI. a. 3. (eerste lêer) Jahresberichte 1910-11: Algemene Jaarverslag 1910-11, p. 92.
112) Z.B. 1232, H. IV. b. 4.(eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr... von reinrassigen europäischen Zuchttiere Bestellung 1912-13: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 12 Julie 1912, p. 30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seevervoer van stoetvee vanaf 1 April 1913 verhoog sou word. Persone wat bestellings wou plaas, moes dit skriftelik doen en vermeld watter ras, kleur, geslag en ouderdom bees hulle verlang. Hulle moes ook aandui of hulle vleis- of melkbeeste wou hê, en wat die hoogste prys was wat hulle bereid was om te betaal. Die bestoller sou dan verplig wees om die dier wat aan hom toegewys word, oor te neem sonder enige eis om skadevergoeding.

Die Regering sou die risiko dra van ongevalle tussen die datums van aankoop en aflewering en sou ook die koste verbonde aan die seetransport, versekering op see, versorging van die diere en die landing te Swakopmund of Lüderitzbucht op hom neem. Die plekke van aflewering was Swakopmund, Karibib, Otjiwarongo, Grootfontein, Okahandja,, Windhoek, Lüderitzbucht , Keetmanshoop, Gibeon en Rehoboth. Dit was teen hierdie tyd al moontlik om Gibeon en Rehoboth ook per spoor te bereik. Die onkoste waarvoor die bestoller dan verantwoordelik sou wees, was die koopsom, vervoer- en versorgingskoste tot aan boord skip in Hamburg en die vervoerkoste vanaf Swakopmund of Lüderitzbucht na die betrokke plek van aflewering. As waarborg moes elke bestoller vooruit 'n som geld aan die Regering betaal wat na berekening sy eie onkoste aan die transaksie sou dek. Dié som is bereken teen 900 Mark(R153) per bul, 500 Mark (R85) per koei en 400 Mark (R68) per vers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien die bestoller sy beeste nie binne 'n week na hulle aankoms op die plek van aflewering kom afhaal nie, kon die Regering dit aan die hoogste bieder verkoop en die verskil tussen die onkoste en die verkoopsprys moes dan deur die bestoller vergoed word[113].

Dit was egter nog nodig om strenge voorsorgmaatreëls teen die binnekoms van veesiektes te tref. Om dus te verhoed dat stoetvee siektes inbring, moes die beeste vergesel wees van gesondheidsertifikate wat 'n voorafgaande tydperk van agt maande gedek het. In Hamburg moes hulle onderworp word aan 'n tweeweekse kwarantyn en in die hawe van invoer, wat uiteindelik beperk is tot Swakopmund, weer 'n verdere vierweekse kwarantyn[114]. Op Swakopmund is daar in Januarie 1913 'n kwarantynstasie opgerig waar die stoetdiere ondersoek en behandel kon word[115].

Hierdie nuwe geleentheid om stoetvee in te voer is gretiglik deur beide Regering en boere aangegryp. Teen Februarie 1913 is die eerste besending reeds uit Hamburg verskeep wat bestaan het uit 44 beeste en 120 skape[116].

---

113) Amtsblatt, 15 Sept. 1912: Bekanntmachung, 1 Sept. 1912, pp. 355-356.
114) Amtsblatt, 1 Jan. 1913: Bekanntmachung, 27 Des. 1912, pp. 1-2.
115) Z.B. 1301, O. II. b. 4. Organisation des Veterinärdienstes, Quarantänestationen in Swakopmund: Hafenamt - Goewerneur, 15 Jan. 1913, p. 12.
116) Z.B. 1232, N. IV. b. 4. (eerste lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Bestellung 1912-13: Telegram Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 22 Feb. 1913 (datum van ontvangs), p.171.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sommer nog die volgende maand was 'n tweede besending stoot-vee op pad wa ronder soveel as 82 beeste, waarvan 30 bulle was en 52 verse [117]. Daar is ten opsigte van hierdie twee besendings spesiale moeite gedoen om seker te maak dat hulle absoluut sonder siekte was. In Maart 1913 het dr. Neumann, 'n veedeskundige van Duitsland, na die kolonie gereis om na die diere te kyk en om 'n algemene studie te maak van die hele aangeleentheid van stootvee-invoer uit Duitsland [118].

Hoofveearts Henning het die eerste besending besigtig en was heeltemal tevrede met die toestand van die diere [119]. Die tweede besending, wat op 14 April in Swakopmund aangekom het [120], het egter heelwat reperkussies onder die veeartsenyskundiges van die kolonie gehad as gevolg van Tuberkulose-verdag. Die hantering van die groot aantal bulle het 'n probleem opgelewer as gevolg van hulle boos aardigheid. Dit is dus aanbeveel dat bulle wat in die

---

117) Z.B. 1232, N. IV. b. 4. (tweede lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Bestellung 1912-13: Verslag deur dr. Günter - Goewerneur, 22 Mei 1913, p. 169.

118) Z.B. 1230, N. IV. a. 2. Rinderzucht, Förderung der Rinderzucht, Specialia: dr. Neumann - Goewerneur, 27 Feb. 1913, p. 8.

119) Z.B. 1232, N. IV. b. 4. (tweede lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Bestellung 1912 - 13: Verslag deur Henning - Goewerneur, 18 April 1913, pp. 57-59.

120) Z.B. 1232, N. IV. b. 4. (tweede lêer) Rinderzucht, Einfuhr ... von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Bestellung 1912-13: Henning - Goewerneur, 17 April 1913, p. 60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toekoms ingevoer sou word, reeds in Duitsland van neusringe voorsien moes word[121].

Tot dusver het die Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft die bestellings vir Suidwes-Afrika in Duitsland uitgevoer. Op hierdie stadium het dit egter so 'n groot omvang aangeneem dat die liggaam nie langer meer kans gesien het om die werk te doen nie, aangesien dit in die eerste plek bestaan het om die landbou en veeteelt van Duitsland self te bevorder[122].

In Mei 1914 is 'n verder stoetveebestelling van stapel gestuur[123]. Dit het egter geblyk dat die besendings van 1913 die laaste was wat onder Duitse bestuur na die „Schutzgebiet" gebring is. Op 11 Augustus 1914 moes die Goewerneur bekend maak dat die bestelling van 1914 weens die politieke toestande nie uitgevoer sou kon word nie en dat die deposito's weer aan die bestellers terugbetaal sou word[124].

Wat die invoer van beeste betref, blyk dit dus dat die Regering van Suidwes-Afrika ywerige pogings aangewend het om die beesstapel op dié wyse op te bou. Dit was ook

---

121) Z.B. 1232, N. IV. b. 4. (tweede lêer) Rinderzucht, Einfuhr ...von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Bestellung 1912-13: Verslag deur dr. Günter - Goewerneur, 22 Mei 1913, p. 169.

122) Z.B. 1231, N. IV. b. 1. Rinderzucht, Einfuhr ...von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 24 April 1914, p.42.

123) Amtsblatt, 15 Mei 1914: Bekanntmachung, 2 Mei 1914, pp. 189-190.

124) Amtsblatt, 15 Aug. 1914: Bekanntmachung, 11 Aug 1914, p. 336.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uiters nodig aangesien die beestetelt van die land gedurende die laatste helfte van die negentiende eeu met rasse skrede agteruitgegaan het. Wanneer die pionierstoestande in die kolonie in ag geneem word, verdien die pogings tot beeste-invoer wat wel aangewend is, 'n hoë mate van lof.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III

POGINGS OM DIE BEESTEELT IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA TE VERBETER.

Geeneen van die inheemse beesrasse van Suidwes-Afrika het voldoen aan die vereistes van 'n goeie slag- of melkbees nie. Hoewel baie beeste by tye uit die land geneem en elders verkoop is, het hulle nooit die erkende rasse van die betrokke gebiede in prys of kwaliteit oortref nie. Op buitelandse markte was die beeste uit Suidwes-Afrika hoogstens 'n goedkoop slagdier. Die beesstapel van die gebied het ook so kwaai afgeneem dat, toe die land beset is deur 'n blanke regering en blanke koloniste, hulle dadelik besef het dat besondere moeite gedoen moes word om die beesteelt te bevorder. Dit kon gedoen word deur goeie beeste van buite in te voer en dan die binnelandse rasse daarmee te verbeter. Die basis van die teelt het dus nog die inheemse troppe gebly.

Om die omvang van die taak van die Duitse Regering en boere te begryp moet die toestande wat in die gebied geheers het, in ag geneem word. Die naturellebeeste was van 'n swak gehalte en van doelgerigte teelt in die kolonie was daar geen sprake nie. Daarom was die beestroppe op die plase baie deurmekaar [1]. Die naturelle was nie bedag op die verbetering van hulle diere nie, maar op die vermeerdering daarvan. Die mening is selfs uitgesprook dat die

---

1) Blumhagen, H.: Südafrika, p. 90

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

„liederliche Eingeborenenwirtschaft" stopgesit moes word en die inboorlingbeeste aan die blankes gegee word sodat die inboorlinge self verplig sou wees om as arbeiders handewerk te verrig[2]. Die toestand het inteelt in die hand gewerk. 'n Beplande boerdery sou geld kos en in 'n land van soveel onsekerheid was 'n duur onderneming maar altyd 'n waagstuk. Dit was die stand van sake nog vir 'n hele aantal jare ná 1884.

Veesiektes en opstande het die boerdery bemoeilik, maar die Runderpes het, benewens sy vernietigende uitwerking, ook 'n voordeel vir die land se beesstapel meegebring. Dit was alleen sterk en gesonde beeste wat die siekte kon deurstaan en die gevolg was dat die swak, nuttelose diere uit die weg geruim is. Die beesstapel ná die pes was dus oor die algemeen van beter gehalte as voorheen[3]. Daar het ook reeds sedert die koms van die Basters na Suidwes-Afrika 'n heilsame vernuwing van bloed plaasgevind deur die vermenging van die inheemse rasse met die Afrikanerbees. Rickmann het die verskynsel dat die suidelike beeste groter was as die noordelike beeste toegeskryf aan hierdie invloed van die Afrikanerbees[4].

Aangesien die noordelike gebiede van Suidwes-Afrika

---

2) Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung, 20 Nov. 1901 : Artikel : „Muttervieh".
3) Z.B. 147, A. VI. a. 3 (eerste lêer) Jahresberichte 1896 - 98: Algemene Jaarverslag 1897 - 98, p. 239.
4) Fischer, K.: Ein offenes Wort aus Deutsch-Südwest, p. 10; Leutwein, Th.: Elf Jahr Gouverneur, p. 350.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baie meer afgesonderd was van die beesgebiede suid van die Grootrivier, is dit verstaanbaar dat die Ovambo-bees die langste suiwer sou bly en die Nama-bees die gouste as ras sou verdwyn. Die Rynse sendelinge het probeer om veral die Nama op te hef deur onder andere aan hom beter boerdery-metodes te leer. Dit sou meebring dat die volk vaster van woonplek sou word en dus beter geestelik bearbei sou kon word. Hoewel die sendelinge die Nama wou leer om akkerbou te beoefen het hulle gou gesien dat die geaardheid van die streek hom nie daartoe leen nie. Pogings om die beesboerdery by hulle aan te moedig en te verbeter het ook bitter min vrug afgewerp[5].

Van die vier rasse wat in Suidwes-Afrika aanwesig was toe Duitsland die kolonie in besit geneem het, was die Afrikanerbees by verre die beste ontwikkel. Die Basters het met Afrikanerbeeste geboer en die Boere wat hulle in die Duitse kolonie kom vestig het, het ook hulle Afrikanerbeeste saamgebring. Ook die Duitsers het 'n hoë dunk van hierdie bees gehad. Verantwoordelike regeringsamptenare was die mening toegedaan dat daar weinig te verbeter was aan die Rooi-Afrikaner: hy het 'n goeie gewig gehad as trek- en slagdier, en het 'n harde konstitusie, goeie temperament, redelike melkproduksie en goeie ooerwingsresultate getoon.

---

5) Vgl. Vedder, H.: Quellen VI (ii), Berichte von Missionar F. Judt, Hoachanas: Bericht, 25 April 1901, p. 276.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die mening is uitgespreek dat dié bees nie deur nuwe bloed uit die buiteland verbeter sou kon word nie, behalwe dat sy melkproduksie miskien ietwat verhoog sou word [6].

Die Regering was egter daarop bedag om 'n diesoortige en vooruitstrewende beesteelt in die kolonie te bevorder. Terwyl hulle dus die waarde van die Afrikanerbees erken en die invoer daarvan bevorder het, het hulle ook aandag gegee aan die verbetering van die inheemse rasse deur die invoer van stoetbeeste uit Europa. Die doel met dié invoer was om die stoetbulle teen 'n vasgestelde tarief aan die beesboere van die gebied uit te leen. 'n Boer wat so 'n bul geleen het, het hom vir 'n maand onder sy koeie gehou en hom dan weer aan die owerhede terugbesorg. Hoewel dinge soos die Witbooi-opstande en die Rinderpes van die negentigerjare toestande baie bemoeilik het, kon die uitleenstelsel teen 1898 reeds in werking tree. Die koste om 'n dier vir die tydperk van een maand te huur was 25 mark (R4.20) vir 'n oprogte Duitse, Switserse of Engelse bul 6 Mark (R1.02) vir 'n Afrikanerbul. Aansoekevir die huur van stoetdiere moes aan die betrokke Streekshoofde gerig word [7].

Aanvanklik het die invoer van stoetbulle uit die

---

6) Z.B. 1195, N.I.a.1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Memorandum oor Veeteelt deur die Gestüdirektor, von Clavé, waarskynlik 1903.
7) Z.B. 1195, N.I.a.1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Bekanntmachung, 3 Sept. 1899, p. 42.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

buiteland nie volgens 'n vaste plan geskied nie. Die blankes wat Suidwes-Afrika bewoon het, was grotendeels koloniste uit Duitsland. Die owerhede was ook uitsluitlik uit Duitsland self afkomstig. Die mense wat met die amptelike pogings ter verbetering van die beesboerdery te doen gehad het, was dus mense wat grootgeword en ervaring opgedoen het onder heeltemal ander omstandighede as dié in die Wes-Afrikaanse kolonie. Hoewel die Afrikaner-Boere uit die Suid-Afrikaanse gebiede nie veel kontak met die Duitser gehad het nie, het hulle beesboerdery, en tot 'n mate ook dié van die Basters, aan die Duitse koloniseerders getoon dat die inheemse beesrasse en by uitstek die Afrikanerbees, die basis moes uitmaak van 'n suksesvolle beesbedryf in die kolonie.

Van hulle kant af het die Duitsers weer al hul vermoëns ingespan om 'n geskikte oorsese beesras te vind wat met die grootste mate van sukses met die inheemse beeste gekruis kon word. Die eerste pogings was dus in 'n sekere sin maar voelers wat in verskeie rigtings uitgestuur was.

Soos in die geval van die beeste-invoer uit gebiede in suidelike Afrika, is die invoer van stoetbeeste van oorsee ook deur die Wohlfahrtslotterie onderstoun[8].

---

8) Z.B. 1206, N.I.i.1 Tierzucht, Unterstützung der Viehzucht ...., Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewernour, 7 Okt. 1900, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen 1900 was dit al moontlik om resultate waar te neem van die eerste pogings tot kruisteelt in Suidwes-Afrika. Die Shorthorns wat deur Boysen ingevoer was, het bevredigende resultate gelewer in die sentrale deel van die „Schutzgebiet". 'n Sekere Tew, 'n boer aan die Skaap-rivier ten suidoeste van Windhoek, en die firma Martens und Sichel van Haris ten suidewestе van Windhoek het besonder goed gevaar met kruisings tussen Shorthorn-bulle en Nama-koeie. Kruisteelt met Shorthorns en Damara-koeie het swakker resultate gelewer. Die Shorthorn-bul het 'n verrassende oorerwingsvermoë getoon en veral 'n goeie vleisproduk gelewer. Hereford-bulle wat ingevoer is, het weer in Namaland goeie resultate gelewer. Die eerste resultate met Simmentalers was net deels bevredigend. Dit was egter te wyte aan 'n gebrek aan kragtige voer en goeie weiding wat die bulle moes ondervind. Om die inboorlingbeesboerdery te verbeter, het die Regering in die streek Grootfontein twee Nama-bulle en 'n Hereford-Nama-bul vir uitleening aan die Herero beskikbaar gestel[9].

Gedurende die jaar April 1900 tot Maart 1901 het die Regering vyf Simmentaler-bulle ingevoer. Een daarvan is op see dood en weens die heersende Runderpes kon die res van die diere nie onder die boere verdeel word nie. Daarby

---

9) Z.B. 148, A.VI.a.3 (tweede lêer) Jahresberichte 1898-1900: Jaarverslag Referent für Tierzucht und Veterinärwesen, 20 Julie 1900, pp. 297 - 299.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het 'n aantal stoetbeeste wat reeds vroeër ingevoer was, ook gevrek as gevolg van roofdiere, slangbyt en siekte. Die totale besit aan stoetbeeste wat uitgeleen kon word, was op daardie stadium 'n Vogelsberger-bul, vier Simmentaler-bulle, twee Fries-bulle en een Fries-kooi. Teen hierdie tyd was dit reeds moontlik om 'n oordeel te vel oor die geskiktheid van die verskillende ingevoerde rasse vir Suidwes-Afrikaanse toestande. Die kruisingsresultate het getoon dat die Duitse rasse Simmentaler, Vogelsberger en Pinzgauer waarskynlik die beste vir teelt sou wees, terwyl dit almeer duidelik geword het dat die Engelse Shorthorns en die Hollandse Friese nie sulke goeie produkte gelewer het nie [10].

Ten opsigte van teling moes die regeringsveearts in sy gebied optree as deskundige. Hy moes hom beywer vir die verbetering van teelmetodes deur die stigting van teelverenigings in samewerking met die owerhede aan te moedig. Dit is verder bepaal dat nie rasegte, volbloeddiere aan die veetelers geleen of verhuur moes word nie, maar net die produk van 'n kruising van 'n volbloedbees met 'n inheemse ras. Die stoetbeeste wat nie in leen uitgegee is nie, moes verkieslik by die veearts-instituut te Gammams

---

10) Z.B. 149, A.VI.a.3, (tweede lêer) Jahresberichte 1900 - 1902 : Jaarverslag Referent für Tierzucht und Veterinärwesen, 10 Julie 1901, pp. 349, 351.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of op 'n regeringspos gehou word. Waar stoetdiere binne dieselfde veearts-gebied van die een boer na die ander vervoer moes word, moes die teler self die onkoste dra, maar wanneer die diere tussen twee gebiede uitgeruil moes word, het die Regering die koste gedra. Regeringshulp aan Boere wat op hulle eie beeste vir teeldoeleindes uit Duitsland ingevoer het, het bestaan uit vrye vervoer per skip vanaf Hamburg tot in Swakopmund of Lüderitzbucht[11].

In 1903 het 'n baie belangrike memorandum oor die beleid insake die veeteelt in Suidwes-Afrika die lig gesien. Dit is opgestel deur die Direkteur van Stoeterye, Von Clavé, en daarin het hy uiteengesit wat die algemene rigting behoort te wees waarin die teelt moes beweeg. Dit is 'n belangrike verslag aangesien dit vir die eerste keer 'n bepaalde plan vir die teelt van diere in Suidwes-Afrika neergelê het. Hy skryf: „Wenn eine Regierung für die Landestierzucht helfend und fördernd wirken will, so muss dieselbe unter allen Umständen, wenn nicht anders durch planloses und zweckloses Hin- und Herkreuzen verschiedener Rassen nutzlos viel Geld und Zeit verloren werden soll, erstens für ihre Arbeit ein festes Endziel bestimmen und zweitens ein klares Programm festlegen, nach welchen..... ohne Umwege auf dieses Ziel los gearbeitet werden soll".

---

11) Z.B. 1300, O.II.a.1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia .: Instruksies oor die organisasie van die veeartsenydiens, 1 Okt. 1903, p. 48 - 50.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie einddoel, het Von Clavé gesê, moes wees om die rasse so te teel dat die boer in staat sou wees om sy behoefte aan stoetdiere in die land self te bevredig.

Die weg waarlangs dié einddoel bereik moes word, was om eerstens die mees geskikte rasse te vind, tweedens om dit op die mees ekonomiese wyse te doen, en derdens om die hele stelsel so te organiseer dat dit glad en met die minimum arbeidskrag en administrasie werk.

Von Clavé was van oordeel dat daar teen 1903 genoeg Afrikaner-bulle beskikbaar was en het aanbevoel dat die Regering die werk en koste verbonde aan die verskuiwing van die bulle wat uitgeleen word, op hom moes neem. Hy het voorgestel dat so 'n bul vir 'n tydperk van twee jaar aan 'n bepaalde boer afgestaan word en dat die bul, vir die tydperk wat dit by 'n boer was, beskou sou word as die eiendom van daardie boer en dat alle bulle as gelyk in waarde beskou sou word. Die doeltreffendheid van so 'n stelsel sou verhoog word as die betrokke plaaslike owerhede die verdeling en keuse van die bulle persoonlik sou behartig. Indien die plaaslike owerheid dan 'n vaste program uitwerk waarvolgens die diere aan die verskillende boere beskikbaar gestel sou word, sou dit beplande teelt in die hand werk en onnodige organisasiewerk uitskakel[12].

---

12) Z.B. 1195, N.I.a.1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Memorandum oor veeteelt deur die Gestütsdirektor, Von Clavé, waarskynlik 1903, pp. 43 - 44, 46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel Rickmann gemeen het dat hierdie aanbevelings van Von Clavé onnodig was[13], het dit tog rigting gegee aan die toekomstige gang van die beestoelt. Dit het die beginsel van doelgerigtheid in die teelt na vore gebring en dit het die gedagtes oor die teelt saamgetrek in 'n algemene patroon. Die boer R.A. Schroeder het ook soortgelyke gedagtes uitgespreek in 'n artikel wat onder die opskrif „Viehzucht in Deutsch-Südwestafrika" verskyn het. Hyself het voorkeur gegee aan die Afrikanerbees en was van mening dat die opregte Simmentaler sowel as sy nageslag nie by die Afrikaner kon kers vashou nie. Ook die Jersey en Hereford het hy as baie geskikte rasse beskou om die melkproduksie te verbeter. Hy het egter gemeen dat die veesiektes eers doeltreffend bestry moes word voordat stoetbeeste uit Europa ingevoer word[14].

In 1903 was daar op Gammams reeds 'n regeringstoetery van halfbloed-Simmentalers om aan die boere uit te leen. Dit is ook in die vooruitsig gestel dat in die daaropvolgende jaar 'n stoet halfbloed-Pinzgauers en 'n klein opregte Simmentalerstoet op die been gebring sou word[15].

---

13) Z.B. 1195, N.I.a.1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Aantekening deur Rickmann, ongedateerd, p. 46.

14) Z.B. 1230, N.IV.a.1.Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia : Artikel vir die Kolonial Zeitschrift 1904, geskryf deur R.A. Schroeder in Jan. 1903, p. 5 - 6.

15) Z.B. 1300, OII.a.1 Organisation des Veterinärdienstes, Generalia : Instruksies oor die organisasie van die veeartsenydiens, 1 Okt. 1903, p. 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitleentariewe vir opregte diere was deurgaans ongeveer tweemaal soveel as vir halfbloed-beeste. Rickmann het die bedrae wat in 1898 vasgestel was as te laag beskou[16]. Die boer Rusch van Lichtenstein naby Windhoek, het hom veral op die Simmentaler-teelt toegelê. Hy het reeds voor die opstand 'n steet van vol- en halfbloed-Simmentalers gehad, wat egter heeltemal vernietig is. Van die Allgäuer en Pinzgauer is nie baie goeie resultate verwag nie vanweë hulle kleinheid. Heë verwagtings is egter nog steeds gekoester ten opsigte van die Fries. Die ingevoerde beeste is meestal met die Afrikanerbees gekruis, hoewel daar ook kruisings met die inboorlingbeesrasse plaasgevind het[17]. Na die inboorlingopstande was die Nama-bees feitlik iets van die verlede en die Damara-bees het ook 'n ernstige knou gekry. Die Ovambo-vees is egter baie min deur dié gebeure beïnvloed.

Dit is moeilik om vas te stel in hoe 'n mate die Duitsers gevorder het met 'n beplande teelt wat hulle beeste betref. Dat daar tog wel vordering was, veral in die jare na die opstande, is gewis. Dit was egter nie net die beesteelt waaraan aandag gegee is nie. Veral die kleinveeteelt het alhoewel 'n belangrike rol begin speel en baie is gedoen

---

16) Z.B. 1195, N.I.a.1.(eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Aantekeninge deur Rickmann op 27 April en 1 Mei 1903.

17) Z.B. 154, A.VI.a.3.(eerste lêer) Jahresberichte 1906-07 : Algemene Jaarverslag 1906 - 07, p. 83.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om die skaapboerdery te bevorder. Toe Dernburg, die Staatsekretaris van die Duitse Ryk, in Mei 1907 by die koloniale owerhede in Suidwes-Afrika navraag doen oor die wenslikheid van die instelling van 'n stamboek vir veeteelt en ook 'n proefeksemplaar saamstuur[18], het hy die antwoord gekry dat dit eers nodig sou wees om stamboekvereenigings te stig voordat so-iets gedoen kon word. Wat die skaapteelt betref, was dit nog nie prakties moontlik om so 'n vereniging in die lewe te roep nie. In die streek Karibib het die boere egter herhaaldelik die Afrikanerkooi met Oos-Friesiese bulle gekruis en in die streek Windhoek weer met Simmetaler-bulle. Indien in dié rigting planmoedig voortgegaan word, sou die uitbouing en ontwikkeling van bepaalde lyne verwag kon word. Die invoer van stamboekvereenigings vir beeste sou dus van groot betekenis wees vir die konsolidering van hierdie bedrywigheid[19]. Dit dui dus aan dat daar teen 1907 meer vordering gemaak is met die verbetering van die beesstapel as met enige ander veesoort in die kolonie.

Dit het reeds geblyk dat die Duitse Simmentaler, en na hom die Nederlandse Fries, die mees bruikbare Europese rasse was wat in Suidwes-Afrika vir die verbetering van die

---

18) Z.B. 1195, N.I.a.1. (eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Reichssekretär - Goewerneur, 27 Mei 1907, p. 65.

19) Z.B. 1195, N.I.a.1. (eerste lêer) Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : Goewerneur - Reichssekretär, 4 Okt. 1907, pp. 65 - 66.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inhoemse beeste aangewend kon word. Die vernaamste beswaar teen die Allgäuer en ook die Pinzgauer was hulle lae liggaamsgewig, aangesien die teelt in die kolonie in die eerste plek op die ontwikkeling van 'n goeie slagbees gerig was[20]. Die Engelse rasse, soos die Hereford, Shorthorn, Jersey en die Ayreshire het nie gedoug nie weens hulle sagte kloue en hulle behoefte aan goeie kragvoer. Van die Hereford-ras is daar nie veel beeste na die kolonie ingevoer nie, en dié wat wel ingevoer is, was veral vir die suide bestem[21].

Die gedagtes wat Von Clavé in 1903 uitgespreek het oor die beleid wat ten opsigte van die teelt gevolg behoort te word, het almeer inslag gevind. In ingeligte kringe is dit spoedig aanvaar as vanselfsprekend. Vyf jaar na Von Clavé het 'n leidende koerant van die kolonie dieselfde benadering tot die teelt bepleit. Die teelt moes doelgerig wees, het die blad gesê, en elke afwyking, hoe klein ookal, van die pad daarheen sou die doel vir jare verder die toekoms in skuif. Gehalte, en nie hoeveelheid nie, is van belang. Dit is veel meer ekonomies om 'n aantal goeie beeste op 'n stuk weiding te sit as dieselfde of 'n groter aantal

---

20) Z.B. 1230, N.IV.a.1.Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia : Goewerneur - Landwirtschaftlicher Verband für Schwaben, 1 Feb. 1908, p. 31.

21) Z.B. 1230, N.IV.a.1.Förderung der Rinderzucht ind Richtlinien für dieselbe, Generalia : Goewerneur - Streckshoef Grootfontein, 20 Sept. 1910, p. 60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slegte beeste. Die slagter betaal volgens slaggewig en gehalte en nie per kop nie; „das Pfund Butter hat seinen Preis, gleichgültig, ob es zwei oder vier Kühe produziert haben", het die koerant aangevoer.[22)]

Daar is nog maar steeds gesoek na ander beesrasse wat geskik sou wees vir die teelt in Suidwes-Afrika. Verskillende genootskappe en firmas van oorsee was dan ook gretig om die goeie hoedanighede van hulle onderskeie rasse by die Duitse owerhede aan te prys. Die boere kon beslis nie kla dat hulle 'n te klein verskeidenheid gehad het om uit te kies nie. Die doel van die teelt was egter om 'n goeie vleisdier te ontwikkel wat goed sou aanpas by die harde klimaats- en grondgesteldheid van die land. 'n Minder prominente doel was om 'n goeie melkbees te teel wat ook 'n harde gestel sou hê. Diere wat dus nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, kon nie in aanmerking kom nie.

Op die regeringsplaas Friedrichsfelde naby Karibib was daar teen 1910 stoetbeeste van die Oldenburger- sowel as die Allgäuer-ras. In April daardie jaar is 'n Oldenburger-stoetbul en 15 -verse ook daar geplaas met die oog op die oprigting van 'n stamstoetery[23)]. Die weidingstoestande

---

22) Der Farmer, 17 Junie 1908, bylae by die Windhuker Nachrichten van dieselfde datum.

23) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Goewerneur - Gouvernements-Hauptkasse, 7 Julie 1910, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die plaas was egter nie na wense nie en die diere se kondisie het daaronder gely. Die geaardheid van die grond was klipperig en weens 'n skaarste aan genoeg drinkplek moes die stoetvee dikwels langs afstande aflê[24]. As gevolg van dié toestande is die beeste op voorstel van Otto Henning[25], wat die plek van Rickmann ingeneem het, na die ander regeringsplaas, Fürstenwalde, naby Windhoek oorgeplaas. Die vervoerkoste per spoor is gedra deur die Wohlfahrtslotterie[26]. Fürstenwalde was eintlik 'n Karakoel-stoetplaas, maar albei stoeterye is vireers daar gehuisves[27].

Teen 1910 was dit duidelik dat nie alleen die vermeerdering van die beesstapel in die gebied nie, maar ook die verbetering daarvan ernstige aandag van beide Regering en boer geniet het. Dié twee partye het goed saamgewerk om die beesteelt te bevorder. Om die waarheid te sê was die klem in die beesboerdery vinnig besig om te verskuif vanaf vermeerdering na verbetering. Junker was van mening dat die kolonie reeds oor genoeg beeste beskik het om voortaan aandag te gee net aan die invoer van stoetbulle

---

24) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Plaasbestuurder Friedrichsfelde - Strookshoef Karibib, 17 Augustus 1910, pp. 2 - 3.
25) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Henning - Goewerneur, 29 Aug. 1910, p. 5.
26) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Goewerneur - Plaasbestuurder Friedrichsfelde, 15 Sept. 1910, p. 6.
27) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Henning - Goewerneur, 29 Aug. 1910, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uit Duitsland vir kruisteeltdoeleindes. Wat die Simmentaler betref het die boere voorkeur gegee aan donkerrooi diere en diere van die ligte kleur het in Suidwes-Afrika heeltemal lig van kleur geword het. Om die teelt te bevorder het dr. Ostertag aan die hand gedoen dat daar, soos in ander lande, 'n gereelde pamflet of tydskrif uitgegee moes word om die boere in te lig oor belangrike aangeleenthede[28]. Twee jaar later, in 1912, het so 'n pamflet by tye as bylae by die amptelike koerant van die kolonie verskyn.

Die Goewerneur het in November 1910 besluit om 'n stap verder te gaan in sy beleid aangaande die verbetering van die beesstapel. Hoewel reeds 'n jaar tevore daarmee begin is op Friedrichsfelde, wou hy nou naas die Karakoel-stoetery op Fürstenwalde ook 'n suiwer teelt van die mees geskikte Duitse rasse in die kolonie op teu sit. Op Friedrichsfelde en daarna op Fürstenwalde is so 'n stoetery vir Friesbeeste uit die Wesermarsch reeds op die been gebring. Saam met die bestelling wat in 1911 in die kolonie aangekom het, was daar gevolglik ook twee bulle en twaalf verse van die Simmentaler-ras en 'n gelyke getal van die Pinzgauer-ras[29] met die oog op soortgelyke stoeterye.

---

28) Z.B. 1287, O.I.b.3. (eerste lêer) Tierheilwesen..... Reise des Professors Dr. Ostertag, Reisebericht und Verschläge : Verslag deur dr. Ostertag oor sy reis in 1910, datum ontbreek, pp. 22, 49, 78.

29) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Goewerneur - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 9 Nov. 1910, p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens die opregte teelt is ook halfbloeddiere geteel wat dan op veiling aan die boere verkoop is.[30]

Hoewel die Regering veel gedoen het ter bevordering van die beesteelt het dit onder die boere dikwels ontbreek aan die nodige boerderykennis om die beste gebruik te maak van die geleenthede wat aan hulle gebied is. Daar was egter ook van die ouer en meer ervare boere wat steunpilare was in die opbouing van 'n gesonde boerderybedryf. 'n Groepie van hulle, wat in die omgewing van Windhoek gewoon het, het byvoorbeeld by die Regering aanbeveel dat die diere wat ingevoer word, nie later as die einde van Februarie die kolonie moes bereik nie aangesien die weiding dan groen was en dit die nodig was om kragvoer by te gee nie. Die gewone boere, „welche durchschnittlich von Viehzucht herzlich weinig verstehen", moes daarop gewys word dat 'n steetbees nie net ingevoer word bloot wanneer dit definitief benodig word nie, maar wanneer dit vir die ontwikkeling van die dier die voordeligste is.[31]

Duidelikheidshalwe kan hier net 'n paar kenmerke van die gewildste vier beessoorte wat ingevoer is, gegee word. Die Friesbees, swartbont van kleur met 'n groot lyf, is ingevoer veral met die oog op die verbetering van die melk-

---

30) Vgl. Amtsblatt, 15 Jan. 1911 : Bekanntmachung, 7 Jan. 1911, p. 267.

31) Z.B. 1196, N.I.b.1. Tierzucht, Einfuhr.... von Zuchttieren durch den Staat, Generalia : Streckshoof Windhoek - Goewerneur, 16 Feb. 1911, p. 78.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

produksie van die Afrikanerbees. Daarteenoor is die Pinzgauer en Simmentaler weer gebruik vir die verbetering van die vleisgehalte van die inheemse bees. Die Pinzgauer is 'n bees van middelmatige gewig, is besonder aanpasbaar en het taai klaue. Die kleur van die bees is roeibruin met wit patrone, dit het 'n goeie beenstruktuur en sterk bene. Deur hierdie bees vir kruisteelt te gebruik wou die telers die drie eienskappe van goeie melk- en vleisproduksie en 'n goeie trekvermoë met mekaar verenig. Alleen die tyd sou aantoon of so 'n doel verwesenlikbaar was. Die Allgäuer was middelmatig groot en het 'n goeie melkproduksie gehad, maar was geen uitstaande trekdier nie. Dié bees was afkomstig uit die Alpewêreld[32]. Ten slotte was die Simmentaler die modebees in Duitsland en is dit veral om dié rede na Duits-Suidwes-Afrika ingevoer. Dit is ook 'n bees met 'n roeierige velkleur en wit kolle of vlekke daarop en het oor die algemene goeie resultate gelewer[33]. Die sentrale streke het hulle bepaal by die Fries en Simmentaler terwyl in die suide aan die Allgäuer en Simmentaler voorkeur gegee is vir kruisteelt[34].

---

32) Landwirtschafliche Beilage des Amtsblatts, 1 Okt. 1912 : „Denkschrift über die Rinderzucht des deutsch-südwestafrikanischen Schutzzebiets", pp. 87 - 91.
33) Z.B. 1230, N.IV.a.1. Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia : Memorandum deur Henning - Goewernour, 8 Maart 1911, pp. 64 - 65.
34) Reichs-Kolonialant : Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Süsee 1910 - 11, amtliche Jahresberichte, Erster Teil, p. 125 .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van die lewendige invoer van stoetbeeste was daar oor die algemeen nog maar 'n deurmekaarspul in die beesboerdery van die gebied. Nog in 1913 is die toestand van die teelt soos volg beskryf : "Von einer planmässigen, durch bestimmte Ziele geleitete Zucht kann man nicht reden. Persönliche Liebhaberei und Geschmack bestimmen häufig die Wahl der Zuchttiere. Dazu kommt eine weitverbreitete Unkenntnis über Methoden und Mittel der Zucht, sodass es nicht verwundern kann, dass in die bunte Mischung von Schlägen, die von jeher im Lande war, keine Einheitlichkeit kommen will". Net hier en daar was tekens van beplande teelt merkbaar[35].

Benewens die stamstoete en beplande kruisteelt wat deur die Regering op die proefplase aangepak is, het 'n aantal boere van die streek Grootfontein 'n belangrike stap in dié rigting gedoen. In Augustus 1911 het dié boere, onder leiding van 'n sekere Prion, op Grootfontein 'n gesprek met die Goewerneur gehad waar die moontlikheid besproek is van die oorname van 'n bestaande regeringstoet deur 'n vereniging wat hulle van plan was om te stig.[36]

Die vereniging is op 5 November 1911 gestig en het bekend gestaan as die Rindviehzucht-Verein Omambonde. Dit

---

35) Z.B. 162, A.VI.a.6. (tweede lêer) Jahresberichte des Gouvernements 1912 - 14 : Algemene Jaarverslag 1912 - 13, p. 52.

36) Z.B. 1237, N.IV.g.1. Rinderzucht, Zuchtvereine, Generalia: Prion - Goewerneur, 25 Nov. 1911, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was bedoel vir die streek Grootfontein en het sy setel op die plaas Omambonde, suid van Grootfontein, gehad. Die doelstelling van die vereniging was om deur kruisteelt met die beesstapel van die streek en Friesbeeste 'n eiesoortige ras, die „Omambondeer schwarz-weissen Rind" te ontwikkel. Die vorm en eienskappe wat dié bees moes hê, is voorafuitvoerig neergelê. Die grondwet van die vereniging het ook 'n bepaalde metode voorgeskryf waarvolgens hierdie bees ontwikkel moes word. Dit moes geskied deur keuring van die manlike en vrouliike diere, die gebruikmaking van opregte teelmateriaal, deur 'n sistematiese stamboek te hou, deur die lede van die vereniging voor te lig insake die teelt en versorging van die diere. Diere van die vereniging sou ook na tentoonstellings en stoetveeveilings gestuur word[37].

Hier kan net terloops daarvan melding gemaak word dat 'n regeringsveearts, Schröter, reeds in 1905 na aanleiding van 'n inspeksiereis in die noorde 'n voorstel in hierdie rigting gedoen het. Op daardie tydstip het dit egter niks verder as die voorstel gegaan nie[38]. Dit het egter ses jaar later direk aanleiding gegee tot die stigting van die Omambonde-vereniging[39].

---

37) Südwest, 17 Nov. 1911 : Kopie van die grondwet van die vereniging.
38) Z.B. 1230, N.IV.a.1. Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia : Reisverslag deur Schröter, 1 Okt. 1905, pp. 26 - 28.
39) Südwest, 17 Nov. 1911: Vgl. die inleiding tot die grondwet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Maart 1912 is die amptelike ooreenkoms tussen die regering en die vereniging finaal beklink. Dit sou vir vyf jaar geld. Die Oldenburger Wesermarsch-stoet, bestaande uit een bul en vyftien koeie en verse, wat op daardie tysstip op Neudamm gestaan het, sou deur die vereniging in pag oorgeneem word en op die plaas van die boer Prion, Annenhof, geplaas word. Dit is bepaal dat die boere onmiddelik moes kennisgee van enige siektegeval wat mag voorkom [40]. Prion, wat gedurende Mei 1912 op besoek in Windhoek was, het op die dertiende van daardie maand die stoet in ontvangs geneem [41]. Die Regering het onderneem om die helfte van die spoorvrag vir die vervoer van die beeste na Annenhof te betaal [42].

Die stoet is gereeld geïnspekteer deur die regeringsveearts te Grootfontein sowel as die deskundige vir diereteelt wat sy hoofkwartier in Windhoek self gehad het [43]. Die diere het redelik goed aangepas by die omstandighede op die plaas. Voor die einde van die jaar het daar reeds tien kalwers aangekom, hoewel twee van die koeie weer ge-

---

40) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Specialia : Verdrag tussen vereniging en Fiskus, 30 Maart 1912, pp. 25v- 26.
41) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Specialia : Prion - Fiskus, 13 Mei 1912, p. 29.
42) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzücht, fiskalische Stammzüchtereien, Specialia : Goewerneur - Hauptkasse, 19 Junie 1912, p. 31.
43) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Verslag deur Henning oor stamstoeterye, 15 Julie 1914, p. 28.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vrek het [44]. Sowat 'n jaar later het die kondisie van die oorspronklike stoetbeeste egter versleg, waarskynlik as gevolg van 'n siekte deur bosluise oorgedra [45].

Tot Julie 1914 is sewe jong bulle aan lede van die vereniging afgegee met die doel om hulle met die beskikbare plaasbeeste te kruis. Die vroegste resultate van die onderneming het nie 'n volslae sukses getoon nie. Hoewel die hoofveearts, Henning, nie ten gunste daarvan was dat ander dergliikepogings gemaak moes word nie [46], was dit egter 'n prysenswaardige skema en het dit getuig van 'n belangrike mate van inisiatief onder sommige boere van die „Schutzgebiet".

Nog 'n boer wat die Fries in sy teelprogram gebruik het, was die heer Carl Schlettwein van die plaas Otjitambi in die streek Outjo. Hy het gevind dat die Fries goeie resultate met die Damara-bees sowel as die beeste van die Rehoboth-Basters gelewer het, maar dat kruisteelt met die Ovambo-bees nie goeie vrugte afgewerp het nie [47].

Nieteenstaande die verbod op die invoer van beeste uit Duitsland het die veedeskundiges van die kolonie, en by name

---

44) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Specialia : Verslag oor stamstoet deur Regeringsveearts Grootfontein, 4 Des. 1912, p. 38.
45) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Specialia : Aantekeninge deur Henning, 25 Julie 1914, p. 88.
46) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Verslag deur Henning oor stamstooterye, 15 Julie 1914, p. 28.
47) Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1 Des. 1911 : Artikel deur Schlettwein, p. 36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Henning, hulle nog voortdurend besig gehou met die vraagstuk van watter rasse nog geskik sou wees vir kruisteelt in Suidwes-Afrika. Toe die Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft dus in 1912 by die Goewerneur navraag gedoen het oor die mate van sukses wat met ingevoerde beeste in die kolonie behaal is, het hy hulle meegedeel dat die Regering dit sterk oorweeg om die Duitse „Rotvieh" in te voer vir kruisteelt met die Afrikanerbees. Hulle het gereken dat dit 'n goeie produk sou lewer. Hulle was egter ook van mening dat dit nog nie moontlik was om 'n redelike algemene verbetering van die kolonie se beesstapel teweeg te bring nie, aangesien die ontwikkeling van die boere nog nie ver genoeg gevorder was nie. Die paar klein stoeterye wat reeds in die kolonie bestaan het, sou egter almeer kon voorsien in die boere se behoeftes aan stoetvee[48].

Waarnemende Goewerneur Hintrager was weer van mening dat die boere hulle moes toelê op die Friesbees van Noord-Duitsland en die „rein rote Höhenvieh" van Sentraal-Duitsland. Hulle moes die Pinzgauer en Simmentaler net as tweede keuse in ag neem, het hy gesê[49]. In weerwil van sy veelsydigheid as melk- en vleisdier het droë tye en swak

---

48) Z.B. 1230, N.IV.a.1. Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia : Verslag oor die beesteelt deur die Goewerneur aan die Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft, 6 Mei 1912, p. 91.

49) Amtsblatt, 15 Sept. 1912 : Bekanntmachung, 1 Sept. 1912, pp. 355 - 356.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jare 'n nadelige uitwerking op die Simmentaler gehad[50].

Die firma Liebig & Co., wat in 1907 - 1908 hulle belange ook na Suidwes-Afrika uitgebrei het, het dieselfde beskouing gehuldig. Hulle het hulle veral toegelê op die teel van goeie beeste[51]. In 1913 het hulle alreeds 'n totaal van 8954 beeste op hulle twee plase, Housis en Günthers'au gehad. In daardie jaar het hulle hul beestroppe aangevul met onder andere twaalf Frieskoeie uit die Weservarsch om sodoende 'n bloedvernuwing onder hulle diere te bring[52].

Die beplande kruisteelt in Suidwes-Afrika het steeds vordering getoon. In 1913 kon die Windhoekse Handelskamer al 'n meer gunstige beoordeling van die pogings boekstaaf in weerwil van die planloosheid wat nog die oorheersende kenmerk van die teelt was. Hulle skryf: „(Die Rinderzucht) zeigt eine stetige und erfreuliche Weiterentwicklung. Die aus afrikaner Muttertieren herausgezüchteten Kreuzungen von Simmentaler, Friesländer, Pinzgauer und Shorthorn-Rindern bilden ein gutes Ergebnis zielbewuster Zuchtrichtungen....." Gedurende dié jaar het die Regering 'n aantal

---

50) Landwirtschaftliche Beilage des Amtblatts, 1 Okt. 1912 : „Denkschrift über die Rinderzucht des deutsch-südwestafrikanischen Schutzgebiets", pp. 87 - 91.

51) Z.B. 1281, N.XIV.c.2. (eerste lêer). Viehzuchtgesellschaften, Deutsche Fanngesellschaft (Liebig), Specialia: Jaarverslag van Liebig & Co., 1908 - 09, p. 158 .

52) Z.B. 1281, N.XIV.c.2. (tweede lêer). Viehzuchtgesellschaften, Deutsche Fanngesellschaft (Liebig), Specialia: Jaarverslag van Liebig & Co., 1912 - 13, p. 50.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beeste ingevoer van rasse wat nog nie vantevore in die kolonie was nie, soos beeste uit Sleeswyk en van die Frankiese ras. Dié diere het nie heeltemal in die smaak van die telers geval nie[53]. Die swakker gehalte van die beeste is egter toegeskryf aan die feit dat die bestellings laat ingedien was toe die toestande vir aankoop nie meer so gunstig was nie[54].

Saam met die tweede besending van 1913 het twee bulle en twintig verse van die Duitse „Rotvieh" gekom. Dié beeste op Neudamm geplaas met die doel om 'n stamstoet op te bou waarvan die nageslag veral vir die suidelike boere tot nut moes wees. Die keuse het op hierdie ras geval omdat hulle genoegsaamheid en kleur mooi by die betrokke Afrikanerbees gepas het[55]. 'n Deskundige wat gedurende Mei en Junie die stoet op Neudamm besoek het, het aan die hand gedoen dat die bulle tot die reëntyd van die trop weggehou moes word sodat die verse hulle eers by die nuwe omgewing kon aanpas. Hy het ook gewys op 'n ernstige tekortkoming, naamlik dat die kampe nie behoorlik omhein was nie. Dit sou ook die taak van die „Bohrkolonne-Nord" wees om die

---

53) Z.B. 1639, S.I.p.2. Verhältnisse des Handels, Specialia : Jaarverslag van die Windhuker Handelskammer 1913, p.2 (p. 9 van die verslag).

54) Z.B. 1231, N.IV.b.1. Rinderzucht, Einfuhr.... von reinrassigen europäischen Zuchttieren, Generalia : Deutsch Landwirtschafts-Gesellschaft - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 26 Junie 1913, p. 27.

55) Z.B. 1236, N. IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Specialia : Verslag deur Henning oor die tweede besending stoetbeeste, 30 Des. 1913, p. 77.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nodige water op die plaas oop te maak[56]. Die diere moes aanvanklik 'n moeilike tyd op Neudamm deurmaak, maar desondanks het daar voor die einde van die jaar alreeds sewe kalwers aangekom. Henning was van mening dat dié soort bees 'n goeie toekoms in die „Schutzgebiet" gehad het[57].

Dit is van verskeie kante aan die hand gedoen dat die Regering daartoe moes oorgaan om 'n derde stamstoet op die been te bring, maar hulle het besluit om te hou by die twee bestaande stoeterye op Annenhof en Neudamm. Die beskikbare fondse moes liewers gebruik word om dié twee stoete verder uit te bou, het hulle geredeneer[58]. Daarby het dit ook in 1914 geblyk dat wêreldtoestande nie sou toelaat dat verdere stoetvee ingevoer word nie.

Dit was die beleid van die Regering om by die verlening van finansiële hulp vir die invoer van stoetdiere voorkeur te gee aan stoetverenigings wat beplande teelt beoefen het, byvoorbeeld die Rinderviehzucht-Verein Omambonde. Die owerhede het ook simpatiek gestaan teenoor enige poging om die onderskeie stoetverenigings in die kolonie te koördineer

---

56) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzuchtereien, Generalia : Verslag oor stoet op Neudamm deur Lüronberg, 6 Junie 1913, pp. 11 - 13.

57) Z.B. 1236, N.IV.f.2. Rinderzucht, fiskalische Stammzuchtereien, Specialia : Verslag oor stoet op Neudamm deur Henning, 30 Des. 1913, p. 78.

58) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Goewernoeur - Reichs-Kolonialant, 10 Aug. 1914, p. 30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur middel van 'n telersgenootskap[59]. Die gedagte het wel aandag geniet onder telers in Suidwes-Afrika, maar dit kon nie tot rypheid kom voor die einde van die Duitse bestuur nie.

Die boere wat hulle beestroppe wou opbou en vergroot, was in hoofsaak aangewys op die inheemse beeste. Die Afrikaner- en Damara-bees was vir dié doel die belangrikste soorte omdat hulle reeds talryk was en aanwesig was in die gebiede waar die meeste koloniste geboer het. 'n Voorstel van die plaaslike owerheid van Windhoek dat die Regering 'n stoet van opregte Damara-beeste moes opbou, het egter ongelukkig op niks uitgeloop nie[60]. Die Ovambo-bees is ook gebruik, veral deur die meer noordelike boere. In Omaruru het die nakomelinge van 'n Ovambo-bees self 'n eerste prys verower op 'n landboutentoonstelling. Die boere het gedurende die jare 1900 - 1910 baie koeie uit Ovamboland gebring en goeie resultate met hulle behaal[61]. In 1911 is die inbring van beeste uit Ovamboland egter weens siektegevaar verbied[62].

Die kenmerk van die Duitse tyd in Suidwes-Afrika wat

---

59) Z.B. 1195, N.I.a.1. (tweede lêer). Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia : dr. R. Hartig - Goewerneur, 14 April 1914, p. 49.

60) Z.B. 1236, N.IV.f.1. Rinderzucht, fiskalische Stammzüchtereien, Generalia : Goewerneur - Streekshoof Windhoek, 20 April 1914, p. 26.

61) Vgl. Z.B. 1295, O.I.i.2. Tierheilwesen, Grenzsperre gegen das Amboland und Portug. Angola, Specialia : F.W. Dresel, Outjo - Goewerneur, 10 Junie 1911, p. 1.

62) Z.B. 1230, N.IV.a.1. Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia : Goewerneur - Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft, 23 Maart 1912, p. 90.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die beesteelt betref, was 'n geleidelike ontwikkeling tot meer orde en doelgerigtheid. Die mate van sukses wat in hierdie opsig behaal is, moet egter nie oorskat word nie. Teen 1915 het die boere wat beplande teelt beoefen het nog maar 'n klein persentasie uitgemaak van die totale aantal beesboere. Tog was dit ook so dat die grondslag vir 'n gesonde beesteelt gelê was. Dit moes net uitgebou en verder uitgebrei word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV.

SOEKE NA BUITELANDSE MARKTE VIR SUIDWES-AFRIKAANSE BEESTE.

Hoewel die beesstapel van Suidwes-Afrika gedurende die jare voor die Duitse besetting sterk afgeneem het, was daar teen 1884 nog 'n groot getal beeste in die gebied. Handelaars in die kolonie het nog steeds voortgegaan om beeste van die inboorlinge te ruil en uit te voer na verskillende gebiede waar daar 'n aanvraag na slagbeeste was. Soos te verstane is, was die gebiede wat in suidelike Afrika geleë was en self nog met pioniersmoeilikhede te doen gehad het, die belangrikste afsetgebied. Daar is reeds melding gemaak van die feit dat groot getalle beeste gedurende die negentiende eeu na die Kaapkolonie geneem is.

Die verkeer van handelaars tussen Suidwes-Afrika en die omliggende gebiede was nog altyd vry hoewel vyandigheid van inboorlinge en droogtetye hul bedrywighede by tye aan bande gelê het. Toe die Duitse Regering egter in 1884 sy gesag oor die streek uitgebrei het, het daar 'n onsekerheid oor die toekoms van die kolonie by hulle ontstaan. Die handel was hulle enigste bestaansmiddel en daarom sou die houding en beleid van die nuwe gesag hulle baie na aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die hart lê[1]. Die Duitse Regering in die kolonie het gedurende die eerste jare van sy beheer blykbaar nie veel kontrole oor die handelsbedrywighede uitgeoefen nie. Beeshandelaars het op hulle eie voortgegaan om ooreenkomste met die naturelle te sluit. So het die Südwestafrikanische Handels-Compagnie in Junie 1887 van Maharero, opperhoof van die Herero, 'n konsessie verkry om onbeperkte handel in die hele Hereroland te dryf en op geskikte plekke veeposte aan te lê. Hulle doel was om osse te ruil en uit te voer[2]. Gedurende die jare 1891-1892 het die broers Albert en Gustav Voigts van die Transvaal ook handelsbetrekkinge met Damaraland aangeknoop[3]. Hoewel die veebesit by die inboorlinge steeds agteruit gegaan het, het dit by die blanke beesboere weer vermeerder. Hulle het hul vernaamste mark by die troepe in die land self en veral in die Kaapkolonie gevind[4].

Die beeshandel tussen Suidwes-Afrika en die Transvaal het veral ten doel gehad om die goudvelde van die Republiek

---

1) A. 5 - '85 Papers, Minutes and Correspondence relating to ...Great Namaqualand and Damaraland 1885: Civil Commissioner and Resident Magistrate Namaqualand - Under Secr. for Native Affairs, 2 Jan. 1885, p. 13.
2) Vedder, H.: Quellen XXVII, Okahandja 1873-90, Otjikango (Barmen) 1880-88: Brief Sendeling Diehl, Okahandja, 4 Julie 1887, p. 118.
3) Witbooi, H.: Die Dagboek van Hendrik Witbooi ...1884-1905 (insluitende herinneringe deur G. Voigts), p. vii.
4) Z.B. 146, A. VI. a. 3.(eerste lêer) Jahresberichte 1891-96: Jaarverslag Südbezirk, 1894-95, pp. 275-276.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van slagvee te voorsien. In die negentigerjare het omstandighede egter van so 'n aard geword dat dié uitvoer nie meer lonend was nie. Die uitbreek van die Witbooi-opstande het baie handelaars groot verliese laat ly en daarby het die Transvaalse Regering nog 'n invoerfooi van tien sjielings (R1) per kop op beeste gehef. Hierdie belasting het nie in die Oranje-Vrystaat bestaan nie[5], maar dáár was op dié stadium nog nie so 'n aanvraag na beeste uit Suidwes-Afrika nie. Om die struikelblok van die hoë invoerfooi uit die weg te probeer ruim het die Regering van die kolonie op versoek van die firma Wecke und Voigts besluit om onderhandelings met die Transvaalse Regering aan te knoop oor die saak. Von Francois was van mening dat toestande vir sulke onderhandelings baie gunstig was. Hy het ook gerdenoem dat sodanige vriendskaplike betrekkinge met die Suid-Afrikaanse Republiek ook die goedgesindheid van die Republiek van die Oranje-Vrystaat sou verseker. Die onderhandelings moes egter strong geheim gehou word sodat die verhouding tussen die Transvaal en die Engelse Regering, oor wie se grondgebied die beeste gedryf sou moes word, nie vertroebel sou word nie[6].

Die Duitse konsul in Pretoria het derhalwe in Oktober

---

5) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Memorandum Wecke und Voigts - Landeshauptmann, 1 Mei 1895, p.19.
6) Z.B. 1198, N.I. d.1. Viehausfuhr, Generalia: Aantekeninge deur von Francois,10 Mei 1895, p. 24.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1895 die Transvaalse Regering genader met die versoek dat die invoerbelasting op Hererо-beeste opgehef moes word. Volgens 'n verslag oor die samesprekinge was dr. Leyds, die Transvaalse Staatsekretaris, van mening dat 'n verskil in invoerbelasting volgens die gewig van die beeste gemaak sou kon word. Dit sou dan so gerëël kon word dat Hererо-beeste onder die groep van laer invoerbelasting sou val. Dit sou egter nie moontlik wees om die invoer heeltemal belastingvry te laat geskied nie, aangesien die Kaapkolonie en Natal dan ook dieselfde regte sou kon eis [7].

Leutwein, die hoof van die Duitse kolonie, is derhalwe gevra om besonderhede in verband met die maksimumgewig van die Damarabees na Pretoria te stuur [8]. Hy het die inligting van Gustav Voigts gekry [9]. Voigts het die gewig van uitgegroeide Damara-osse op 400-500 pond geskat, maar bygevoeg dat die gewig soms tot 700 pond styg. Hy het bygevoeg dat die pas afgelope Jameson-inval in die Transvaal die pryse van osse daar so laat styg het dat die invoerbelasting nie meer so 'n groot probleem opgelewer het nie [10].

---

7) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia, Duitse Konsul, Pretoria - Rykskanseliar, 19 Okt. 1895, p. 26.
8) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt - Landeshauptmann, 25 Nov. 1895, p. 25.
9) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Landeshauptmann - G. Voigts, 29 Jan. 1896, p. 25.
10) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Wecke und Voigts - Landeshauptmann, 3 Aug. 1896, p. 27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toestande het dus weer gunstig gelyk, maar soos so dikwels die geval was, het die kwessie van veesiektes weer die sake deurmekaar gekrap. Weens die uitbreek van die Runderpes in 1896 het die Transvaalse Regering 'n verbod op die invoer van vee geplaas wat vir 'n onbepaalde tyd van krag sou wees[11]. Hoewel daar laat in 1898 weer 'n poging aangewend is om beeste uit Suidwes-Afrika na Transvaal te bring, moes dit nog steeds stuit teen die verbod weens Runderpes[12]. Die vooruitsigte dat sodanige handel binne die daaropvolgende drie jaar moontlik sou wees, was ook baie skraal[13].

As gevolg van die Runderpes is alle veeverkeer tussen Suidwes-Afrika en die omliggende Britse gebiede gestaak. Gedurende die eerste helfte van 1898 het die hoofveearts-te van die kolonie, Rickmann, die Kaapkolonie besoek en ge-vind dat daar as gevolg van die pes 'n groot skaarste aan beeste was. 'n Aantal van die handelaars wat vroeër 'n lewendige handel met Suidwes-Afrika gedryf het, het net ge-wag op die opheffing van die grensversperring. Die Duitse kolonie het egter self onmeetlike skade gely deur die pes

---

11) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Landeshauptmann - Rykskanselier, 6 Aug. 1896, p. 27.
12) Z.B. 1198, N.I. d. 2. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp. The Rand Steam Sausage Factory, Johannesburg - Landeshauptmann, 28 Okt. 1898, p.1.
13) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp. Landeshauptmann - The Rand Steam Sausage Factory, 3 Des. 1898, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en het skaars genoeg vleis gehad om in sy eie behoeftes te voorsien[14]. Daar sou dus vireers nie eintlik sprake kon wees van verdere beeste-uitvoer uit die gebied nie. Dit het duidelik geword dat die Runderpes ook Suidwes-Afrika ekonomies groot skade aangedoen het.

Die grootste skade deur die Runderpes is in die noorde van die kolonie aangerig. Die toepassing van doeltreffende bestrydingsmaatreëls het tot gevolg gehad dat die Kaapse Goewerneur, Sir Alfred Milner, in Julie 1901 by proklamasie daartoe ingesteu het dat Suidwes-Afrikaanse beeste uit die gebied noord van die 24ste breedtegraad na Kaapland ingevoer kon word[15]. Dié breedtegraad is deur die Duitse owerhede vasgelê as 'n kwarantyngrens tussen die suidelike besmette en die noordelike onbesmette dele van die kolonie. Dit het dus beteken dat beeste slegs oor die noordelike roetes, of oor die hawe Walvisbaai uitgevoer kon word. Swakopmund was nog nie tot op so 'n stadium ontwikkel dat lewende hawe met gemak daar verskeep kon word nie[16]. Milner self het Suidwes-Afrika afgeskryf as 'n plek vanwaar

---

14) Z.B. 1312, O. III. c. 4.(eerste lêer) Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Rickmann - Landeshauptmann, 22 Julie 1898, p. 88.
15) Z.B. 1314, O. III. c. 4.(eerste lêer) Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Kopie Kaapse Proklamasie nr. 122 van 1901, 15 Julie 1901, p. 76.
16) N.A. 492, File no. 24. Shipment of Cattle, Walfish Bay 1902: Res. Magistrate Walfish Bay - Secr. Native Affairs, 11 Feb. 1902 en Controller of Customs - Ass. Treasurer, 21 Feb. 1902.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vee na die Kaapkolonie ingevoer kon word. Hy het aangevoer dat daar maar 'n klein hoeveelheid beeste was, dat hulle van minderwaardige gehalte was en dat die vervoer moes geskied oor 'n lang trekpad met onsekere voertoestande[17].

Nieteenstaande die verlies wat die Runderpes vir die kolonie meegebring het, kon hulle na afloop van die epidemie nog steeds dink aan uitvoer van beeste na omliggende gebiede. Dit was ook nodig aangesien beeste nog altyd die vernaamste uitvoerartikel van die gebied was. In Julie 1902 het Goewerneur Leutwein derhalwe weer navraag begin doen omtrent die stand van pryse in die Kaapkolonie[18]. Intussen het die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) oor Brits-Suid-Afrika heengegaan en toestande daar heelwat ontwrig. 'n Belangrike ekonomiese gevolg van die oorlog was dat daar 'n nypende tekort aan slagvee, sowel as vee om weer 'n sterk veestapel op te bou, bestaan het. Indien Suidwes-Afrika dus beeste kon afstaan en moeilikhede soos veesiektes kon vermy, was daar 'n gulde kans om 'n voordelige handel met die Britse gebiede te dryf.

'n Klompie Duitse boere in die omgewing van Rustenburg in die Transvaal wat as gevolg van die oorlog al hulle vee

---

17) Cd. 1163 Futher Corespondence relating to Affairs in South Africa: Milner - Chamberlain, 21 Feb. 1902, p. 100.
18) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Goewerneur - Duitse Konsul, Kaapstad, 18 Julie 1902, p. 32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verloor het, het deur middel van die Duitse konsul verlof verkry om weer persoonlik in Suidwes-Afrika diere te gaan opkoop. Die belasting vir die uitvoer van beeste teen die einde van 1902 was 20 Mark (R3.4) per bees en die aankoopsprys in die suide van die gebied ongeveer 150 -200 Mark (R 25.5 -R34)[19]. Gedurende die jare 1902-1903 was daar skerp belangstelling in die aankoop van beeste in die Duitse kolonie. Daar was selfs gerugte dat handelaars onwettig van die Ngami-meer-roete gebruik wou maak om sodoende die uitvoerbelasting vry te spring[20]. In Kaapland het die Repatriasie-departement, wat na die oorlog die repatriasie van verbanne Boere as hul taak gehad het, aan die firma Bellstedt & Co. van Port Elizabeth die opdrag gegee om 'n groot getal koeie en verse aan te koop. Die firma het hom tot die Regering van Suidwes-Afrika gewend[21] wat hom meegedeel het dat daar etlike duisende beeste in die land beskikbaar was[22]. Hoewel die skema nie deurgevoer is nie, het dit tog getoon dat daar 'n groot aanvraag vir

---

19) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Vichausfuhr, Generalia: Goewerneur - Duitse Konsul, Pretoria, 30 Sept. 1902; vgl. ook N.I.d. 3. Alte Akten betr. Vichausfuhr pp.: Goewerneur - dr. G. Marquardt, 1 Des. 1902.

20) Z.B. 1198, N. I. d. 2. Vichausfuhr, Specialia: Duitse Konsul, Johannesburg - Goewerneur, 28 Aug. 1902, p. 2.

21) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Vichausfuhr pp.: Telegram Bellstedt & Co. - Goewerneur, 20 Nov. 1902, p. 24.

22) Z.B. 1198, N.I. d. 3. Alte Akten betr. Vichausfuhr pp.: Telegram Goewerneur-Bellstedt & Co.,21 Nov. 1902. 24.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om aanbod van beeste was [23].

Nadat die Runderpesgevaar weggekwyn het, het die Britse owerhede dit toegelaat dat beeste vanaf Suidwes-Afrika deur Betsjoeanaland uitgevoer mag word. Verdagte gevalle het egter weer voorgekom en in Januarie 1901 is dié grens vir uitvoer gesluit [24]. Dié stap het veral die Britse handelaar Ohlsson getref, wat 'n groot en bekende handelaar was op die noordelike roetes [25]. Dit is dus duidelik dat, hoewel daar gedurende die jare 1896-1902 uitstekende moontlikhede vir die afset van beeste bestaan het, die Runderpes die benutting van die moontlikhede baie aan bande gelê het.

Sowel die Duitse as die Britse owerhede het egter geen steen en ongeroerd gelaat om tog 'n uitvoer vanaf die kolonie na die Britse gebiede moontlik te maak nie. Vir 'n tydperk van 'n paar maande gedurende 1903 is so 'n uitvoer oor Ichututu wel toegelaat onderworpe aan strenge veeartseny-maatreëls [26]. As gevolg van verdere verdagte gevalle in di suide van die kolonie het die toestand ontstaan dat alleen beeste uit die noorde van die gebied na die Suid-Afrikaan

---

23) Z.B. 1198, H. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Bellstedt & Co. - Duitse Konsul, Kaapstad. 3 April 1903.
24) Z.B. 1314, O. III. c. 4.(derde lêer) Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Kopie Kaapse Proklamasie nr. 18 van 1901, 21 Jan. 1901, p. 75.
25) Z.B. 1198, H. I. d. 3, Alte Akten betr. Viehausfuhr pp Verslag oor uitvoer deur Distrikshoof Gobabis - Goewerneur, 27 Des. 1902, pp. 40-41.
26) Z.B. 1198, H. I. d. 3. Alte Akten betr, Viehausfuhr pp. Duitse Konsul, Kaapstad - Goewerneur, 6 Jan. 1903, p.46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kolonies uitgevoer kon word. Die suide is afgesper en 'n noukeurige roete vanaf Windhoek na Hasuur aan die grens is uitgewerk waarlangs sodanige uitvoer kon plaasvind. Die posisie was so dat daar geen uitvoer toegelaat is vanuit die suide nie en ook nie oor die noordelike roetes verby die Ngami-meer nie.

Op aanbeveling van die Streekshoof van Windhoek, Duft, is die roete van uitvoer vanaf Windhoek tot op Hoachanas so bepaal dat dit oor die volgende plase sou gaan: naamlik Hohewarte, Kowas, Norigam, Omnab en Tsaurab[27]. Vanaf Hoachanas het die roete verder geloop oor Stampriet, Karaam en Koës na Hasuur[28], waar dit dan by die gewone roetes deur die suidelike Kalahari aangesluit het. Omdat die Kaapkolonie nog onderhewig was aan die Runderpes, moes beeste wat uit Suidwes-Afrika uitgevoer is, 'n roete noordelik van die kolonie na Transvaal volg. Uitvoer na die Kaapkolonie was steeds onderhewig aan strenge kwarantynmaatreëls[29].

Die jaar 1903 was 'n besonder droë jaar en die gebrek

---

27) Z.B. 1294, O. I. h. 2. Tierheilwesen, Grenzverkehr mit Vieh ..., Specialia: Streekshoof Windhoek - Goewerneur, 20 Sept. 1903, p. 9.
28) Z.B. 1294, O. I. h. 2. Tierheilwesen, Grenzverkehr mit Vieh ..., Specialia: Streekshoof Gibeon - Goewerneur, 15 Junie 1903, p. 8.
29) Z.B. 1198, H. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Telegram Duitse Konsul, Kaapstad - Goewerneur, 25 Maart 1903, p. 62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan water langs die trekpad het die uitvoer baie belemmer. Reeds in April, net na die gewone reëntyd moes die Distrikshoof van Gobabis, Streitwolf, berig dat 'n verkenningspatrollie „halbtot" uit die Kalahari teruggekeer het. Hy het gevolglik beperkingsmaatreëls getref om te verhoed dat groot en onnodige verliese gely word[30].

Gedurende die eerste helfte van 1903 was daar 'n styging merkbaar in die prysе wat vir beeste in die Kaapkolonie betaal is. Die Duitse Regering het dus navraag gedoen oor die toestande. Aangesien die diamantvelde by Kimberley so 'n belangrike mark vir beeste uit Suidwes-Afrika was, het 'n verteenwoordiger daar plaaslik gaan ondersoek instel na die aangeleentheid. Hy het gevind dat, hoewel die vleis-prysе op dieselfde hoogte bly staan het, die prys van beeste heelwat geval en op £15 - 20 vir osse en £10 - 13 vir koeie gestaan het. 'n Uitvoer daarheen sou dus nie lonend wees nie. Hy het ook melding gemaak van 'n omvangryke smokkelhandel wat oor die grens plaasvind. Die beeste uit Suidwes-Afrika het in 'n swak toestand op Kimberley aangekom. Hy het ook die mening uitgespreek dat die invoer van verskeie besendings beeste uit Suid-Amerika deur die Kaapkolonie, bygedra het tot die verlaging van die

---

30) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Distrikshoof Gobabis - Goeverneur, 17 April 1903, pp. 56-60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

prys[31]. In Johannesburg was die prys vir slagbeeste £9 - 10 en vir teeltbeeste £12-13, hoewel dit egter taamlik gewissel het[32]. Die pryse was dus nie hoog nie en dit het begin blyk dat die Britse gebiede nie meer so 'n aanloklike mark was vir beeste uit Suidwes-Afrika nie.

Die uitvoer wat nog steeds plaasgevind het langs die roetes oor Bchututu en Hasuur het onder die toesig gestaan van 'n Britse kommissie, die Anglo-German Boundary Commission, wat 'n wakende oog gehou het oor die moontlikheid van die verspreiding van veesiektes deur die uitvoer. Die handel is gedrywe deur handelaars uit die Britse gebiede sowel as uit die Duitse kolonie self[33].

Hoe verder die jaar 1903 gevorder het, hoe meer kritiek het die droogtetoestand geword. Teen Julie moes twee groterige trekke, dié van Hendrik Smit (ongeveer 200 beeste) en Hermann Brandt (ongeveer 240 beeste) omdraai omdat die weidingstoestande oorkant die grens baie swak was[34]. Handelaars wat van voornemens was om van die roetes gebruik

---

31) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: dr. Westerfield, Kimberley - Duitse Konsul, Kaapstad, 11 Junie 1903, p. 76.
32) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Duitse Konsul, Johannesburg - Konsul, Kaapstad, 12 Junie 1903, p. 75.
33) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Distrikshoof Gobabis-Goewerneur, 6 Julie 1903, pp.78-79.
34) Z.B. 1198, N.I.d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Streekshoof Gibeon -Goewerneur, 18 Julie 1903, p. 80.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te maak is daarteen gewaarsku[35]. Rickmann was van oordeel dat die vervoer van vee na die Kaapkolonie spoedig onprakties sou wees weens die waterskaarste. Die pad vanaf Aminuis oor Lehututu na Mafeking was nog die enigste wat gebruik kon word. Hierdie toestand het vir Rickmann tot die besef gebring dat die Regering hom moes inspan om watervoorsiening in die waterarme gebiede te bevorder. Die uitbreidingsmoontlikheid van die veeteelt, het hy gesê, is direk proporsioneel met die aantal beskikbare waterplekke[36]. Teen September 1903 is dit as heeltemal buite die kwestie beskou om voor die reëntyd met vee deur Betsjoeanaland te trek[37].

Waterskaarste het dus die vernaamste struikelblok in die pad van die beeste-uitvoer na die Britse gebiede geword. Die roete waarlangs onder die moeilikste omstandighede tog nog water te kry sou wees, naamlik dié verby die Ngami-meer na Palapye in Betsjoeanaland, was nog steeds gesluit. Om alles te kroon het verdagte gevalle van Runderpes direk daartoe aanleiding gegee dat die Britse Regering deur 'n proklamasie van 19 Oktober 1903 alle invoer van

---

35) Z.B. 1198, N.I. d. 3. Alte Akten betr. Vieh usfuhr pp.: Bekanntmachung, 17 Aug. 1903, p. 80.
36) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Memorandum oor vee-uitvoer deur Rickmann, 28 Julie 1903, p.36
37) Z.B. 1198, N.I.d.3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Telegram Duitse Konsul, Kaapstad - Goewerneur, 28 Sept. 1903, p. 81.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beeste uit Suidwes-Afrika stopgesit het. Die proklamasie het op 23 Oktober van krag geword[38]. Handelaars het egter gehoop dat die verbod nie lank van krag sou bly nie en het op die grens saamgetrek. Dit het water- en weidingstoestande uiters benard gemaak sodat die Regering daarteen moes optree. Die verskillende Streeks- en Distrikshoofde is versoek om voornemende uitvoerders nie te laat trek voordat toestande verbeter het en die verbod opgehef is nie[39].

Die hoop dat die uitvoerverbod spoedig opgehef sou word, is nie verwesenlik nie. Teen die einde van 1903 was daar alreeds 'n groeiende onrus onder die Herero en die Nama merkbaar en heelwat inwoners van die kolonie het na Kaapland gevlug. Hoewel dit in stryd met die proklamasie was, het die Britse owerhede die vlugtelinge toegelaat om voorlopig in besit van hulle eiendom aan beeste te bly[40]. As gevolg van die inboorlingopstande wat in die daaropvolgende jaar uitgebreek het, is die uitvoerverbod nie opgehef nie. Toestande was egter baie deurmekaar en dit het

---

38) Government Gazette, 23 Okt. 1903: Proklamasie van 19 Okt. 1903, p.1.
39) Z.B. 1198, N. I. d. 3. Alte Akten betr. Viehausfuhr pp.: Omsendbrief aan Streeks- en Distrikshoofde, 29 Nov. 1903, p. 105.
40) N.A. 644, File no. 2278 Relations with German Government and German Protectorate Walfish Bay, 1898-1905: Telegram Secr. Law Dept. - Res. Mag., Springbokfontein, 18 Nov. 1903.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dikwels gebeur dat veediewe groot getalle vee oor die grens gedryf het[41]. In September 1906 het die Duitse en Britse owerhede egter regulasies vasgelê om die veediewery stop te sit[42]. Die uitvoerverbod het bly bestaan ten spyte van samesprekings wat Von Lindequist, die Duitse konsul in Kaapstad, met lord Selborne tydens sy besoek aan die Kaap gevoer het[43]. Daardeur het die Duitse owerhede hulle net 'n waarskuwing op die hals gehaal dat berigte ontvang is dat onwettige verkeer met vee oor die grens plaasvind en dat daar aandag gegee moes word aan die proklamasie van Oktober 1903[44].

Gedurende die daaropvolgende jare was daar maar weinig sprake van beeste-uitvoer na gebiede in Suidelike Afrika. Die verbod op uitvoer was ook nie van soveel betekenis nie aangesien daar in die „Schutzgebiet" geen oorskot aan beeste was nie. Inteendeel, soos dit in die vorige hoofstuk

---

41) C.O. 4567 Correspondence re Campaigns against Natives in German South West Africa, 1904-07: Telegram Kol. Weylan - Cape Mounted Police, 12 April 1905; Z.B. 469, D. IV. n. 2 (eerste lêer) Aufstand 1903-07, Grenzschmuggel und Viehdiebstähle: Telegram Kaapse Goewerneur - Goewerneur, 31 Jan. 1906, p. 9.

42) Z.B. 469, D. IV. n. 2.(eerste lêer) Aufstand 1903-07, Grenzschmuggel und Viehdiebstähle: Kaapse Goewerneur - Goewerneur, 26 April 1906, pp. 133 - 134.

43) Z.B. 1294, O. I. h. 1. Tierheilwesen, Grenzverkehr mit Vieh..., Generalia: Duitse Konsul, Johannesburg - Konsul, Kaapstad, 9 Des 1905, p. 17.

44) Z.B. 1294, O. I. h. 1. Tierheilwesen, Grenzverkehr mit Vieh..., Generalia: Hoofvecarts, Kaapstad - Goewerneur, 21 Maart 1906, p. 19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

duidelik geword het, was die beesstapel kwaai uitgedun deur die inboorlingopstande en moes Suidwes-Afrika hom eerder toelê op die invoer van beeste as op uitvoer. "Ob es möglich sein wird in den nächsten Jahren durchzusetzen, dass der Johannesburg und Kimberley Markt wieder wie früher der Zufuhr aus Deutsch-Südwestafrika geöffnet wird, lässt sich heute nicht mit Sicherheit beurteilen"[45].

Daar is een geval bekend waar beeste uit Suidwes-Afrika onder Duitse gesag na 'n ander gebied in Afrika uitgevoer is met die uitdruklike doel om die teelt daar te bevorder. In die Kameroen is daar van Nama-koeie uit die kolonie gebruik gemaak vir kruisteelt met Simmentaler- en Oos-Friesiese bulle waarvan die nageslag aangewend is vir die verbetering van die inheemse Adamaua-bees[46].

Afgesien van die uitvoerhandel in beeste wat met die omliggende Britse gebiede gedryf is, het daar steeds 'n lewendige handel tussen die Ovambo in die noorde van Suidwes-Afrika en die Portugese van Angola plaasgevind. Volgens inligting wat die bosboudeskundige, dr. Gerber, in die noordelike streke bekom het, was die ruilmiddel van die Portugese handelaars 'n geweer en ammunisie. Vir een

---

45) Z.B. 1286, O. I. a. 2. Tierheilwesen, Viehkrankheiten in Südafrika und ihre Bekämpfung: dr. Guradze, Kaapstad - Rykskanselier, 3 Nov. 1911, pp. 80-81.
46) Z.B. 1230, N. IV. a. 1. Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, Generalia: Goewerneur, Kameroen - Goewerneur, 15 Julie 1913, p. 159.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geweer en 'n duisend patrone het hulle vier blif ittande en tien osse geruil, het hy gesê[47]. Wat die werklike omvang van dié uitvoer was, kan egter nie bepaal word nie aangesien daar geen gesaghebbende getuienisse uit daardie tyd nagelaat is nie. In gevalle waar daar wel melding gemaak word van so 'n handel, het dit betrekking op geïsoleerde gevalle en kan nie as algemeen geldend aanvaar word nie.

Hoewel die omliggende gebiede in Suidelike Afrika by verre die vernaamste afsetgebied was vir beeste uit Suidwes-Afrika, het die owerhede van die kolonie op 'n vroeë stadium ook reeds aandag gegee aan 'n dergelike handel met die vaderland, Duitsland. Die owerhede in Duitsland sowel as in die kolonie self het selde geld of moeite ontsien wanneer hulle besluit het om 'n skema aan te pak. Hulle doel was om die kolonie so vinnig moontlik te ontwikkel sodat dit gou winste sou kon afwerp. Die grootste hoop is op die minerale-rykdom van die gebied gevestig, maar die gedagte het ook by hulle bestaan dat Suidwes-Afrika sou kon meehelp in die vleisvoorsiening van die vaderland[48].

So vroeg as 1892 het die Deutsche Kolonial-Gesell-

---

47) Z.B. 1008, I. XIII. b. 3.(vierde lêer) Geographische und ethnographische Forschungen, Amboland: Reisverslag opgestel deur Laubschat (afskrif) datum ontbreek, pp. 35, 37.

48) Dove, K.: "Fleischeinfuhr aus Südwestafrika", Artikel in die Tägliche Rundschau 5 Sept. 1912.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

schaft für Südwest-Afrika by die owerhede in die kolonie navraag gedoen oor die moontlikheid om beeste per skip na Duitsland uit te voer. Von Francois, wat toe in beheer was, het dié gedagte met vreugde begroet en hy was gewillig om so 'n ondernoming sover dit in sy vermoë was te ondersteun. Na sy mening was die toestande in die land egter nie baie gunstig nie aangesien die Longsiekte nog steeds die bedrywighede van die handelaars van Omaruru en Otjimbingwe, die twee vernaamste handelsentrums in daardie tyd, baie in die wiele gery het. Hy het egter die hoop uitgesprook dat so 'n uitvoer moontlik sou word namate die toestande meer stabiel raak deur die binnekoms en vestiging van 'n blanke boere-bevolking[49].

Omdat die handelaars reeds vroeg in die negentigerjare kon merk dat hulle handel in beeste met die Kaapkolonie en Transvaal al minder voordelig geword het weens kompetisie vanuit ander oorde, het hulle hul oë na ander moontlike markte gewend. Langs die weskus van Afrika noord van die „Schutzgebiet" het daar 'n groot vraag na vleis bestaan. Ongeveer in 1892 is daar derhalwe 'n poging aangewend om beeste na die Kongo te verskeep. Die eerste besending het met die klein skippie „Souverain" na die Kongo gegaan, maar aangesien daar maar 'n prys van

---

49) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: von Francois - Rykskommissaris, 23 Nov. 1892, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

R12 - 14 behaal is, is geen wins behaal nie. Besending wat da rna gestuur is, het selfs op 'n verlies uitgeloop. Die vernaamste rede vir hierdie mislukking was dat die inwoners van die Kongo voorkeur gegee het aan die kleiner beeste van 180 - 220 pond omdat vleis in die tropiese gebiede net bruikbaar was op die dag wat dit geslag is. Die Damara-beeste met hul 600-800 pond lewendige gewig was dus nie so gewild nie.

Nitzsche het Duitsland vroeg in 1893 besoek en 'n aantal belangrike voorstelle oor die moontlikheid van beesteuitvoer na Duitsland aan die Buitelandse Departement in Berlyn voorgelê. Hy het beoog dat daar besondere aandag gegee moes word aan so 'n moontlikheid aangesien die kolonie 'n nuwe mark moes vind om sy beeste te verkoop. Die osse uit Suidwes-Afrika was geskik om die lang seereis te deurstaan, het hy gesê. Dit is reeds bewys toe sewe osse van minderwaardige gehalte op die „Carl Woermann" na Duitsland geneem is as vleisvoorraad vir die skip. Met die uitsondering van een het hulle baie goed aangepas by die omstandighede. Ondat die kolonie ontwikkel en die beesstapel steeds sal toeneem en verbeter, sal daar voorsiening moet gemaak word vir uitvoer na Duitsland, het hy gesê. Soiets sou nie alleen vir Suidwes-Afrika tot voordeel wees nie, maar ook vir die boer in Duitsland aangesien die sluiting van die Russiese grens daar 'n gebrek aan beeste laat ontsta n het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien dit besluit word om so 'n onderneming deur te voer moes 'n aantal dinge in gedagte gehou word. Die diere moes vroegtydig en oor 'n tydperk aangekoop word om 'n skielike verhoging in pryse in die kolonie te voorkom. Die geskikste tyd om die diere te versend sou van Maart tot Augustus wees omdat hulle dan op hul vetste was. Indien die vaart direk na Duitsland uitgevoer kon word, sou dit binne vier weke voltooi kon wees. Daarby sou die skepe spesiaal ingerig moes word om die diere te huisves en alleen die middelste en boonste dekke moes gebruik word. Die voer vir die seereis moes kragtig wees. Volgens 'n voorlopige berekening van Nitzsche sou die totale onkoste om 200 beeste vanaf Suidwes-Afrika tot by die boer in Duitsland te bring ongeveer 51900 Mark (R8826.5) wees[50].

Teen 1893 was die enigste reëlmatige see-verbinding wat Suidwes-Afrika met die buitewêreld gehad het die kusboot „Nautilius" wat maandelik tussen Walvisbaai, Kaapstad en Natal gevaar het. Die skepe van die Duitse firma Woermann und Brock het net tot by Loanda gekom. Die Kongo-staat het tweekeer by wyse van proefneming kleinere skepies na Walvisbaai gestuur met die doel om vee te laai, maar die pogings is gestaak. Hoewel Duitsland 'n moontlike mark vir Suidwes-Afrikaanse beeste was, het die gebrek aan

---

50) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Voorstelle deur Nitzsche aan Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt (afskrif), ongeveer Mei 1893, pp. 3-8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seeverbinding nog in die pad van so 'n skema gestaan. Daar sou ook probleme bestaan indien die Woermann-skepe tot op Walvisbaai sou kom. Aangesien hulle op die heenvaart gewone vrag moes vervoer, sou die skepe nie daarvoor ingerig wees om diere vir die terugvaart op te laai nie en sou dus sonder 'n vrag en teen 'n verlies moes vaar. Indien vee na Europa uitgevoer word, moes die skepe direkte vaarte uitvoer met die uitsluitlike doel om die diere te vervoer. Omdat die vragprys in so 'n geval baie hoog sou wees, was 'n wins in Hamburg nie moontlik nie[51].

Weens die feit dat daar in hierdie tyd wel gevalle voorgekom het waar beeste as slagvee uit Suidwes-Afrika na Duitsland gebring is, onder andere 'n viertal Damaraosse deur die „Syndikat für südwestafrikanische Siedelung", het die Rykskanselier te Berlyn op veeartsenykundige gronde ingegryp. Op 18 Oktober 1893 het hy aan majoor von Francois laat weet dat beeste wat uit Afrika na Duitsland ingevoer word, onderhewig sou wees aan 'n kwarantyn van vier weke op die plek van landing en 'n afsondering van 'n verdere vyf maande op die plek van bestemming[52].

Von Francois, wat reeds sy gedagtes ten opsigte van

---

51) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Memorandum Fischer, aanvoerder Schutztruppe Duits-Oos-Afrika (afskrif), ongeveer Junie 1893, pp. 14-16.
52) Z.B. 1315, O. III. d. 1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Lungenseuche, Generalia: Rykskanselier - Rykskommissaris, 18 Okt. 1893, p. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

n beeste-uitvoer uitgesprek het, het die voorstelle van Nitzsche as prakties uitvoerbaar beskou, ten spyte van ander omstandighede. Daar het egter by hom twyfel bestaan of 'n genoegsame hoeveelheid geskikte beeste op daardie tydstip deur die handelaars bymekaargemaak sou kon word. Hy het ook gesê dat Nitzsche se voorlopige kosteberaming nie betroubaar was nie omdat hy die gewig van die beeste te hoog geskat het[53].

Dit het dus geblyk dat, hoewel die uitvoer van lewende beeste na Duitsland wenslik was, daar heelwat praktiese probleme was wat eers oorbrug sou moes word. Die belanghebbendes kon egter geen geskikte oplossing vind voordat die opstande en die Runderpes van die negentigerjare alle moontlikheid van so 'n uitvoer uitgeskakel het. Die gunstiger marktoestande wat daarna in die aangrensende Britse kolonies ontstaan het en die verdere inboorlingopstande van 1904-1906 het daartoe gelei dat 'n uitvoer na Duitsland vir 'n hele aantal jare op die agtergrond geskuif is. Nog 'n rede waarom daar nie voor so laat as 1912 aan die uitvoer van lewende hawe na die vaderland gedink is nie, was die oortuiging by die owerhede en boere van die kolonie dat 'n uitvoer van verwerkte beesvleis baie voordeliger sou wees. Nadat die politieke toestande weer normaal geword het, het die klem dus veral op die oprigting van fabrieke en die uitvoer van daardie produkte geval.

---

53) Z.B. 1198, N. I. d. l. Viehausfuhr, Generalia: von Francois - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 6 Des. 1893, p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen die jaar 1912 het Duitsland 'n steeds groter wordende tekort aan vleis ondervind. Dit was dus so dat hy sy oë opnuut op sy kolonies gevestig het in die hoop dat die tekort daarvandaan aangevul sou kon word. Van al sy kolonies was Suidwes-Afrika die enigste gebied waar veeboerdery 'n vernaame rol gespeel het. Hoewel daar teen daardie tyd alreeds heelwat gedoen was om ingemakte en bevroore vleis na die vaderland te stuur was die nood so hoog dat daar ook weer oorweging geskenk is aan die invoer van lewende hawe. Soos egter so dikwels in die geskiedenis gebeur, het die onderwerp van die invoer van vleis en lewende hawe in die partypolitieke stryd in Duitsland beland. Die Sosiaal-demokrate en 'n aantal linkse Liberale was ten gunste van 'n tolvrye, ongehinderde invoer van lewende vee en bevroore vleis uit die kolonies. Verskeie van die opposisiepartye het egter besware teen so 'n invoer ingebring. Hulle het aangevoer dat so 'n neiging tot vryhandel nie gepas het by die destydse konserwatiewe stand van die Duitse ekonomie nie. Dié stryd het tot gevolg gehad dat die Duitse Regering nie baie simpatiek teenoor 'n begunstiging van die invoer van beeste uit Suidwes-Afrika was nie[54].

Op hierdie stadium was beeste, indien hulle wel na Duitsland uitgevoer is, onderhewig aan 'n kwarantyntyd van tien dae. Die gesondheidstoestand van die kolonie se beeste was egter so goed dat die Regering in die vaderland

---

54) Lüderitzbuchter Zeitung, 14 Sept. 1912 (Drittes Blatt).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besluit het om dié tydperk heeltemal op te hef. Daar moes egter sorg gedra word dat die diere nie met ander in aanraking kom nie en dat die instansies in Duitsland onmiddellik in kennis gestel sou word van enige siekte wat mag voorgekom het[55].

Suidwes-Afrika het teen hierdie tyd alweer tot 'n mate herstel van die groot verliese aan beeste wat gedurende die moeilike jare gely is. Die kolonie het, wat sy veeboerdery betref, reeds weer mooi vooruitgegaan as gevolg van die invoer van beeste en die aantoel van die troppe. Om die ekonomiese verhoudinge met die buiteland weer op normale peil te probeer bring, het die Goewerneur, dr. Seitz, in 1912 tydens 'n besoek aan Duitsland en ander lande van Europa inligting versamel omtrent die moontlikheid van die uitvoer van vee na daardie lande. Die belangrikste probleem wat hom ook hierdie keer voorgedoen het, was weer die gebrek aan geskikte skepe om lewende hawe te vervoer. Die Woermann-redery het intussen wel 'n gereelde diens tussen Suidwes-Afrika en Hamburg ingestel, maar dit was vragbote wat nie ingerig was om vee te vervoer nie[56]. Tog was daar sommige bote waarin wel beeste vervoer was, soos die gedurige invoer van beeste gedurende daardie tyd getuig. Die probleem was egter

---

55) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: President, Gesundheitsabteilung - Sekretär des Inneren, 24 Sept. 1912, p. 45.

56) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, Switzerland, 25 Sept. 1912, p. 12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat daar nie skepe was wat uitsluitlik vee kon vervoer nie. Daarom kon daar nie groot hoeveelhede - wanneer slegs dan kon dit betaalend wees - versend word nie. Aan die ander kant was die kolonie op daardie stadium nog nie daartoe in staat om werklik groot hoeveelhede beeste uit te voer nie[57].

Die geskiedenis van die uitvoer van beeste uit Suidwes-Afrika gedurende die tydperk 1884 tot 1914 toon dus nie veel ontwikkeling nie. Inteendeel is dit duidelik dat dié bedrywigheid sy hoogtepunt gehad het in die jare wat die Duitse besetting voorafgegaan het en gedurende die eerste tien jaar na die besetting vinnig weggekwyn het. Van uitvoer na oorsese gebiede was daar nie eintlik sprake nie. Teen die einde van die Duitse bewind het die vooruitsigte egter al beter begin lyk vir 'n hervatting van die handel wat vroeër by verre die vernaamste motief was waarom blankes die gebied noord van die Oranje besoek het.

---

57) Z.B. 1200, N. I. c. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Sekr. der Landwirtschaft, Domänen und Forsten - Sekr. des Inneren, 30 Okt. 1912.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V.

DIE VERWERKING EN BEMARKING VAN PRODUKTE VAN DIE BEESBOERDERY.

In die vorige hoofstuk het dit geblyk dat die uitvoer van lewende hawe onder die Duitse bewind nie veel vrugte afgewerp het nie. Na die inbesitname van die gebied het daar verskeie probleme bestaan wat so 'n uitvoer belemmer het. Naas die vraagstuk van veesiektes was daar veral een ander belangrike faktor wat daartoe bygedra het dat dié bedryf maar nie wou vlot nie. Dit was die lang, vermoeidende trekpad wat na die afsetgebiede afgelê moes word en die besonder droë klimaatstoestande langs daardie trekroetes. Die diere was gewoonlik swak van kondisie wanneer hulle by die mark aangekom het. 'n Derde belangrike rede vir die mislukking was die voortdurende onrus en opstand onder die inboorlinge wat die beste besit en langs die trekroetes gewoon het. 'n Laaste rede was dat daar nie gereelde en geskikte seevervoer na lande oor die see was om beeste uit te voer nie.

Die Regering van die kolonie het dus te kampe gehad met die probleem hoe om 'n afset te vind vir die beesboerdery, wat die vernaamste bedryf van die land was. Later sou die probleem vererger deurdat die skaapboerdery ook vooruitgegaan en ook 'n mark benodig het. Ooreenkomstig hulle beleid het die eerste poging tot 'n oplossing egter

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie van regeringskant gekom nie. In 1887 het die here dr. Zehlicke en Brückner van Berlyn die Deutsch-Westafrikanische Kompagnie indie lewe geroep met die doel om die veerykdom van die Herero in Suidwes-Afrika te benut. In September daardie jaar het hulle van die Deutsche Kolonial-Gesellschaft 'n stuk grond by Sandwich Harbour, ongeveer 28 myl suid van Walvisbaai aan die kus, verkry[1]. Daar het hulle 'n stoomslagtery en fabriek opgerig waar hulle vleis ingelê en vleis-ekstrak vervaardig het. Die rede waarom juis dié plek uitgekies is, is nie duidelik nie, maar waarskynlik was dit omdat Sandwich Harbour op daardie stadium die enigste hawe in die omgewing was wat buite die Britse besetting was en van die see af bereikbaar was met die oog op die uitvoer van die produkte. Dit was ook moontlik om die fabriek te voorsien van genoeg slagbeeste uit die binneland.

Die instandhouding van so 'n fabriek was egter 'n onbegonne taak. In 1889 moes die onderneming dan ook laat vaar word en 'n paar jaar later, toe die Regering self aandag aan 'n soortgelyke onderneming begin skenk het, is die redes vir die mislukking in 'n memorandum uiteengesit. Die bedryf is te groot aangepak met te min kapitaal, die beamptes het spandabelrig geleef, hulle was onbevoeg vir die werk en die masjiene en implemente was nie geskik vir

---

1) Sander, L.: Geschichte der Deutschen Kolonial-Gesellschaft, I, pp. 39-40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruik nie. Die trek na Walvisbaai, wat drie tot vier dae geduur het, moes oor groot sandduine uitgevoer word. Daarby was die „hawe" van so 'n aard dat vrag met ligte bootjies vanaf en na die skip gebring moes word. Waaisand het die geboue, wat ystermure gehad het, oorstroom. Voer vir die diere was nie plaaslik verkrygbaar nie en brandstof, benewens die brandhout uit die omgewing, moes van Duitsland ingevoer word. Nog 'n swakplek was dat die blikkies waarin die vleis ingemaak is, nie altyd dig was nie en groot hoeveelhede moes soms in die see gegooi word. Hoewel daar genoeg beeste beskikbaar was vir die fabriek, het die moeilike pad daarheen en die gebrek aan water en weiding heelwat verliese meegebring[2].

Dit is nie bekend waarheen die produkte van die fabriek te Sandwich Harbour uitgevoer is nie. Die enigste gereelde seeverkeer was na en van Kaapstad.

Soos in die geval van die uitvoer van beeste na oorsese markte, het die probleem van die vervoer van verwerkte vleis ook opgeduik. In 1893 was die amptelike mening in Duitsland dat die vervoer van ingemaakte vleis nog nie genoeg grond sou wees vir die instelling van 'n gereelde seeverbinding tussen Europa en Suidwes-Afrika nie. Dit sou ook moeilik wees om op die Europese mark te kompeteer

---

2) Z.B. 1273, N. XIII. c. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Generalia: Memorandum aan Goewerneur (afskrif), datum ontbreek, ongeveer 1906, pp. 1-4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die beter produkte van Suid-Amerika en ander Europese lande[3]. Rykskommissaris von Francois was ook van mening dat 'n vleisinmaakbedryf wat groot genoeg sou wees vir uitvoer, op daardie stadium nog nie prakties moontlik was nie[4].

Ten spyte van die verwoesting van die Runderpes het die kolonie na die epidemie nog oor genoeg beeste beskik om in sy eie behoeftes te voorsien[5]. Die gevaar van die verspreiding van die siekte en die opstande van 1904 - 1906 het egter alle verdere gedates aan die uitvoer van verwerkte beesvleis vireers op die agtergrond geskuiwe. Teen 1906 is die moontlikheid egter weer ondersoek. Na die opstande moes die land ontwikkel word en 'n doeltreffende vleisinmaak- en -uitvoerbedryf sou baie vir die kolonie beteken.

Na aanleiding van die mislukte poging te Sandwich Harbour is die mening uitgespreek dat die suksesvolle deurvoering van 'n inmaakonderneming behoort te slaag indien dit oordeelkundig aangepak word. In teenstelling met Sandwich Harbour sou 'n plek soos Swakopmund baie meer geskik wees. Dit was die terminus van die spoorlyn na

---

3) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Memorandum Fischer, aanvoerder Schutztruppe Duits-Oos-Afrika (afskrif), ongeveer Junie 1893, pp. 14,16-17.
4) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: von Francois - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 6 Des. 1893, pp. 10-11.
5) Z.B. 148, A. VI. a. 3.(tweede lêer) Jahresberichte 1898-1900: Jaarverslag Referent für Tierzucht und Veterinärwesen, 20 Julie 1900, p. 300.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die binneland en Nonidas, wat vyf uur per ossewa daarvandaan gelê het, het genoeg water en weiding vir beeste gebied. Uitvoer sou direk na Duitsland moes geskied omdat die Portugese van Angola 'n hoë tolgeld vir vreemde skepe gehef het en die Kaapkolonie weer voorkeur aan Britse, Indiese en Amerikaanse ware gegee het[6]. In weerwil van hierdie praktiese voorstelle was die oprigting van so 'n fabriek egter nie moontlik nie aangesien die beesstapel van die gebied sodanig uitgedun was dat buitengewone maatreëls nodig was om te verhoed dat daar in die kolonie self 'n tekort aan vleis ontstaan.

Die verbruik van beesvleis in die kolonie het op die gewone manier voortgegaan. Die boere het vir hulle eie behoeftes geslag en slagters het die dorpsbewoners van vleis voorsien. Daar was egter nog maar weinig beheer deur gesondheidsmaatreëls oor die slagterye. 'n Vleisinspeksiewet wat in 1900 uitgevaardig is, was maar slegs 'n begin in die rigting[7]. Toe die regerings-veearts te Okahandja dus by geleentheid te hore kom van besmette vleis wat deur die plaaslike slagters aan mense geleweer is, het hy onmiddellik die aangeleentheid van vleisinspeksie by die Regering

---

6) Z.B. 1273, F. XIII. c. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Generalia: Memorandum aan Goewerneur (afskrif), datum ontbreek, ongeveer 1906, pp. 3-6.

7) Z.B. 1273, F. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: Goewerneur - Adam Erkrath, 17 Julie 1912, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanhangig gemaak[8]. Henning, die Regeringsadviseur in veeartsenykundige sake se kommentaar daarop was egter: „Was hier aus Okahandja berichtet wird klingt recht schön und auch ganz wahr, aber wir befinden uns eben nicht in Europa sondern in Deutsch Süd West, einem Lande in welchem die Erlassung einer completten Verordnung bezügl. Schlacht und Fleischbeschau noch nicht spruchreif ist..."[9].

Die slagterye was 'n belangrike mark vir die blanke en nie-blanke beesboere van die gebied. Die slagters het hulle slagvee by die boere self of op die openbare veilings opgekoop. Te Karibib het 'n veertiental boere 'n onderneming aangepak onder die naam van Genootskap vir die Benutting van Landbouprodukte. Hulle het hulle daarvoor beywer om 'n afsetmoontlikheid vir vee te skep en het derhalwe 'n plaaslike slagtery aan die gang gesit. Dié slagtery het floreer en selfs aan Swakopmund en Jakkalswater gelewer. Maandeliks is sowat 4500 kilogram vleis (9900 pond) verkoop[10]. Die onderneming het egter maar vir sowat twee en 'n half jaar bestaan voordat dit in Oktober 1910 gelikwideer het[11].

---

8) Z.B. 1286, O. I. a. 1. Tierheilwesen, Generalia: Regeringsveearts Okahandja - Goewerneur, 1 Julie 1907, p.58.
9) Z.B. 1286, O. I. a.1. Tierheilwesen, Generalia: Aanteke-ninge deur Henning, 13 Maart 1908, p. 59.
10) Z.B. 1048, K. VI.g. Genossenschaftswesen, Genossenschaft zur Erwertung landwirtschaftlicher Erzeugnisse zu Karibib: Streekshoof Karibib - Goewerneur, 19Julie 1908, p. 1.
11) Z.B. 1048, K. VI. g. Genossenschaftswesen, Genossenschaft zur Erwertung landwirtschaftlicher Erzeugnisse zu Karibib:Genossenschaft -Goewerneur, 24 Okt.1910,p.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ideaal van 'n vleisinmaakfabriek vir die kolonie het weer sterker geword namate die beesboerdery na die opstande weer ontwikkel het. Die doel van die beesteelt was veral om 'n goeie vleisbees te verkry om sodoende eerder minder, maar goeie, as baie maar minderwaardige beeste te teel[12]. 'n Nuwe faktor wat egter die oprigting van so 'n fabriek vertraag het, was die feit dat daar binnelands 'n groeiende aanvraag na bees- en skaapvleis bestaan het. Die permanente blanke bevolking was nog maar klein teen 1909, naamlik 11791 siele, maar die spoorboubedrywighede sowel as die ontdekking van diamante naby Lüderitzbucht en suid van Swakopmund het steeds groter behoeftes geskep. Teen hierdie tyd het die Schutztruppe ook reeds hul voorraad aan slagosse uitgeput. Dié voorraad het bestaan uit beeste wat tydens die opstande gebuit is en slagbeeste wat spesiaal vir die troepe ingevoer is. Die trope sou dus hulle verdere behoeftes uit die land self moes aanvul.

Die algemene verwagting in die kolonie was egter dat die vleisproduksie in die jare wat voorgelê het só sou styg dat die aanbod heelwat meer sou wees as die binnelandse aanvraag. Op hierdie stadium het daar egter in Duitsland 'n verbod bestaan op die invoer van ingemaakte vleis uit sy kolonies. Hoewel die Deutsch -Südwestafri-

---

12) Z.B. 1206, N.I. i. 2.(eerste lêer) Tierzucht, Unterstützung der Viehzucht, Specialia: Denkschrift deur Junker, 24 Aug. 1908, pp. 18, 25-26.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kanischer Farmerbund van voorneme was om 'n vleisinmaak-fabriek op te rig kon hulle dit dus nie doen voordat die verbod opgehef of 'n alternatiewe mark ontstaan het nie[13].

Eerstewens die voorneme vandie Farmerbund was die boerevereniging van Bethanien ook gretig om 'n slagtery met die oog op vleisuitvoer op Brackwasser naby Konkiep aan die Lüderitzburcht - Keetmanshoop - spoorlyn op te rig. Die Regering was ten gunste van so 'n onderneming, maar wou die koste daaraan verbonde liewer aan private kapitaal oorlaat. Hulle was egter bereid om deskundige advies kosteloos te gee[14]. Die boerevereniging het gereken dat hulle nie alleen die slagvee van hul eie streek sou kon bewerk nie, maar ook dié van noordwestelike Kaapland en van Betsjoeanaland[15].

Van die kant van Duitsland is die verbod op die invoer van ingemakte vleis uit sy kolonies gedurende 1911 opgehef. Die beesstapel van die kolonie het ook soveel vooruitgang gemaak dat dit teen 1913 bereken is dat daar jaarliks 18109 osse, 2071 koeie, 247 verse en 5643 kalwers

---

13) Z.B. 1271, N. XIII. a. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Generalia: Referaat deur Erdmann vir Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft, 4 Jan. 1910, pp. 5,7. Referaat nie gelewer nie.
14) Z.B. 1200, N. I. e. 2. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Specialia: Streekshoof Bethanien -Bethanier Farmverein, 19 Aug. 1910, p. 5.
15) Z.B. 1200, N. I. e. 2. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Specialia: Bethanier Farmverein - Streekshoof Bethanien, 2 Sept. 1910, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir uitvoerdoeleindes beskikbaar sou wees[16]. Toestande het dus sodanig verbeter dat 'n uitvoer van beesvleis prakties moontlik geword het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit nie so was dat Suidwes-Afrika gedurende die voorafgaande jare geen vleis uitgevoer het nie. Daar het wel uitvoer geskied en het in 1910 soveel as 25000 kilogram (55000 pond) beloop. Die uitvoer was egter nie na 'n ander land nie, maar het gedien om die skepe wat by die hawens aangedoen het van vleis te voorsien. Die groeiende tekort aan vleis in Duitsland het egter baie meer gewig verleen aan die moontlikheid dat die kolonie daarheen sou kon uitvoer[17].

Verdere persone en ondernemings het gevolglik na vore getree met die oogmerk om van die nuwe afsetgeleentheid gebruik temaak. Reeds teen die einde van 1911 het die slagter op Karibib, 'n sekere Schmidtsdorf, 'n vleisinmakfabriek op die dorp gestig. Teen die middel van die volgende jaar was die fabriek opgerig en het die koopman Thiemann as mede-eienaar toegetree. Die fabriek was toegerus met 'n stoomketel en 'n stoommasjien het die nodige krag verskaf. Binne die eerste jaar van sy bestaan is 251 osse verwerk tot blikkiesvleis wat in die land self verkoop is.

---

16) Z.B. 162, A. VI. a. 6.(tweede lêer) Jahresberichte des Gouvernements 1912-14: Algemene Jaarverslag 1912-13, p. 44.

17) Z.B. 1273, N. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachterciprodukte, Fleisch: Kopie van artikel deur dr. K. Dove in die Tägliche Rundschau, 5 Sept. 1912 onder titel „Fleischeinfuhr aus Südwestafrika", p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Private persone het egter die klag gehad dat die toestand van die vleis na 'n betreklik kort tyd „recht fragwürdig" geword het. Schmidtsdorf se verklaring daarvoor was dat daar tot dan toe 'n masjien ontbreek het om die blikkies te toets. So 'n masjien was egter reeds op weg na die fabriek. Nog iets waaroor die fabriek nog nie beskik het nie, was koelkamers - iets wat in die somer veral beslis nodig was.

Na aanleiding van die beskikbare geriewe en die misluikings van die eerste produkte het die Streekshoof van Karibib die mening uitgespreek dat dit nie waarskynlik was dat die fabriek selfs vir die binnelandse mark 'n sterk faktor sou word nie. „An einen regelrechten Export nach Deutschland ist für Jahre hinaus erst recht nicht zu denken ....", het hy bygevoeg[18].

Voor die einde van 1912 het die fabriek egter beskik oor 'n eie koelkamer en was die bestuurders van plan om gesoute beesvleis na Hamburg uit te voer. Dit sou geskied in stukke van 30-40 pond en in vate met 'n inhoud van ongeveer 4 sentinaar[19]. Terselfdertyd het drie Duitse skeepvaartsmaatskappye hulle bereid verklaar om klein proefbesendings bevrore vleis in hul skepe wat koelruime gehad het na Hamburg te vervoer teen 'n koste van 55 Mark(R9.35)

---

18) Z.B. 1273, N. XIII. c. 6. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Konservenfabriken: Streekshoof Karibib - Goewerneur, 19 Mei 1913, pp. 6-7.

19) Z.B. 1273, N. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: Fleischkonserven-Fabrik Karibib - Goewerneur, 16 Nov. 1912, p.6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

per 1000 kilogram (2200 pond)[20]. Dié stap van die maatskappye het die laaste van die groot probleme van die uitvoer van vleis na Duitsland uit die weg geruim.

Na die mislukte eerste pogings het die vleisinmaakfabriek te Karibib spesiale moeite gedoen om sulke foute te vermy. In Desember 1912 kon hulle dus met genoegdoening aan die Goewerneur verslag doen dat hul produkte in goeie toestand bemark word. Om hom te oortuig, het hulle 'n klein hoeveelheid ingemaakte worst onder die handelsmerk "Landjäger L", wat reeds drie maande voorheen ingemaak was, aan hom gestuur. Op grond van die kwaliteit en varsheid daarvan was hulle daarvan oortuig dat dit ook na Duitsland uitgevoer kon word[21].

Die fabriek en die werksaamhede daarin was onderhewig aan 'n redelike mate van gesondheidsmaatreëls. Kragtens die vleisinspeksiewet van 1900 is die fabriek besoek deur die regeringsdokter en -veearts en sonder vooraf kennisgewing op versoek van die veearts deur 'n polisiebeampte gekontrolleer. Die bepaling was dat, indien enigiets gehaper het, die fabriek vir 'n maand gesluit moes word om die nodige maatreëls te tref[22].

---

20) Lüderitzbuchter Zeitung, 7 Des. 1912 (Drittes Blatt): „Probeweise Ausfuhr von Gefrierfleisch".
21) Z.B. 1273, N. XIII. c. 6. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Konservenfabriken: G. Schmidtsdorf - Waarm. Goewerneur, 13 Des. 1912, p. 1.
22) Z.B. 1273, N. XIII. c. 6. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Konservenfabriken: Strooiskoof Karibib - Goewerneur, 20 Junie 1913, p. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1913 het die fabriek oorgegaan in die hande van twee plaaslike firmas. Die produksie het nog voortgegaan en 'n proefbesending ingemaakte vleis is na die mynwerkers-nedersettings te Lüderitzbucht gestuur wat daarop verdere bestellings by die fabriek geplaas het[23].

Daar is maandeliks sowat 30-35 osse geslag om in die lopende aanvraag van die myne te Lüderitzbucht, van die spoorwegwerkers op die Otavi-lyn, van die myn by Otavi en van die troepe te voorsien[24]. Die fabriek het hom veral na regeringsinstansies gewend om 'n mark vir sy produkte te vind. 'n Proefbesending is gestuur na die stasie van die troepe te Kruiskaap. Hoewel die vleis in 'n heeltemal goeie toestand was, het die troepe egter nie 'n bestelling geplaas nie aangesien hulle reeds voldoende [illegible] proviand voorsien was[25].

Daar is voortdurend pogings aangewend en onderhandelings gevoer om 'n uitvoer van vleis na Duitsland werklikheid te maak. Toe Goewerneur Seitz in 1912 Europa besoek het, het hy ook inligting in dié verband versamel en handelsverbintenisse probeer opbou. Dit sou 'n grondige

---

23) Z.B. 1273, N. XIII. c. 6. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Konservenfabriken: Streckshoof Karibib - Goewerneur, 12 Aug. 1913, p. 16.

24) Z.B. 1273, N. XIII. c. 6. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Konservenfabriken: Streckthoof Karibib - Goewerneur, 7 Okt. 1913, p. 23.

25) Z.B. 1273, N.XIII.c.4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte,Fleisch: Kmdt. Schnabel -Streckshoof Karibib, 8 Sept.1913, p. 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wysiging van die tolwetgewing vereis om die Suidwes-Afrikaanse produk te bevoordeel bo produkte uit ander lande. Daartoe was die Duitse Regering nie bereid alvorens Suidwes-Afrika nie in staat was om in 'n noemenswaardige deel van Duitsland se behoefte te voorsien nie. Duitsland se behoefte aan vleis op daardie stadium was 175 miljoen kilogram (407 miljoen pond; 203,500 ton) vleis[26].

Die feit dat daar nie 'n groot binnelandse mark vir ingemaakte vleis was nie, het daartoe aanleiding gegee dat die inmaakbedryf in die kolonie, maar veral die Regering alles in sy vermoë gedoen het om 'n uitvoerhandel na Duitsland 'n werklikheid te maak. Behalwe die inmaakfabriek te Karibib het daar ook ander soorte ondernemings van dié aard gekom. Op Swakopmund is uiteindelik gereageer op vroeëre voorstelle en 'n fabriek is opgerig waar gesoute vleis berei en vleis ingemaak is. Teen Junie 1912 het hulle dit beplan om gesoute beesvleis na Duitsland uit te voer sodat dit daar tot wors verwerk kon word. Die onderneming het onder die naam van Adam Erkrath gegaan. Die beeste is in Swakopmund geslag, die bene verwyder en die stukke vleis in vate versend[27]. Vir so 'n invoer het

---

26) Z.B. 1200, N. I. e.1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Gouverneur, Switzerland, 25 Sept. 1912, pp.12-1[illegible]

27) Z.B. 1273, N. XIII. e. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: Adam Erkrath - Gouverneur, 24 Junie 1912, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar in Duitsland 'n invoerbelasting van 60 Mark (R10.20) per ton bestaan [28]. Ook die boer Ernst Hecht van die Omaruru-distrik was van voorneme om vleis in bevrore toestand na Duitsland uit te voer [29].

Die redery wat hom die meeste beywer het in belang van die Suidwes-Afrikaanse kolonie was die maatskappy Woermann und Brock, wat in Swakopmund 'n takkantoor opgerig het. Hulle skepe het op verskeie plekke langs die weskus van Afrika aangedoen en ten einde 'n vrag te verseker het hulle steeds dié mark onder die aandag van die Duitse owerhede gebring. Hoewel die uitvoer van beeste na die trope voorheen misluk het, was hulle van mening dat biltong 'n goeie afset daar sou geniet. Hulle wou egter eers 'n klein proefbesending daarheen neem [30]. In 1913 het die firma derhalwe so 'n proefneming gedoen wat volgens hulle oordeel geslaagd was. In samewerking met die slagtery te Windhoek het hulle aan 19 Wes-Afrikaanse nedersettings elk 'n kis met gedroogde en gerookte vleis of gedroogte en gesoute vleis gestuur om uit te vind wat die afsetmoontlik-

---

28) Z.B. 1273, N. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: Goewerneur - Adam Erkrath, 17 Julie 1912, p.4.
29) Z.B. 1200, N. I. c. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: E. Hecht - Goewerneur, 18 Julie 1912, p. 7.
30) Z.B. 1273, N. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: Woermann und Brock - Goewerneur, 27 Nov. 1912, p. 8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hede daarvan was [31].

Gedurende die eerste helfte van 1913 was die prys van slagosse betreklik laag weens die groot aanbod wat daar was. Vanaf Oktober het die prysse egter gestyg, deels omrede die binnelandse mark deur 'n toenemende uitvoer van vleis oor Swakopmund ontlas is. Die vleis wat uitgevoer is, was veral vir die voorsiening van die skepe van die Woermann- en Ost-Afrika-rederye [32].

Tydens sy verblyf te Berlyn het Goewerneur dr. Seitz ook spesifiek navraag gedoen oor die moontlikheid dat die skepe van Duitse rederye met ingemaakte en bevrore vleis uit Suidwes-Afrika voorsien kon word. Die rederye het egter reeds ooreenkomste gehad waardeur hulle van vleisvoorrade voorsien is [33]. Ten spyte daarvan het die inmaakfabriek te Karibib, onder die bestuur van H. Reiche & Co., omstreeks November 1913 'n paar duisend blikkies ingelegde vleis na die vryhawe van Hamburg verskeep om dit daar as skeepsproviand te verkoop. Die verteenwoordigers van die fabriek in Duitsland was die firma Köper, Docke

---

31) Z.B. 1273, N. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: Woermann und Brock - Goewerneur, 22 Sept. 1913, pp. 14-15.

32) Z.B. 1639, S. I. p. 2. Verhältnisse des Handels, Specialia: Jaarverslag van Windhuker Handelskammer 1913, p. 2, (p. 17 van verslag).

33) Z.B. 1200, N. I. c. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekültem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Verslag Kolonial-Wirtschaftliches Komitee (D. K-Gesellschaft) - Goewerneur, 25 Jan. 1913, p. 13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

& Co. van Bremen[34]. Dié stap, sowel as die beywering van die Regering van die koloniehet daartoe aanleiding gegee dat die owerhede van Duitsland se seemag dit aan hulle bemanning aan die wes- en ooskus van Afrika opgedra het om hul behoeftes aan vleis by dié fabriek aan te vul[35].

In April 1913 is 'n besending bevroere vleis deur Woermann und Brock vanaf Swakopmund na Duitsland verskeep. Die kwaliteit van die slagosse wat gebruik is, was ongeveer graad III. Die besending het egter nie 'n gunstige reaksie uitgelok nie. „Den Tieren fehlte vollkommen die Fleischfülle, wie wir sie an unserer guten Schlachtware kennen". Die wyse waarop die diere geslag is en die skoonmaak daarvan was nie na wense nie. Meer sorg moes ook aan die verpakking daarvan bestee word. 'n Gedeelte van die besending was in 'n te digte katoenweefstof verpak en kon dus nie genoeg lug kry nie. Daarby was die vleis nie volledig bevroere voordat dit geloai is nie en van die karkasse het gevolglik krommetrek. Oor die algemeen het die besending nie voldoen aan die voorskrifte van die Duitse vleisinspeksiewet nie[36]. 'n Praktiese probleem waar-

---

34) Z.B. 1273, N. XIII. c. 4. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Fleisch: H. Reiche & Co. - Gouverneur, 26 Okt. 1913, p. 18.

35) Z.B. 1273, N. XIII. c. 6. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Konservenfabriken: Reichs-Marine-Amt - Reichs-Kolonialamt, 23 April 1914, p. 29.

36) Z.B. 1200, N. I. c. 1 Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Obertierarzt dr. Nieberle - Schlachthofinspektor Wolff, ongedateerd, p. 78.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moe die invoerders te doen gekry het, was die ongeskiktheid van die kolonie se hawens. By Swakopmond moes die bevrore vleis tydens die laaiproses vir 'n tyd aan die warm lug blootgestel word[37].

Gedurende Mei 1913 het dr. Neumann, 'n Duitse direkteur van slagterye, Suidwes-Afrika besoek. In 'n toespraak wat hy op 26 Mei in Windhoek gelewer het oor die benutting van die gebied se slagvee, het hy gesê dat die kolonie sy oë moes wend na die wêreldmark. Om dit met sukses te doen moes hulle die vereistes van die verskillende markte bestudeer. Weens die hoë koste verbonde aan 'n uitvoer van lewende slagvee, moes daar gekonsentreer word op die uitvoer van beeste en skape in geslagte toestand. Hy het die tyd egter nog nie ryp geag vir 'n grootskaalse uitvoer na Duitsland nie. Dit geld nie alleen vir bevrore vleis nie, maar ook vir ingemaakte vleis, het hy gesê. Ten slotte het hy klem daarop gelê dat die staat, deur doeltreffende beheer, daarteen moes waak dat swak produkte die naam van die kolonie in gevaar sou bring[38].

Suidwes-Afrika sowel as die ander Duitse kolonies is nog altyd wat die sluiting van handelsverdrae betref, deur Duitsland beskou as behorende tot die buiteland. Dit was so as gevolg van die Duitse „Zollschutzpolitik" wat ten

---

37) Z.B. 1198, H. I. d. l. Viehausfuhr, Generalia: Artikel uit Hamburg Nachrichten, 28 Nov. 1913, p. 65.
38) Südwestbote, 31 Mei en 2 April 1913.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doel gehad het om die binnelandse nywerhede en ondernemings teen vreemde mededinging te beskerm. Dié houding van die vaderland het die kolonies nie tot voordeel gestrek nie. Die Landesrat van Suidwes-Afrika het gevolglik tydens sy sitting in Junie 1913 'n protokol aan die Ryksregering opgestel waarin gevra is dat die kolonie in alle opsigte as deel van die Duitse Ryk beskou en behandel moes word[39].

Die Regering van die kolonie het ook voortgegaan om hulle te beywer vir die gedeeltelike of algehele opheffing van spesiale voorsorgmaatreëls teen veesiektes ten opsigte van vleis uit Suidwes-Afrika aangesien die gebied vry was van sulke siektes. Die versoeke is egter telkens van die hand gewys, deels omrede die koloniale Regering nie hul versoeke met voldoende statistiek gestoun het nie. Die Sekretaris vir Kolonies in Duitsland was self ten gunste van 'n tegemoetkoming teenoor die kolonie. "Ist aber ein dahingehender Antrag nicht in allen Stücken wohl begründet, so wird er meines Erachtens den zu erwartenden Widerstand zu überwinden nicht in der Lage sein und eine Zurückweisung erfahren müssen, die der Angelegenheit weit

---

39) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekuhltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Protokol van Landesrat met begeleidingsbrief aan Goewerneur, 26 Junie 1913, p. 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grösseren Schaden zufügt als ein Zuwarten"[40]. Wat die versoek van die Landesrat betref, was hy van mening dat die tyd nog nie ryp was vir so 'n stap nie[41].

Hoewel die eerste besending bevrore vleis uit Suidwes-Afrika nie aanneemlik was vir die Duitse smak nie en die verkopers daarvan selfs bang was om met die polisie in botsing te kom oor die gehalte daarvan[42], is 'n tweede besending met die skip „Otavi" na Duitsland gestuur. In dié geval moes die hele lading kort nadat dit in Duitsland aangekom het, vernietig word. Die redery wat die vervoer waargeneem het, het dit toegeskryf aan die feit dat die vleis-bedryf in die kolonie nog in sy kinderskoene gestaan het. Na hierdie tweede verlies het die redery nie kans gesien om verdere besendings te vervoer nie[43].

Wat die uitvoer van vleis in watter vorm ookal betref, het die vooruitsigte teen 1914 dus nie rooskleurig gelyk nie. Pogings om na die buiteland uit te voer het op 'n

---

40) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewernour, 18 Aug. 1913, pp. 64-66.
41) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewernour, 25 Sept. 1913, p. 67.
42) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Verslag Schlachthofinspektor Wolff en Schlachtermeister J. Amann - dr. Neumann, 19 Des. 1913, p. 77.
43) Z.B. 1200, N. I. e. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Hamburg-Amerika-Linie - dr. Neumann, 19 Des. 1913.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fiasko uitgeloop. Met die vergroting van die oorlogsgevaar het die lewering van ingemaakte vleis aan instansies in die land self ook in duie gestort. In Februarie 1914 het die uitslag van die proefbesendings gedroogte en gerookte vleis na die 19 Wes-Afrikaanse nedersettings bekend geraak. Die verslae daaroor was in party gevalle gunstig maar die meeste van die nedersettings was nie bereid om vaste bestellings te plaas nie[44].

Gedurende die Duitse bewind is daar nie eintlik aandag gegee aan die uitvoer van vleis, in enige ander vorm as lewende vee, na Kaapland nie. Dit was eers vroeg in 1914 dat dié moontlikheid ondersoek is. Die redes hiervoor was dat die Unie van Suid-Afrika 'n strenge beleid gevolg het ten opsigte van die moontlike verspreiding van veesiektes en dat die Unie almeer selfversorgend geword het wat sy behoefte aan vleis betref. Gedurende Januarie-Februarie 1914 is twee proefbesendings vleis na Kaapstad verskeep. Die eerste lading was op die „Frieda Woermann" wat nie oor 'n koelruim beskik het nie. Hoewel die vleis in die voorskip op die mees lugtige plek opgehang is, het dit in 'n bederfde toestand in Kaapstad aangekom en moes dit in die see gegooi word.

Die tweede besending is met die skip „General" van

---

44) Z.B. 1271, N. XIII. a. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Generalia: Woermann und Brock - Goewerneur, 3 Feb. 1914, pp. 16-19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Deutsch-Ost-Afrika-redery, wat wel 'n koelruim besit het, verskeep. Die vrag het bestaan uit ongeveer 20 beeskwarte en 20 skape. Volgens die Duitse Landbou-deskundige vir Brits-Suid-Afrika, dr. F. Guradze, het die vleis in goeie toestand in die Kaapse hawe aangekom. Hy was egter baie ontevrede oor die wyse waarop die vleis in die hawe hanteer is. Die verkopers van die vleis in Kaapstad, die Imperial Cold Storage, het egter verklaar dat hulle graag groter hoeveelhede vleis uit Suidwes-Afrika sou wou koop indien die vleis in 'n goeie toestand afgelewer word[45].

Dit was eers in hierdie stadium dat die owerhede van die kolonie besorgd begin raak het oor die swak reputasie van die Suidwes-Afrikaanse vleisprodukte in die buiteland. Die eerste instansie wat die saak aangeroer het, was die Landesrat wat in Mei 1914 die Regering versoek het dat vleis wat in vars, gevriesde of verkoelde toestand oorsee uitgevoer word aan amptelike kontrole onderworp moes word. Dit is dan ook gedoen[47].

Die vernaamste doel van die beesteelers in die kolonie was om 'n goeie vleisbees te teel met die oog op die voor-

---

45) Z.B. 1200, N. I. c. 2. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Specialia: Verslag dr. F. Guradze - Rykskanselier, 17 Feb. 1914, pp. 33-34.
46) Z.B. 1200, N. I. c. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Protokol Landesrat, Mei 1914, p. 114.
47) Z.B. 1200, N. I. c. 1. Tierzucht, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, Generalia: Aantekening deur Goewerneur, 1 Okt. 1914, p. 114.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siening en ook uitvoer na die buiteland. Dit was by hulle 'n sekondêre doelstelling om 'n goeie melkproduserende dier te ontwikkel. Die inheemse beeste was nie goeie melkbeeste nie. Van hulle het die Afrikaner-koei nog die meeste melk gelewer. Omdat die Afrikanerbees reeds 'n redelike vleisgehalte besit het, het die telers, sy melkproduksie probeer verhoog deur hom met die Friesbees uit die laaglande van Duitsland te kruis. Dié teelt het veral in die sentrale en suidelike streke van die gebied plaasgevind. In die noorde het boere, soos die Omambonde-teeltvereniging, weer die Ovambo- en Friesbees gekruis[48].

Dié pogings om die melkproduksie te verbeter het maar eers gedurende die laaste vier jaar van die Duitse bewind vrugte begin afwerp. Die rede daarvoor was weereens die vernietigingswerk van veesiektes en opstande. Hoewel die boerevroue wel botter gemaak het vir eie gebruik was die produksie nie van so 'n aard dat die kolonie selfvoorsienend in dié opsig kon wees nie. Aansienlike hoeveelhede botter en kaas moes gevolglik ingevoer word om veral die dorpe te voorsien. Hoewel die mark vir suiwelprodukte dus voorhande was, het die ontwikkeling van die beesteelt nog nie so ver gevorder dat van die geleentheid gebruik gemaak kon word nie. Daarvan getuig die mening van Erdmann, die voorsitter van die Windhoekse boerevereniging in 1907. Op 'n

---

48) Vgl. Hoofstuk III.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vraag of die kolonie nie self sy suiwelprodukte kon voorsi nie[49], het hy geantwoord dat dit nog veels te vroeg vir so-iets was. Die toestande in die kolonie was nie geskik vir die oprigting van 'n melkery nie. Aangesien die beest slegs van weiding afhanklik was vir kos, kon geen boer hom nog verbind om 'n vaste hoeveelheid melk gedurende die droë tyd te lewer nie. Weens die ver afstande tussen die plase en dorpe kon die melk ook nie gou afgelewer word nie[50].

Langsamerhand het die toestande egter verbeter. Die melkproduksie het gestyg en die verkeerswe, paaie en spoorwe, het verbeter. Die gevolg was dat die behoefte aan 'n mark sowel as die moontlikheid van 'n mark vergroot is. Vars melk kon egter nog net deur plase wat nie by die groterige dorpe gelê het, bemark word. Op 'n plek soos Lüderitzbucht moes 'n klein aantal koeie met voer van elders gevoer word omdat daar geen weiding was nie. Die prys van vars melk daar was dus besonder hoog. In gevalle waar vars melk nie noodsaaklik was nie, is nog maar van blikkiesmelk gebruik gemaak. Swakopmund het wel oor 'n beperkte mate van weiding beskik by Nonidas, 'n paar myl met die Swakoprivier op.

---

49) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: H. Tillier - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 18 Sept. 1906, p. 3.

50) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: . Erdmann - Gouverneur, 12 Mei 1907, p. 10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat die produksie van botter betref, was die toestande ietwat anders. Dit was 'n produk wat makliker bemark kon word, en in die sentrale streke van Windhoek, Okahandja en Karibib was daar teen 1910 reeds 'n oorproduksie. Waar die „Ein - und Verkaufsgenossenschaft" in Windhoek in 1908 nog maar 9000 pond botter verkoop het, het dit reeds die volgende jaar 'n omset van 28000 pond gehad. Die surplus botter van die streek Windhoek is oor 'n afstand van ongeveer 235 myl per spoor na Swakopmund in houtkiste met dubbele wande gestuur. Daar het dit reeds in toenemende mate die ingevoerde Argentynse en Australiese botter verdring. Die Farmersbund was egter nog van oordeel dat die oprigting van 'n sentrale melkery te Windhoek nog nie 'n praktiese onderneming sou wees nie. Die gehalte en aard van die botter wat op die verskillende plase geproduseer is, het baie gewissel. Hoewel 'n aantal boere reeds masjiene van die beste tipe besit het, was daar oor die algemeen 'n gebrek aan die nodige implemente en tegniese kennis vir die botterbedryf.

Op enkele plase is daar teen 1910 ook reeds kaas van die Tilsiter-soort gemaak. Dit was van goeie gehalte en baie gesog. Die vervaardiging van kaas het egter, meer as botter, vakkennis vereis. Daarom het die Farmersbund ook die Regering genader met 'n aanbeveling dat 'n deskundige aangestel moes word om die mense in te lig. Hulle was die mening toegedaan dat, indien die land se melkvoor-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

raad op die regte wyse tot botter en kaas verwerk kon word 'n winsgewende uitvoer spoedig moontlik sou wees[51].

Ten spyte daarvan dat die Farmerbund die tyd nog nie ryp geag het vir die oprigting van 'n melkery nie, het 'n twintigtal boere van die Okahandja-distrik in Maart 1910 vergader om die saak te bespreek[52]. Onderhandelings met die Schutztruppe met die oog op 'n mark vir die botter het egter daartoe gelei dat die poging laat vaar is[53].

Ook van die kant van die Ryksregering was daar belangstelling in die suiwelproduksie van die kolonie. Hulle het daarin 'n afsetmoontlikheid vir Duitse melkmasjiene en ander -apparaat gesien[54]. Derhalwe het die Koloniale Kantoor die Goewerneur gevra om, behalwe sy gewone jaarverslag, ook jaarliks 'n verslag oor die melkbedryf van die „Schutzgebiet" aan hulle te stuur[55]. Dit is 'n aanduiding dat die vaderland teenoor 'n moontlike invoer van suiwelprodukte uit die kolonie simpatiek sou staan.

---

51) Z.B. 1271, N. XIII. a. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Generalia: Referaat deur Erdmann vir Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft, 4 Jan.1910, pp. 8-9. Referaat nie gelewer nie.

52) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: P. Stoermer - Goewerneur, 7 Maart 1910, p. 12.

53) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnisssen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: Hoof van Schutztruppe - Goewerneur, 21 Maart 1910, p. 14.

54) Z.B. 1272, N. XIII. b. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Generalia: Sekr. des Inneren - Reichs-Kolonialamt, 30 Nov. 1909, p. 2.

55) Z.B. 1272, N. XIII. b. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 24 Maart 1910, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Keetmanshoop is die dorp voorsien van botter deur die boere Bassingthwaighte van Bystek en Kaiser aan die Auribrivier. Die ander boere van die streek het slegs vir eie gebruik botter gemaak[56]. Op Tsumis, naby Rehoboth, het die boer Wahl 'n kaasmakery ingerig wat 'n goeie Tilsiterkaas gelewer het. Ongelukkig vir hom het dit egter geblyk dat hy nie 'n afsetgebied daarvoor kon kry nie[57]. In die suide by Warmbad was daar alleen melk- en botterproduksie vir huisgebruik. Daar kon ook nie veel beeste aangehou word nie weens die droë klimaat[58]. Vroeg in 1911 het die klein produksie van vars melk op Lüderitzbucht ook opgehou[59]. Ook op Gobabis was die produksie maar net vir eie gebruik. Soos op Windhoek was daar 'n oorproduksie van botter op Okahandja, maar kaas is daar net deur 'n kleinboer in die Osona-

---

56) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Streekshoof Keetmanshoop, 19 Mei 1910, p. 7.

57) Z.B. 1272, N. XIII. B. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Distrikshoof Rehoboth, 20 Mei 1910, p. 1, en 11 April 1911, p. 86.

58) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Streekshoof Warmbad, 9 Aug. 1910, p. 37.

59) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Streekshoof Lüderitzbucht, 25 Maart 1911, p. 64.

60) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Distrikshoof Gobabis, 12 Aug. 1910, p. 24.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nedersetting one Muth, gemaak[61]. By Karibib was die toestand effens beter. Daar is maandelik 15950 gelling melk vir verkoop geproduseer deur die 27 melkboere wat in die streek woonagtig was. Net een boer het in groot maat kaas geproduseer[62]. In 1911 was daar reeds vier klein melkerye in Swakopmund en Nonidas[63]. Op Outjo was daar 'n onderneming aan wie 'n aantal boere melk gelewer het. „Wie überall in der Butterfabrikation wurde auch in unserem Bezirk erstklassige Butter nur produziert, da wo Sachkenntnis und peinlichste Sauberkeit Hand in Hand gingen", het die boer Schlettwein van die plaas Otjitambi geskryf. Schlettwein het op sy plaas ook 'n kaasmakery ingerig omdat dit die beste manier was om sy melk te benut in so 'n afgelegé streek. Hy het soetmelk- sowel as cheddarkaas gemaak[64].

Die eerste poging van besondere betekenis het egter eers in 1912 gekom. 'n Aantal boere van Omaruru onder leiding van Paul L. Block het planne beraam om 'n melkery en

61) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Distrikshoof Okahandja, 30 Mei 1910, p. 3.
62) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Streekshoof Karibib, 25 Julie 1910, p. 20.
63) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Jaarverslag Streekshoof Swakopmund, 4 Mei 1911, p. 84.
64) Z.B. 1272, N. XIII. b. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Sonderberichte über die Milchwirtschaft: Verslag deur Schlettwein - Streekshoof Outjo, 14 Junie 1910, pp. 17-18.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

romery in Kalkfeld op te rig. „Es würde die erste Molkerei im Lande sein und schlägt dieses Unternehmen fehl.... so wird das sehr bedrückend auf unsere gesamte wirtschaftliche Entwickelung des Landes einwirken!" het hy geskryf[65]. Dr. Guradze van Kaapstad het die boere aangeraai om op een of ander wyse hul onderneming te grond op die kennis en ervaring wat reeds in Suid-Afrika opgedoen is. As hulle dit nie doen nie, het hy gesê, sou hulle die gevaar loop om 'n misluking daarvan te maak om dieselfde redes waarom soveel misluikings op ander gebiede in Duits-Suidwes-Afrika gemaak is[66]! Die boere het op Kalkfeld 'n stuk grond van twee hektaar present gekry van 'n boer en die stigters-vergadering is vir Maart 1913 belê[67]. Die Regering het egter nie kans gesien om geldelike steun aan die onderneming te verleen nie[68], en hulle moes die bedrag vir hul aanvangskapitaal leen, onder andere by die Bodenkredit-gesellschaft[69].

---

65) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: P. Block - Duitse Konsul, Kaapstad, 21 Julie 1912, p. 28.
66) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: dr. Guradze - P. Block, 6 Aug. 1912, p. 33.
67) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: Streckshoof Omaruru - Goewerneur, 9 Feb. 1913, p. 51.
68) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: Telegram Goewerneur - Block, 12 Maart 1913, p. 55.
69) Z.B. 1272, N. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: Block - Goewerneur, 31 Des. 1912, p. 47.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie onderneming van die Kalkfeldse boere het 'n nuwe mark geopen vir die beesboere van die noorde. Dit sou hulle aanmoedig om die melkproduksie van hul kuddes op te stoot en was dus 'n stimulans vir die beesteelt van daardie gebied. Die beesgebied van die noorde het teen 1913 dus die voordeel van twee boere-ondernemings gehad, naamlik die melkery te Kalkfeld en die stoetvereniging Omambonde naby Grootfontein. In 1913 is ook 'n koöperatiewe botterfabriek op die plaas Tugab, sowat 35 myl van Windhoek begin deur die boer Von Duritz in samewerking met die Deutsche Farmgesellschaft. Dit het ongeveer 60 pond botter per dag gelewer[70].

Vroeg daardie jaar het die firma Woermann und Brock 'n eerste proefbesending botter van sowat 50 sentinaar na Duitsland gestuur. Die botter het 'n besonder goeie indruk op die betrokke toetsbeamptes in Duitsland gemaak[71]. Daarna het die firma nog 'n paar besendings na Duitsland verskeep, maar dit het ongunstiger verslae uitgelok. Derhalwe het hulle besluit dat 'n uitvoer van botter na Europa op dié stadium onlonend sou wees. Die botter was nog nie van dieselfde gehalte as dié van oorsese lande nie. Die Regering het ook die mening uitgespreek dat uitvoer eers

---

70) Union of S.A.: Memorandum on the Country known as German South-West Africa, p. 40.
71) Z.B. 1272, N. XIII.b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: Woermann und Brock - Richter, 2 Mei 1913, p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dan moontlik sou wees as die botter nie meer net op afsonderlike plase gemaak word nie, maar deur gesamentlike ondernemings[72].

Die firma was egter daarvan oortuig dat, indien botter van goeie gehalte op die Duitse mark geplaas word, dit winsgewend sou word. Derhalwe het hulle gedurende 1913 voortgegaan om kleiner proefbesendings uit te voer. Gedurende die jaar het hulle 40,000 pond botter van die boere oorgeneem, veral uit Omaruru. 'n Besending wat teen die helfte van die jaar verskeep is, was egter weereens in so 'n toestand "....dass zu deren Beseitigung der Abdecker herangezogen werden musste"[73]. Afgesien van dié misluk-king het die firma egter tog heelwat botter uit Suidwes-Afrika in die vryhawe van Hamburg verkoop. Dié botter is meestal met ander bestanddele geneng en dan benark[74].

Hoewel die uitvoer van botter dus effens beter resultate opgelewer het as dié van vleis, was dit teen 1914 'n bedryf wat nog in 'n proefstadium was.

Ten slotte kan kortliks verwys word na die benutting

---

72) Z.B. 1272, H. XIII. b. 2. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Specialia: Goeverneur - Julius Michaelis, groothandelsfirma in Duitsland, 7 Julie 1913, pp. 58-59.

73) Z.B. 1272, H. XIII. b. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Generalia: Woermann und Brock - Goeverneur, 29 Sept. 1913, pp.10-11.

74) Z.B. 1272, H. XIII. b. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Molkereiprodukte, Generalia: Woermann und Brock - Südwest, 29 Sept. 1913, pp. 17-19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van produkte van die beesboerdery soos velle, horings en kloue. Omdat dit 'n goedkoop tipe artikel is, is daar baie jare lank nie eintlik ernstig aandag aan die benutting van dié dinge geskenk nie. Van die drie het beesvelle die grootste nut gehad. Dit is bekend dat daar in die jaar 1860 'n totaal van 774 beesvelle ter waarde van £354 (R708) en 363 beeshorings ter waarde van £6 vanaf Walvisbaai na Kaapstad uitgevoer is[75]. Daarvan was waarskynlik die meeste uit Damaraland afkomstig. Die statistiek vir die jare voor die Duitse besetting toon egter 'n groot wisselvalligheid wat betref die uitvoer van dergelike artikels.

Dit was eers in die jaar 1902 dat die Duitse Regering van die kolonie stappe begin doen het om 'n afset vir beesvelle uit Suidwes-Afrika te soek. Reeds aan die begin van daardie jaar is die eerste klein besending bees- en bokvelle vanaf Gibeon na Duitsland gestuur. Die velle was egter swak bewerk en slegs twee van die beesvelle was van goeie gehalte[76]. Na aanleiding daarvan was die Regering van mening dat die velle liewer onbewerk na Duitsland gestuur moes word sodat dit daar die beste behandeling kon kry[77]. Eers in 1906 het die firma Stern & Henker van

---

75) Cape of Good Hope Blue Book and Statistical Register, 1860, AA. 34-35.
76) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Schlachtereiprodukte, Tierhäute: Verslag oor besending deur Zentralverein der deutschen Lederindustrie, 8 Feb. 1902, pp. 143 -144.
77) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft... Tierhäute: Memorandum oor leerindustrie, E.V. Reichel (afskrif) ongeveer Nov. 1902, p. 10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Windhoek dit weer gewaag om self velle te bewerk en na Duitsland te stuur vir ondersoek[78]. Die beesvelle het egter veel te wense oorgelaat, wat gehalte sowel as behandeling betref[79].

Nog 'n besending is in April 1907 deur dieselfde firma afgestuur[80]. Die „Deutsche Versuchsanstalt für Lederindustrie" se verslag oor die proefneming was dat die leer van die beesvelle van geringe kwaliteit was en op die Duitse mark skaars verkoopbaar sou wees[81]. Behalwe dat die gehalte van die leer dus nie goed was nie, was daar nie verdere probleme met die uitvoer van velle en horings nie. Gedurende 1908 is 'n totaal van 85,132 kilogram (ongeveer 94 ton) velle en horings uitgevoer. Die gebruik van beesvelle in die land self was beperk tot die maak van osriemе[82]. Die uitvoer van hierdie dinge was natuurlik ook tot 'n groot mate onderhewig aan maatreëls teen die versprei-

---

78) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Tierhäute: Goewerneur - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 16 Jan. 1906, p. 1q.

79) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft... Tierhäute: Verslag Zentralverein der deutschen Lederindustrie, 3 April 1906, p. 1q.

80) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft... Tierhäute: Goewerneur - Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt, 9 April 1907, p. 2c.

81) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Tierhäute: Verslag Deutsche Versuchsanstalt für Lederindustrie, 24 Julie 1907, pp. 2d-2e.

82) Z.B. 1271, N. XIII. a. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Generalia: Referaat deur Erdmann vir Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft, 4 Jan. 1910, p. 10, Referaat nie gelewer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ding van veesiektes. Aangesien Suidwes-Afrika sedert 1902 egter betreklik vry was van gevaarlike beessiektes, het dit nie so 'n groot rol gespeel nie.

In 1909 is die eerste leerlooiery in die kolonie opgerig en wel in die distrik van Bethanien. Dit het goed gevaar en verskeie opdragte uit die land ontvang[83].

Suidwes-Afrika het ook groot hoeveelhede beesvelle na Kaapland uitgevoer. Driekwart daarvan was egter nie op die regte wyse berei vir verkoop nie en dit het meegebring dat die pryse wat dit behaal het maar laag was. Die hoogste pryse vir beesvelle was 9½ tot 10½ pennie per pond en vir groot beeshorings 8 tot 9 pennie stuk[84].

Die grootste klagte teen die velle uit die Duitse kolonie was dat dit nie met genoeg sorg bewerk was nie. Alle stukkies vleis en vet moes verwyder word, dit moes gespalk, gesout en op rame drooggemaak word. Sorgeloosheid in dié opsig het veroorsaak dat die velle vol wurms was wanneer dit op die mark gekom het[85].

---

83) Reichs-Kolonialamt: Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee 1910-11, amtliche Jahresberichte, Erster Teil, p. 132.

84) Z.B. 1273, N. XIII. c. 3. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft ... Tierhäute: Verslag deur dr. Guradze oor besending velle, 10 Jan. 1913, pp.38, 41.

85) Südwestbote, 31 Mei en 2 April 1913: Toespraak deur dr. Neumann 26 Mei 1913; Vgl. ook Z.B. 1271, N. XIII.a. 1. Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft, Generalia: Woermann und Brock - Goewerneur, 3 Feb. 1914, p. 33.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het nou geblyk dat daar veral sedert die einde van die opstande van 1904-1906 'n ernstige soektog na markte vir die produkte van die beesboerdery was. Verskeie pogings is aangewend om die produkte wat nie in die land self verbruik kon word nie te verwerk en na buitelandse markte te stuur. In die meeste gevalle het dié pogings op mislukking uitgeloop, maar misluikings is onvermydelik wanneer pionierswerk op die gebied van internasionale bemarking gedoen moet word. In sommige gevalle is oogloopende foute begaan as gevolg van die te groot inisiatief en optimisme van die ondernemers. Tog het dit die pad voorbereid vir die ontwikkeling van dié bedrywe ter bevordering van die beesteelt.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI

DIE VOORKOMS EN BESTRYDING VAN BEESSIEKTES IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA.

Hoewel die beesboer van enige land afhanklik is van 'n redelike reënval, goeie weiding, goeie teelmetodes en 'n voldoende afset vir sukses in sy boerdery, bly een van sy grootste problemé steeds dié van veesiektes. Die pionier-boer se lewe word dikwels versuur deur roofdiere by sy beeste. Terwyl dié gevare egter afneem soos die land gekoloniseer en digter bewoon word, neem die gevaar van veesiektes darenteen weer juis toe. Hoe meer vee van buite binnekom, wettig of onwettig, hoe makliker is die binnekoms van siektes. Die siektes kan in die vorm van peste voorkom en binne 'n kort tyd baie groot skade aanrig.[1]

Soos vroeër reeds geblyk het, was die Longsiekte feitlik die enigste beessiekte wat voor die koms van die Duitse gesag in Suidwes-Afrika bekend was. Hoewel die epidemie van 1860 spoedig ten einde geloop het, het dit nie beteken dat die siekte geheelenal uitgewis was nie. Dr. Goering, die eerste Duitse Rykskommissaris in

1) Walter, H. en Volk, O.H.:Grundlagen der Weidewirtschaft in Südwestafrika, p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suidwes-Afrika, het spoedig besef dat strenge maatreëls getref moes word om die verspreiding van Longsiekte te verhoed.

Op 1 Augustus 1888 het dr. Goering vanaf Otjimbingwe 'n verordening uitgevaardig waarin hy regulasies ter bestryding van die „Longzikte" neergelê het. Elke beesbesitter of beesdrywer moes 'n dier wat die siekte gekry het of onder verdenking was onmiddellik afsonderen en die naaste hoofman daarvan in kennis stel. 'n Kommissie van drie deskundiges sou dan die geval ondersoek. Indien die bedenkinge gegrond was, moes die dier vir drie maande afgesonder bly op onkoste van die betrokke persoon self. Oortreding van dié regulasies was strafbaar met 'n boete van 1000 Mark. Dié verordening is in Duits, Nederlands en Otji-Herero uitgevaardig[2)] en was opgestel aan die hand van 'n dergelike wet teen Longsiekte van die Suid-Afrikaanse Republiek[3)].

Gedurende die eerste jare van die Duitse besetting het die Longsiekte nog dikwels die verkeer in verskillende dele van die land lamgelê. Soms is die siekte deur die

2) Z.B. 1315, O.III.d.1. Seuchen und Krankheiten der Lungensenche, Generalia: Verordnung, 1 Aug.1888,pp. 4 - 5.
3) Staats-Courant der Z.A. Republiek, 29 Junie 1887: Wet tot keering der Longziekte, 8 Junie 1870.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deurtrekkende osse van 'n handelaarna 'n bepaalde gebied gebring. Omdat dit 'n uiters aansteeklike siekte was, het dit dikwels groot skade aangerig onder die beeste van die inboorlinge veral in die sentrale dele van die kolonie.[4]. Juis vanweë dié siekte is daar in 1893 van die kant van Duitsland veeartsenykundige beperkings op die invoer van beeste uit Suidwes-Afrika gelê. Sulke beeste sou onderhewig wees aan 'n vierweekse kwarantyn op die plek in Duitsland waar dit ontskeep is en moes dan nog vir 'n verdere vyf maande op die plek van bestemming afgesonder word[5].

Hoewel Suidwes-Afrika onder Duitse bestuur was, het die owerhede nog maar weinig beheer oor die toestande in die land gehad. Orde sou net deur 'n sterk polisiemag gehandhaaf kon word, maar die Schutztruppe was maar min in getal. Die gedurige onrustigheid dwarsoor Nama- en Hereroland het die volle aandag van die handjievol polisie geverg en aan die toepassing van veesiektewette kon hulle maar min doen. Deur die aanstelling van 'n aantal Streekshoofde op die

---

4) Vedder, H.: Quellen, XIX, Die Franzmannschen Hottentotten des Simon Kooper, Berichten von F. Rust (sen.), 1888-94: Brief van Rust, 5 Mei 1892, pp. 21 - 22.
5) Z.B. 1315, O.III.d.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Lungenseuche, Generalia: Rykskanselier - Rykskommissaris, 18 Okt. 1893, p. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vernaamste plekke in die land het die Regering egter meer aansien verwerf met dié verteenwoordigers as gesagsdraers. Derhalwe kon hy in Augustus 1894, kragtens die Longsiektewet van 1888, aan elke Streekshoof die opdrag gee om jaarliks 'n die vereiste kommissie van drie deskundiges aan te stel. Terselfdertyd is bepaal dat alle transportryers 'n gesondheidsbewys deur dié kommissie vir hulle diere moes besit tot tyd en wyl die Longsiekte uitgewis was.[6]. Namate die troepe in die land toegeneem het, kon oortreders van die wet ook stywer vasgevat word.

Toestande het so voortgeduur tot vroeg in 1896. Gedurende die tweede helfte van daardie jaar en die daaropvolgende jaar sou die vermoë van die Regering om met die middels tot sy beskikking die hoof te bied aan veesiektes tot die uiterste getoets word. In die destydse Duits-Oos-Afrikaanse kolonie, later bekend as Tanganjika, het die Rinderpest vir 'n geruime tyd voorgekom en is daar bestudeer deur die Duitse geleerde, Professor Koch, en sy assistent, dr. Kohlstock[7]. Die siekte het vinnig suidwaarts versprei

---

6) Kolonial-Blatt 1894: Polizeiverordnung, 2 Aug. 1894, p.5[illegible]
7) Z.B. 1311, O.III.c.3. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Verslag oor siekte deur Rickmann, 5 Sept. 1897.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en te midde van die roof en plunder deur Hendrik Witbooi het Suidwes-Afrika ook in gevaar gekom.

Leutwein, die hoof van die kolonie, het onmiddellik voorsorgmaatreëls begin tref. Op 22 Junie 1896 het hy maatreëls uitgevaardig om die binnekoms van die Runderpes te verhoed. Die binnekoms van beeste, skape, bokke, kamele of enige ander herkouende dier, sowel as ossewaens, trekgoed, velle en horings is verbied. Verder is dit aan die Streekshoofde opgedra om, ingeval die siekte in hulle gebied uitgebreek het, die nodige strenge maatreëls te tref om die verdere verspreiding daarvan te verhoed[8]. Leutwein het ook reëlings getref om die nodige entstof teen Runderpes in te voer. Dié entstof was kort tevore deur Professor Koch ontwikkel. Op daardie stadium was daar nog net twee opgeleide veeartse in die kolonie, naamlik Rickmann en Borchmann. Rickmann, wat aan die hoof van die veesiektеafdeling gestaan het, is deur Leutwein na die suidelike en suidoostelike grens gestuur om toestande te ondersoek en die nodige maatreëls te tref. Borchmann is terselfdertyd vir die oostelike en noordoostelike grens verantwoordelik gemaak. 'n Derde veearts, dr. Vogt, het spesiaal na Suidwes-Afrika gekom om die noordgrens te behartig maar moes weens swak gesondheid die land weer verlaat nog voordat die Runderpes uitgebreek het.

Leutwein self het 'n reis na die noorde van die gebied

---

8) Z.B. 1311, O.III.c.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder Rinderpest, Generalia: Verordnung, 22 Junie 1896, pp. 1 - 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderneem om die toestande persoonlik te bestudeer. Intussen het die siektegevaar steeds groter geword en Rickmann het die „Landeshauptmann" gewys op die wenslikheid van 'n bufferstrook langs die grens wat vry van vee sou wees[9]. 'n Verdere verordening is dus uitgevaardig in September 1896 waardeur die verbod op binnekoms van toepassing gemaak is op alle soorte diere en ook mense. Uitsonderings sou egter nog toegelaat kon word in gevalle waar die diere, mense of voorwerpe nie uit gebiede gekom het wat besmet was nie, of wanneer bewys van suksesvolle ontsmetting gelewer kon word. Tegelykertyd is dit aan die betrokke Streeks- en Distrikshoofde opgedra om aan die grense van die kolonie 'n strook te bepaal en alle vee wat daarbinne aanwesig was, te vernietig[10].

Teen November 1896 het die Runderpes deurgedring tot in Griekwaland-Wes. Alle verbinding tussen Suidwes-Afrika en die omliggende gebiede was feitlik geheelenal onmoontlik. Die suidelike sendingstasies en dorpe was deur dié maatreëls getref. Hulle het 'n groot deel van hul kosvoorrade uit die Kaapkolonie gekry. Weens die kwarantynmaatreëls kon hulle egter nie meer togte na Steinkopf onderneem nie, maar moes

9) Z.B. 1311, O.III.c.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Verslag oor siekte deur Rickmann, 5 Sept. 1897, pp. 44 - 45.
10) Z.B. 1311, O.III.c.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Generalna: Verordnung, 30 Sept. 1896, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die voorrade teen 'n koste van vier tot vyf sjielings per 100 pond na die Oranjerivier laat bring. „Die Steinkopfer müssen 1000 Yards vom Fluss entfernt abladen, weil die Rinder nicht im Oranje saufen dürfen. Gegen einen weitere Vergütung von 1/- pro 100 lbs. müssen nun die Güter die 1000 Yards auf Tragbahren bis an das Ufer des Flusses getragen (werden). So wird die so nötige Nahrung sehr verteuert."[11] Toestande dwarsoor die kolonie is baie ontwrig deur die Runderpes self en die maatreëls wat daarteen getref is. Veral die toevoer van voedselvoorrade en die handel is in die wiele gery. Daarby was 1896 ook 'n droë jaar en dit 'n gebrek aan weiding laat ontstaan wat dit uiters moeilik gemaak het om beeste op een plek te hou[12].

In Januarie 1897 is die maatreëls aan die grense nogeens verskerp[13]. Al hierdie voorsorgmaatreëls kon egter nie verhoed dat die gevreesde pes wel die kolonie binnegekom het nie. Die pionierstoestande wat nog orals geheers het, die onbeheerbare trek van wild oor die grens en die tekort aan grenswagte het daartoe gelei dat die siekte tog deurgedring het. In Februarie 1897 het die Runderpes in die Sandveld

11) Vedder, H.: Quellen, IX, Warmbad 1885 - 1902, Berichten Missionar C. Wandres: Bericht 26 Nov. 1896, p. 152.
12) Vedder, H.: Quellen, XXIII, Beitrag zur Geschichte der Stationen Grootfontein und Rietfontein.., Berichten von Missionar H. Pabst: Bericht 15 Des. 1896, pp. 104 - 105.
13) Z.B. 1311 O.III.c.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder Rinderpest, Generalia: Verordnung 13 Jan. 1897, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of Omaheke uitgebreek onder die beeste van die Herero-hoofman, Tjetjo. Aanvanklik is die siekte vir Longsiekte aangesien en is eers in April as Runderpes herken. 'n Handelaar wat uit daardie gebied teruggekeer het, het die siekte na die Skaaprivier, suidoos van Windhoek, gebring[14]. Dit was op 6 April 1897, terwyl Leutwein in Windhoek besig was om die gedenkteken ter ere van die gesneuweldes in die Witbooi-oorlog te onthul dat hy berig ontvang het dat die pes in die kolonie geïdentifiseer is[15].

Die Streekshoof van Windhoek, Von Lindequist, het dadelik alle nodige maatreëls getref en dit sodoende moontlik gemaak dat daar elders betyds opgetree kon word[16]. Rickmann en die nuut-aangestelde Bakterioloog dr. Kuhn, het intussen 'n eie entstof ontwikkel wat die pes tot 'n mate teengewerk het[17]. Die entstof van dr. Koch is nie voor Meimaand van daardie jaar aangewend nie. Deur die toedoen van die Regering is die assistent van dr. Koch, naamlik dr. Kohlstock, na die kolonie gebring. Teen die einde van April 1897 het Rickmann na Swakopmund afgegaan om Kohlstock

---

14) Z.B. 1311, O.III.c.3. Seuchen und Krankheiten der Rinder Rinderpest, Alte Akten: Verslag oor siekte deur Rickmann, 5 Sept. 1897, pp. 45 - 46.
15) Leutwein, Th.: Elf Jahr Gouverneur, p. 127.
16) Z.B. 1311, O.III.c.3. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Verslag oor siekte deur Rickmann, 5 Sept. 1897, p. 46.
17) Leutwein, Th.: Elf Jahr Gouverneur, p. 127.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar te ontmoet. Toe hy daar aankom, het hy egter gevind dat Kohlstock nog nie aangeland het nie. Daar was egter reeds 'n aantal briewe vir Kohlstock wat verslae uit die siekte-geteisterde gebiede bevat het. Rickmann het sommige daarvan oopgemaak en dit het alle twyfel wat nog mag bestaan het oor die vraag of dit wel Runderpes was of nie, finaal die nek ingeslaan.

Vroeg in Mei het Rickmann derhalwe weer vertrek sonder dat hy vir Kohlstock kon ontmoet. In Windhoek, waar Von Lindequist reeds met inenting begin het, het Rickmann 'n toegeruste entstasie ingerig. Hyself het daar 'n kort op-leidingskursus gelei en slegs persone wat dit deurgemaak het, is toegelaat om entingswerk te doen. Sy teenwoordig-heid het egter almeer op die omliggende plase nodig geword en hy moes die leiding van die kursus aan ander persone oorlaat. Vir 'n kort tyd het Rickmann hom bepaal by Wind-hoek en omgewing. Hy het reëlings getref dat die polisie sou sorg vir die afsondering van siek beeste. 'n Paar siek diere is van die boere opgekoop en na Eros naby Wind-hoek gebring waar Rickmann hulle ondersoek en behandel het.

Inentingspuite is inderhaas gemaak, maar die omstan-dighede waarin die werkers moes optree, het meegebring dat daar soms foute begaan is. So het Rickmann self dit oor-weeg om die pes te bestry deur die besmette diere dood te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maak. By die talryke inboorlingsbeeste en die rondtrekkende wildtroppe sou so-iets egter nie prakties gewees het nie. Daarom het hy besluit dat die bestryding moes plaasvind deur 'n inenting met die gal van 'n besmette dier en die afsondering van sulke diere. Op een buitepos, die plaas van ene Myburg, het hy binne agt dae 1646 beeste geënt. Op 10 Junie het hy vir die eerste keer beeste wat die inenting met gal deurstaan het, metdie bloed van besmette diere geënt. Ook op Aris en Aub het hy beeste teen die Runderpes geënt.

Dr. Kohlstock het op 19 Junie in Windhoek aangekom en is daar deur Rickmann ontmoet. Kohlstock sou voortaan die leiding in verband met die Runderpesbestryding van Rickmann oorneem. Hy het dan ook noukeurige voorskrifte gegee oor die proses van enting wat aangewend moes word.

Die siekte het intussen ook suidwaarts na Rehoboth versprei en daar is ook 'n entstasie ingerig onder toesig van Schmidt, wat hoofkontrolleur aan die grens was. Kohlstock het, nadat hy op Windhoek en Okahandja ondersoek ingestel het, ook tot die oortuiging gekom dat die inenting met gal alleen nie voldoende was om die bees te immuniseer nie. 'n Verdere inenting met die bloed van 'n besmette dier was ook nodig om as kontrole te dien. In oorleg met Rickmann het hy dus besluit om te Otjimbingwe, waar ook 'n entstasie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgerig is, dié prosedure in te voer[18]:

Kuhn, wat vir die noordelike streke van die kolonie verantwoordelik was, het egter gevind dat, weens die gewaldige omvang van die kuddes, dit nie moontlik was om die beeste wat reeds met gal ingeënt was, weer afsonderlik met bloed te ent nie. Sulke beeste het hy bloot in krale gejaag wat reeds besmet was en die siekte sodoende op hulle „geplant."

Die poging in Suidwes-Afrika om die vernietigende Runderpes te bestry word deur Goewerneur Leutwein beskryf as die beste in suidelike Afrika. Of dit werklik so was, sal moeilik vasgestel kan word, maar dit staan soos 'n paal bo water dat dit 'n grootse poging was. Die kolonie is in inentingsgebiede verdeel en alle beskikbare menslike en materiële hulpmiddels is ingespan. Offisiere, amptenare, soldate en koloniste het deelgeneem aan die veldtog teen die gevreesde pes[19].

Omdat die Runderpes so 'n verwoestende uitwerking gehad het en omdat dit so aansteeklik was, was die maatreëls daarteen ook baie streng. Gevalle van die siekte moes onmiddellik aan die naaste polisie gerapporteer en die strengste

---

18) Z.B: 1311; O.III.c.3. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Verslag oor siekte deur Rickmann, 5 Sept. 1897, pp. 46 - 51, 54 - 57.
19) Leutwein, Th.: Elf Jahr Gouverneur, pp. 127 - 128.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afsonderingsmaatreëls moes daar getref word. Swak bewaakte of besmette veeposte naby verkeersweë kon sumier deur die polisie uitgewis word. Karkasse van besmette beeste wat gedood is, moes verbrand en sowat ses voet diep begrawe word. Die weiding in die omgewing moes ook verbrand word. Veebesitters wat op dié wyse beeste verloor het, sou na meriete deur die Regering vergoed word. Persone wat verantwoordelik was vir die verspreiding van die siekte kon deur die polisie, of selfs ook deur die betrokke besitters van die vee, in hegtenis geneem word. Afgesien van die straf wat reeds bepaal is, kon die oortreders ook vir die skade aanspreeklik gehou word.

Alleen persone wat daartoe gemagtig was, kon diere teen Runderpes inent. Die inkomste wat deur die inenting verkry is, moes ter bestryding van die siekte aangewend word. Die wyse waarop die werkers vergoed is, is deur proklamasie bepaal. In elke streek moes die Streekshoof 'n bende vrywillige werkers op die been bring, hulle met die bevoegdheid van 'n polisiedienaar beklee en hulle oplei in die kuns om beeste in te ent. Dié manne moes 'n rooi doek om die regterbo-arm dra om hulle te onderskei van ander. Die entingsgeld per bees was 3 Mark (R0.51) en uit dié inkomste moes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inkomste het die vrywilligers dan 'n dagloon ontvang[20].

Hoewel die Regering dus alles in sy vermoë gedoen het om die pes te bestry nadat dit finaal vasgestel was in die kolonie, het die epidemie hulle tog tot 'n mate onverhoeds gevang. Daar was 'n tekort aan die regte instrumente en die tyd het ook ontbreek om op doeltreffende wyse genoeg persone op te lei om in die gebiede wat nog vry van die siekte was te ent[21].

Die gebied waar die bestryding van die pes die meeste probleme en moeilikheid opgelewer het, was die noordelike dele. Die gebied was geweldig uitgestrek en skraal bewoon. Daarby het die feitlik onbeheerbare Ovamboland ook deel daarvan uitgemaak en het dit 'n groot bedreiging vir die aangrensende streke van Outjo en Grootfontein ingehou. Meer as in enige ander streek was die Herero van dié gebied vervul met wantroue, bygeloof en selfs vyandigheid jeens die inenting wat eers oorwin moes word. Dr. Kuhn, wat daar werksaam was, het besonder waardevolle diens daar gelewer aangesien hy geweet het hoe om met die inboorlinge om te gaan en ook hulle taal kon praat[22].

---

20) Z.B. 1311, O.III.c.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Generalia: Verordnung 15 Mei 1897, p.11-12.
21) Vedder, H.: Quellen, XXII, Rehoboth 1882 - 1902, Aufzeichnungen von Missionar F. Heidmann: Bericht 3 Aug. 1897 p. 433.
22) Z.B. 147, A.VI.a.3.(eerste lêer) Jahresberichte 1896 - 98: Jaarverslag Streekshoof Outjo, 3 Aug. 1898, pp. 91-92.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanweë die gevaar dat die siekte vanuit Ovamboland die troppe gedurig aantas, is 'n kwarantynlyn van wes na oos, suid van Ovamboland en die Okavango-gebied vasgestel en met 84 grenswagte beman. Die lyn het geloop vanaf Otjituo in die ooste aan die Omuramba-u-Omatako na Namutoni aan die Etosjapan; daarvandaan aan die suidrand van die pan, tot by Okaukwejo, verder na Okana.naby Otjitambi en uiteindelik na Tsawisis. Geen bees mag oor dié lyn gegaan het nie en dit is gedurig gepatrolleer. Die reëntyd aan die einde van 1897 het egter dié maatreëls erg in die wiele gery, want die swaarste reënval in menseheugenis het daardie jaar in dié streek geval. Die gevolg daarvan was dat 'n kwaai koorsepidemie onder die waghoudendes uitgebreek en aansienlike lyding veroorsaak het weens ontoereikende mediese diens. Daarby was dit so dat alle vervoer langs die lyn met osse moes geskied omdat alle ongesoute perde daar aan die Perdesiekte gevrek het. As gevolg van dié toedrag van sake was die linie nie so doeltreffend as wat dit moes wees nie[23]. Die entingswerk het egter voortgegaan en sowat 35,300 beeste in die noorde is behandel[24].

In Hereroland is daarin geslaag om gemiddeld 50%

---

23) Z.B. 147, A.VI.a.3.(tweede lêer) Jahresberichte 1896 - 98: Jaarverslag Streekshoof Outjo, 28 Junie 1897, pp.191-192.
24) Z.B. 147, A.VI.a.3.(eerste lêer) Jahresberichte 1896-98: Jaarverslag Streekshoof Outjo, 3 Aug. 1898, p. 91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die beesstapel te red, terwyl die persentasie by die blankes en die Basters nog hoër was [25]. Die suide van die kolonie het die minste onder die pes gely. Toe dit geblyk het dat die pes besig was om alweer na die suide te versprei is die nodige voorsorgmaatreëls getref. Tussen Keetmanshoop en Gibeon is 'n sone van ongeveer 40 myl breed oor die breedte van die kolonie geskep waaruit alle beeste verwyder moes word. Die sendingstasie Berseba het binne dié strook geval. Die veldtog in die suide was egter nie groot van omvang nie. In die meer noordelike dele van die land het die Runderpesgevaar teen die einde van 1897 reeds weer begin afneem en in die suide is net as voorsorgmaatreël geënt. In Januarie 1898 het die berig gekom dat die pes op Rietfontein, die Britse polisiepos net oor die grens uitgebreek het, maar dit het geen wesentlike gevaar ingehou nie. Op Rehoboth, Hoachanas en Gibeon is teen daardie tyd reeds nie meer geënt nie, maar in die gebied suid van die kwarantynlyn wel, naamlik op Keetmanshoop. Sommige van die Nama-kapteins het egter hulle mense verbied om te laat ent [26]. Dit het heelwat ongerief veroorsaak vir dié persone wat wel laat ent het, omdat die diere streng geskei moes word [27]

---

25) Leutwein, Th.: Elf Jahr Gouverneur, p. 128.
26) Vedder, H.: Quellen, IX, Warmbad 1885 - 1902, Berichten von Missionar C. Wandres Brief 24 Junie 1897 en Bericht 5 Jan. 1898, pp. 167 en 176 - 177 onderskeidelik.
27) Vedder, H.: Quellen, IV, Bethanien 1879 - 1906, Briefe von F. Heinrichs : Bericht 21 Junie 1898, p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FOTO NR. 3

Roßarz: Rickmann.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die Runderpesgevaar in die sentrale dele van die land afgeneem het, het Rickmann in Mei 1898 sy aandag aan die suidelike streke gewy. Hy het 'n besoek gebring aan die verskillende entstasies. Sulke stasies was Keetmanshoop, Kalkfontein, Liefdood (suid van Hasuur), Khabus, Sandverhaar en Gibeon. 'n Gemiddelde van minder as 10% van die geënte diere het gevrek. In die streek van Keetmanshoop het maar min inboorlinge laat ent. Onder dié wat nie wou laat ent nie, was die Bondelswarts van Warmbad en die Oorlams van Bethanien. Dié Nama het so gehandel as gevolg van gerugte uit die noorde en uit die Kaapkolonie dat die gevolge van die inenting nie so goed was nie. Dié opvatting is versterk toe daar na afloop van die inenting by Gibeon die Longsiekte onder die beeste uitgebreek het. Die enting teen Runderpes, wat die longe van die bees aantas het die Longsiekte die oorhand laat kry. Ongelukkig kon die beeste ook nie op die plase self geënt word nie aangesien die galentstof nie in die warm klimaat oor die lang afstande vervoer kon word sonder om te bederf nie. Oor die algemeen is die ander streke egter weinig deur die pes getref[28].

Die versperring wat opgerig is tussen Keetmanshoop en Gibeon het vir drie jaar lank bly staan. Kort nadat dit egter opgehef is om die verkeer weer vry te laat, het die

---

28) Z.B. 1311, O,III.c.3. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten : Verslag oor siekte deur Rickmann, 18 Mei 1898, pp. 154 - 156.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekte weer voorgekom. Die ongeënte diere uit Namaland en hulle nakroos was nie immuun teen die siekte nie. Daar is derhalwe weer 'n entingsveldtog gevoer en die suide is weer versper, maar weens die klein omvang van die siekte is dit spoedig weer uitgewis. Daarna het die Runderpes alleen in 'n baie gematigde graad voorgekom[29]. Op 12 April 1899 kon Goewerneur Leutwein derhalwe al die maatreëls betreffende die bestryding van die Runderpes ophef. Elke veebesitter was egter nog onder die verpligting om enige verdagte geval aan die polisie te rapporteer[30].

Die gevolge van die Runderpes was van drieërlei aard.

Ten eerste het dit die beesstapel van Suidwes-Afrika 'n kwaai slag toegedien. Hoewel die pes eintlik maar minder as 'n jaar in die kolonie gewoed het, het dit tog die verlies van 'n groot aantal beeste meegebring. Hoeveel dit in werklikheid was, kan nie bepaal word nie en watter persentasie dit van die kolonie se beesstapel uitgemaak het, kan ook nie bereken word nie aangesien daar geen noukeurige statistiek van die beesstapel bestaan het nie. Daarom kan die skattings wat wel gemaak is nie as betroubaar aanvaar word nie en die persone verskil ook heelwat oor die moontlike persentasie. Almal was dit egter eens dat so'n ramp ten alle koste in die toekoms afgeweer moes

---

29) Leutwein, Th. : Elf Jahr Gouverneur, pp. 128, 131.
30) Z.B. 1311, O.III.c.1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Generalia : Verordnung 12 April 1899, p. 30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word. Die Rynse sendeling te Rehoboth, F. Heidmann, was van oordeel dat die kolonie op boerderygebied 'n terugslag van minstens tien jaar ontvang het. Van Rehoboth self skryf hy : „Die durch das Hinsterben der Rinder verödete Station gewährt einen traurigen und niederschlagenden Anblick. Noch vor Wochen voller Leben..... ist es jetzt unheimlich still geworden"[31].

Die vermindering van die beesstapel het egter in 'n sekere sin ook 'n voordeel meegebring. Dit was meestal die swakker tipe bees wat die siekte ten offer geval het. Die gevolg was dus dat die diere wat die epidemie deurstaan het, hoewel hulle baie minder in getal was, gemiddeld van 'n hoër gehalte was as die troppe van voor 1897[32]. Dit was bevorderlik vir die teel van 'n beter klas bees.

Tweedens het die Runderpes 'n baie belangrike invloed op die ontwikkeling van die verkeersweë van die kolonie gehad. Die grootste deel van die vervoer in die kolonie van daardie tyd is deur transportryers gedoen. Sowel voedselvoorrade as handelsartikels is per ossewa tussen die oostelike en suidelike grens, die hawens van Walvisbaai en Swakopmund en die dorpe en sendingstasies van die binneland vervoer. Omdat die vervoer dus feitlik uitsluitlik op die gebruik van osse berus het, het die uitbreek van die Runder-

---

31) Vedder, H.: Quellen, XXII , Rehoboth 1882 - 1902, Aufzeichnungen von Missionar F. Heidmann : Bericht 3 Aug. 1897, p. 433.
32) Z.B. 147, A.VI.a.3 (eerste leêr). Jahresberichte 1896-98: Algemene Jaarverslag 1897 - 98, p. 239.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pes die verkeer feitlik tot 'n stilstand gedwing.

Die Regering het, sodra die eerste geval van Runderpes bekend geword het, alle ossewaens langs die pad na Walvisbaai laat stilhou. „An 200 Wagen sollen auf dem Wege mit oder ohne Fracht stehen," skryf Heidmann. „Unsere Vorräte sind zu Ende und immune Ochsen, um unsern Wagen zu holen, sind fast nirgends zu haben"[33].

Die Runderpes het dus direk daartoe aanleiding gegee dat die Regering van die kolonie ernstig aandag geskenk het aan die bou van spoorweë wat die verlammende effek van beessiektes op die verkeer sou afweer. Die aanbou van spoorlyne het weer veel beteken vir die ontwikkeling van die kolonie - ook op ander gebiede as die beesteelt. Koloniste wat tot op dié tydstip hulle lewe uit togry en smous gemaak het, is gedwing om 'n ambag aan te pak of boer te word. Die swaartepunt van die ekonomiese bedrywigheid het verskuif van die vragrybedryf na die boerdery[34].

'n Derde belangrike gevolg van die Runderpes was dat die noodsaaklikheid van 'n goedgeorganiseerde veeartsenydiens sterk op die voorgrond getree het. Met die uitbreek van die Longsiekte by Gibeon as gevolg van die Runderpesenting het Rickmann opgemerk: „Dieser Seuchenverlauf auf Gibeon hat wieder gezeigt, wie nötig die Anwesenheit von

---

33) Vedder, H.: Quellen, XXII, Rehoboth 1882-1902, Aufzeichnungen von Missionar F. Heidmann: Bericht 3 Aug. 1897, p. 434.
34) Oelhafen von Schöllenbach, H.: Die Besiedelung Deutsch-Südwestafrika bis zum Weltkriege, pp. 28-29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tierärzten im Lande ist"[35]. Na afloop van die Runderpes het die permanente veeartsenydiens bestaan uit Rickmann as hoof en twee veeartse onder hom. Hulle het die Gammams Bakteriologiese Instituut tot hulle beskikking gehad waar hulle wetenskaplike proefnemings kon uitvoer en entstof teen veesiektes kon berei. Dit was egter eers teen 1903 dat daadwerklike stappe op dié gebied gedoen is om 'n verbetering aan te bring.

Gedurende die jaar 1900 het daar 'n aantal geïsoleerde gevalle van Runderpes veral in die sentrale streke voorgekom, maar daar is dadelik teenmaatreëls getref sodat daar nie weer 'n ernstige epidemie uitgebreek het nie[36]. Namate die kolonie digter bevolk geraak het, het die gevaar van die verspreiding van veesiektes ook toegeneem. Juis gedurende dié jare, terwyl die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika gewoed het, het 'n aantal nuwe emigrante uit die twee Boere-republieke hulle in Duits-Suidwes-Afrika kom vestig. Toe daar derhalwe in Julie 1900 berig kom dat die Bek- en Klauwseer in die Kaapkolonie uitgebreek het[37], is die plaaslike owerhede dwarsdeur die Duitse

---

35) Z.B. 1311, O. III. c. 3. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Verslag oor siekte deur Rickmann, 18 Mei 1898, p. 157.
36) Vgl. Z.B. 1312, O. III. c. 4.(derdelêer) Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rinderpest, Alte Akten: Bekanntmachung 30 April 1900, p. 21.
37) Z.B. 1322, O. III. i.1. Seuchen und und Krankheiten der Rinder, Maul- und Klauenseuche, Generalia: H. Brandt - Streekshoof Gibeon, 10 Julie 1900, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kolonie op hulle hoede gestel da rteen[38].

Tot in dié stadium was daar nog geen omvattende wet op die voorkoming van veesiektes in die kolonie nie. Die Regering het iedere keer dat da r 'n siekte voorgekom het nog maar net vir daardie besondere geval voorsiening gemaak in die maatreëls wat getref is. Eensdeels as 'n gevolg van die Runderpes en andersyds weer weens die nuwe omstandighede wat bevorderlik was vir die verspreiding van veesiektes, het die Regering op 24 Desember 1901 daartoe oorgegaan om 'n „Verordnung betreffend die Abwehr und Unterdrückung von Viehseuchen" uit te vaardig. Dit het alle vroeëre proklamasies ter bestryding van veesiektes vervang. Dit het bepaal dat wanneer beeste ingevoer word, 'n gesondheidsertifikaat afkomstig van die plek van herkoms getoon moes word. Daar moes ook gesertifiseer word dat die diere nie langs die pad met siek beeste in aanraking gekom het nie. Indien die beeste uit Europa ingevoer is, moes daar ook nog bewys gelewer word dat hulle teen Tuberkulose ingeënt was. Die proklamasie het verder vereis dat gevalle van siektes soos Longsiekte, Bek- en Klauseer en Runderpes onmiddellik by die naaste polisiestasie aangemeld moes word. Ten opsigte van die Longsiekte is spesiale maat-

---

38) Z.B. 1322, O. III. i. 1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Maul- und Klauseuche, Generalia: Omsendbrief aan Streeks- en Distrikshoofde, 22 Julie 1900, pp.1-2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reëls daarin vervat. Oortreders van die wet kon gestraf word tot 'n maksimum van 5000 Mark of drie maande gevangenisstraf[39].

Gedurende die Runderpes het die Regering ondervind in hoe 'n groot mate die doeltreffendheid van hulle maatreëls verminder was deurdat nie alle beesbesitters hulle diere wou laat ent nie. Hulle het dus ernstig daaraan begin dink om inenting teen Runderpes verpligtend te maak[40]. Dit sou die maatreëls ter voorkoming van die siekte baie meer doeltreffend, en ingeval so 'n epidemie weer sou uitbreek, die bestrydingsmaatreëls daarteen van veel meer waarde maak. Die onordelike beesboerdery van die inboorlinge het die bestryding van sulke siektes baie bemoeilik[41]. Indien hulle ook verplig kon word om hulle beeste te laat ent, sou dit meer doeltreffende maatreëls in die hand werk.

Die jaar 1903 was van besondere belang vir die ontwikkeling van die veeartsenydiens in Suidwes-Afrika. 'n Reorganisasie en uitbouing van die diens sou in dié jaar plaasvind. Met die oog daarop het die Goewerneur die versoek aan boere gerig dat hulle, wanneer hulle die hulp van veeartse inroep, 'n kort beskrywing van die simptome

---

39) Z.B. 1289, O. I. d. 1. Tierheilwesen, Gesetzgebung im Schutzgebiet, Generalia: Verordnung 24 Des. 1901, pp. 125-131.
40) Z.B. 175, A. VI. g. 1. Viehzählungen, Generalia: Omsendbrief aan Streeks- en Distrikshoofde, 12 Nov. 1901, p. 2.
41) Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung, 20 Nov. 1901.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die siekte moes gee sodat die arts kon weet wat hy wagte kon wees[42]. Rickmann het ook aanbeveel dat die veeartse vandie Regering en vandie troepe verplig moes wees om betroubare blanke boere in te lig omtrent die metode van inenting en behandeling van sick diere[43]. As deel van die plan om die veeartsenydiens te herverm is die aantal veeartse in die verskillende streke vermeerder. Die het die Regering daartoe in staat gestel om sicktes gou te identifiseer en derhalwe die verspreiding daarvan te voorkom[44].

Gedurende 1903 het, afgesien van sporadiese gevalle van Runderpes en Longsiekte, ook Rooiwater[45] en Rauschbrand in die kolonievoorgekom. Rauschbrand het reeds in 1887 in die omgewing van Gobabis voorgekom en die Herero het baie beeste daardeur verloor. Hulle het selfs die ja r na die siekte vernoem, naamlik Ongamero[46].

Op 1 Oktober 1903 het toe die belangrike wetgewing oor die organisasie van die veeartsenydiens gekom. Daardeur

---

42) Z.B. 1286, O. I. a. 1. Tierheilwesen, Allgemeines, Gesetzgebung, Generalia: Goewerneur - Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung, 26 Maart 1903, p. 1.
43) Z.B. 1286, O. I. a. 1. Tierheilwesen, Allgemeines und Gesetzgebung, Generalia: Rickmann - Goewerneur, 22 Mei 1903, p. 9.
44) Z.B. 150, A. VI. a. 3. Jahresberichte 1902-03: Jaarverslag Streckshoof Windhoek, 8 Junie 1903, p. 111.
45) Z.B. 1321, O. III. h. 1. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Texasfieber, Generalia: Goewerneur - Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung, 1 Sept. 1903.
46) Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1 Okt. 1912: Artikel deur dr. F. Ruppert, p. 91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is die deskundige vir die veeteelt en veeartsenykunde aangestel as referent van die Regering en as leier van dié tak van die administrasie vir die hele kolonie. As hulp is 'n assistent aan hom toegesê. Die verskillende regeringsveeartse was onderhorig aan die Goewerneur of sy plaasvervanger. Op vakkundige gebied moes hulle die instruksies van die referent, bekend as Referat VIII, gehoorsaam en dit was die referent se plig om die verskillende streke van die veeartse met gereelde tussenposes te besoek. Om homself by plaaslike toestande aan te pas, is die diens in die volgende ses gebiede ingedeel: Keetmanshoop; Gibeon; Windhoek, met insluiting van Gobabis; Outjo; die Distrik Grootfontein en die Waterberggebied; en laastens Omaruru, Swakopmund en die Distrik Karibib. Die regeringsveeartse het opgetree as voorsitters van die betrokke veeartsenykundige institute, waar hulle mag voorgekom het.

Die gebiedsveeartse moes die verskillende plaaslike bestuursliggame as raadgewer bystaan en moes aan hulle versoeke ten opsigte van die bestryding van veesiektes voldoen. Origens het elke bestuursliggaam, elke boer, kolonis en inboorling in gevalle van veesiektes die reg en die plig gehad om die hulp van die veearts in te roep. Om die nodige maatreëls uit te voer kon die veearts dan van die dienste van die plaaslike polisie gebruik maak.

Die veeartsenykundige afdeling moes jaarliks 'n verslag aan die Regering lewer wat dan gebruik is by die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opstel van die algemene jaarverslag.

Op die skouers van die gebiedsveeartse het die verantwoordelikheid gerus om die nodige teenmaatreëls te tref indien daar siektes onder die vee in hulle gebiede uitgebreek het. Hy moes die nodige entstowwe berei en hom ook toelê op navorsing oor nog onbekende dieresiektes. Die resultate van sulke navorsing moes dan vertroulik aan die Regering oorgedra word. Daarby moes hy toesig hou oor die vleisinspeksie en was ook verantwoordelik vir die behandeling van die siek diere van die Regering en die militêre bestuur.

Op die gebied van teling moes die regeringsveearts in sy gebied as deskundige optree. Hy moes hom beywer vir die bevordering van teltmetodes deur die stigting van teltverenigings in samewerking met die regeringsowerhede aan te moedig. Wat die beesteelt in die besonder betref, moes die veearts sorg dra dat daar nie rasegte en volbloed diere in leen aan die telers gegee word nie, maar wel die kruisingsprodukte tussen ingevoerde en inheemse rasse[47].

Uit die proklamasie het dit duidelik geword dat die Regering hom dit ten doel gestel het om wat veesiektes betref, sy vinger op die pols te hou. Hierdie nuwe bedeling het die Regering daartoe in staat gestel om gevalle van siektes redelik gou te ondersoek en betyds die nodige

---

47) Z.B. 1300, O. III. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Instruksies oor die organisasie van die veeartsenydiens, 1 Okt. 1903, pp. 43-49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorsorgmaatreëls te tref. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat die pionierstadium waarin die kolonie hom nog bevind het die gladde werking van so 'n organisasie tot 'n groot mate belemmer het. Die afstande en slegte paaie waaroor die veeartse na baie van die plase moes reis, was dikwels 'n vernaame struikelblok. Die veeartsenykunde het in daardie jare nog maar in sy kinderskoene gestaan en 'n gebrek aan voldoende en geskikte instrumente en veemedisynes het veel geverg van die vindingrykheid en die deursettingsvermoë van 'n veearts in Duits-Suidwes-Afrika. Nog 'n faktor wat die suksesvolle lansering van die proklamasie van Oktober 1903 belemmer het, was die uitbreek van die Herero- en Nama-opstande in 1904. Toestande in die kolonie is in chaos omskep. Die beeste van blankes is op groot skaal gesteel en toe die Duitse troepe die oorhand begin kry, het was daar geen beheer oor die onordelike rondlopery van die beeste nie. Dit was 'n ideale toestand vir die verspreiding van enige beessiekte en gedurende die opstandsjare van 1904-06 was daar gevolglik van 'n doeltreffende veeartsenydiens weinig sprake[48].

In 1906, toe daar weer begin is met die invoer van stoetbeeste uit Duitsland, is daar in die loop van dié invoer 'n nuwe siekte na die „Schutzgebiet" gebring. Dit

---

48) Z.B. 1286, O. I. a. 1. Tierheilwesen, Allgemeines und Gesetzgebung, Generalia: Kolonialabteilung, Auswärtiges Amt - Kommando der Schutztruppe, 21 Julie 1905, p.25c.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was Scheidenkatarrh. Op dié wyse is die siekte gebring na plekke soos Okahandja, Okasise, Karibib, Otjimbingwe en die proefplaas Friedrichsfelde. Later het dit ook na die omgewing van Seeis, oos van Windhoek, verprei[49].

Na die opstand was die veeartsenydiens egter weer in volle swang en was daar benewens Referent Rickmann nog ses regeringsveeartse. Hulle was Leipziger te Gammams, Wilde te Grootfontein, dr. Luchs te Friedrichsfelde naby Karibib, dr. Scheben te Rehoboth, dr. Zbiranski te Swakopmund en Breitung te Auros. Afgesien van die regeringsveeartse was daar ook 'n hele aantal militêre veeartse. Hulle het egter weinig akademiese opleiding as veeartse gehad en is in sommige gevalle ook met die bevoegdhede van 'n gewone veearts beklee waar hulle hulp nodig was[50].

In 1908 het die Deutsche Landwirtschaftsrat op sy vergadering gedurende Februarie in Berlyn 'n aantal aanbevelings ten opsigte van die bestryding van veesiektes in Suidwes-Afrika gedoen. Die proklamasie op veesiektes van 1901 was verouderd en moes hersien word, het hulle geredeneer. Die bou van spoorlyne en die ontsmetting van die die drinkplekke van die diere moes sorgvuldige aandag

---

49) Z.B. 1320, O. III. g. 2. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Scheidenkatarrh, Specialia: Leipziger - Goewermeur, 7 Mei 1906, p. 11: Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1 Maart 1912: Artikel deur Neugebauer, Regeringsveearts, pp. 16-17.

50) Z.B. 1296, O. I. a. 5. Tierheilwesen, Allgemeines und Gesetzgebung, Reisebericht des Dr. Knuth ...: Reisverslag, 29 Junie 1908, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geniet. Daarby sou die aanlê van meer drinkplekk op die plase meehelp om siektes te bestry[51]. Gedurende die jare wat daarop gevolg het, het die Regering van die kolonie aandag gegee aan die uitvoering van dié aanbevelings.

Dit was egter nie net woorde van aanmoediging wat uit die vaderland die kolonie toegevoeg is nie. In Maart 1909 het daar 'n artikel in die „Berliner Tierärztliche Wochenschrift" verskyn waarin skerp kritiek op die koloniale veeartsenydienste uitgespreek is[52]. Die leiding van die veeartsenydiens in Suidwes-Afrika het intussen oorgegaan in die hande van Otto Henning, die opvolger van Rickmann. Henning het reeds 15 jaar lange ondervinding as regeringsveearts in Kaapland, Basoetoland en die Vrystaat gehad[53]. Op hom as persoon het daar egter skerp kritiek uit die vaderland gekom. 'n Duitse geleerde op die gebied van die veeartsenykunde het selfs so ver gegaan as om op te merk dat persone wat met toestande in Suidwes-Afrika vertroud was die aanstelling van Henning sterk betreur het[54].

---

51 Z.B. 1195, N. I. a. 1. Tierzucht, Förderung der Viehzucht, Generalia: Kopie Besluite deur Deutsche Landwirtschaftsrat, 10-13 Feb. 1908, p. 70.

52) Z.B. 1300, O. II. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Kopie van artikel in „Berliner Tierärztliche Wochenschrift", 4 Maart 1909, p. 70.

53) Z.B. 1278, O. I. b. 3. (eerste lêer) Tierheilwesen, Reise des Professors Dr. Ostertag, Reisebericht und Vorschläge: Vertroulike memorandum oor veeartsenydiens, waarskynlik 1910, p. 236.

54) Z.B. 1300, O. II. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Kopie van „Berliner Tierärztliche Wochenschrift", 22 April 1909, Artikel deur Prof. dr. Schmaltz, pp. 82-83, en 29 Julie 1909, pp. 109-110.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Henning het hom teen hierdie aantygings verweer by die owerhede in Windhoek. Hy het daarop gewys dat die beoordeling van veeartse in Suidwes-Afrika baie anders moes wees as in Duitsland. In teenstelling met die toestande in Duitsland moes die veearts in die kolonie bekend raak met 'n nuwe land en mense, die huisdiere en die siektes daar. Daarom is dit ook jammer dat die veeartse daar so dikwels verwissel, het hy gesê. In die lig van die omstandighede, reken hy, behoort die kritiek op die veeartsenydiens nie so skerp te wees nie[55]. Rickmann, die voorganger van Henning, het hom hierby aangesluit in 'n artikel waarin hy die toestande in Suidwes-Afrika uiteengesit het. Op grond van dié verweer het die vernaamste kritikus saamgestem dat die kritiek tot 'n groot mate ongegrond was. Hy het die mening van Rickmann en Henning gedeel „dass draussen (in Suidwes-Afrika) die Selbsthilfe eine Notwendigkeit sei - auch auf tierärztlichem Gebiet"[56].

Ook die waarnemende Goewerneur van die „Schutzgebiet", Hintrager, het sy mening oor die saak gelug. Hy het ingestem dat die veeartsenydiens in die kolonie nog maar weinig bevredigende resultate opgelewer het en het dit toegeskryf aan die besondere omstandighede en die persone

---

55) Z.B. 1300, O. II. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Aantekeninge deur Henning, 26 Aug. 1909, p. 72.
56) Z.B. 1300, O. II. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Kopie van „Berliner Tierärztliche Wochenschrift", 12 Aug. 1909, Artikel deur Rickmann en voetnota deur Prof. dr. Schmaltz, pp. 116-117.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat as veeartse opgetree het. Selfs in Duitsland was die veeartsenykunde nog in sy kinderskoene. In Suidwes-Afrika, waar ander diererasse onder ander lewensomstandigehede behandel moes word, is veel te leer en na te vors wat in Duitsland nie bekend is nie en verg daarom heelwat meer inspanning, het hy gesê. Daarom is dit ook te verstane dat tot dusver die werk vir min van die veeartse in die kolonie 'n genot was. Mislukkings by die behandeling van 'n siekte, verkeerde diagnoses en geskille onder die veeartse van die kolonie self, het die vertroue van die bevolking in die veeartsenykunde skade aangedoen. Ten slotte het Hintrager die mening uitgespreek dat die fout nie by die toenmalige hoof van die veeartsenydiens gelê het nie en die persoonlike kritiek wat gelewer is, betreur[57].

In die bespreking van die in- en uitvoer van beeste is daar telkens gewys op die invloed van veesiektes op dié bedrywigheid. Wanneer die owerhede in Suidwes-Afrika berig ontvang het van die aanwesigheid van beessiektes in ander lande, het hulle dadelik die invoer van beeste uit daardie gebiede stopgesit of strenge kwarantynmaatreëls op die grens gelas. In die verband kan byvoorbeeld verwys word na die verbod op beeste-invoer uit die gebiede wat aan Suidwes-Afrika grens in Januarie 1911 weens die gevaar dat Oos-kuskoors na die kolonie gebring kon word[58]. Dit het

---

57) Z.B. 1300, O. II. a. 1. Organisation des Veterinärdienstes, Generalia: Waarn. Goewerneur - Reichs-Kolonialamt, 22 Okt. 1909, pp. 120-122.
58) Amtsblatt, 1 Feb. 1911.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egter ook gebeur dat ander lande 'n verbod geplaas het op in invoer van beeste uit Suidwes-Afrika. So 'n geval het voorgekom tydens die Runderpes in 1896 toe Transvaal so 'n versperring opgerig het[59]. Sulke maatreëls was natuurlik baie nadelig vir die handel in beeste en daarom was dit die strewe van owerhede van die kolonie om so-iets sover moontlik te voorkom deur 'n doeltreffende veeartsenydiens op die been te bring. Die organisasie wat wel op die been gebring is, het baie daartoe bygedra dat die moontlikhede van handel in beeste gedurende die laaste jare van die Duitse bestuur heelwat verbeter het.

In Junie 1911 het daar berig gekom dat Rauschbrand onder die beeste in Amboland voorgekom het. Die naturelle daar het die siekte „Okavenjo" genoem. In samewerking met Streitwolf, die naturellekommissaris, en die Finse sendelingdokter, dr. Selma Rainio, het die Gammams-instituut egter spoedig daarteen opgetree[60]. Origens was die kolonie naastenby vry van beessiektes in soverre dit die Duitse tydperk betref. Afgesonderde gevalle van die bekende siektes het af en toe opgeduik, maar dit het nooit versprei nie.

---

59) Z.B. 1198, N. I. d. 1. Viehausfuhr, Generalia: Landeshauptmann - Rykskanselier, 6 Aug. 1896, p. 27.
60) Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1 Okt. 1912: Artikel deur dr. F. Ruppert, pp. 91-92; Vgl. ook Z.B. 1319, O. III.f. 2. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Rauschbrand, Specialia; M. Rautanen - Streekshoof Outjo, 17 Aug. 1911, p. 53.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1913 het die veeartsenydiens egter met 'n nuwe en onbekende siekte onder die beeste te doen gekry. In die Sandveld of Omaheke van die streek Okahandja het dit gebeur dat sowat 'n honderd beeste binne 'n jaar op 'n dosyn plase dood is aan 'n onbekende siekte. Die regeringsveearts het die siektegebied meermale besoek, maar kon nie die oorsprong daarvan vasstel nie. Die simptome was slegs dat dit 'n lamheid by die dier veroorsaak het[61]. Dit is later geïdentifiseer as die Lamsiekte en is aanvanklik die „Sandfeldkrankheit" genoem[62].

Hoewel die Deutsche Landwirtschaftsrat in 1908 reeds die hersiening van die veesiektewet van 1901 aanbeveel het, het dié saak eers teen 1911 aandag geniet. In daardie jaar het die Unie van Suid-Afrika 'n nuwe veesiektewet gekry en Henning was van mening dat die nuwe wet vir Suid-Afrika op die lees van die Uniewet geskoei moes word[63]. 'n Wetsontwerp is in werklikheid ook opgestel waarin egter net die ou wette en regulasies saamgevat is. Die Duitse Minister van Kolonies het so-iets egter as onvoldoende beskou. Die vorige wet was deels verouderd, die toestande

---

61) Z.B. 1309, O. III. a. 3. Seuchen und Krankheiten der Rinder, Anträge auf Feststellung von Krankheiten: Distrikshoof Okahandja - Goewerneur, 21 April 1913, p. 38.
62) Vgl. Koeppel, K.: Die Ursachen der Sandfeldkrankheit (lamziekte) und die Aussichten ihrer Bekämpfung.
63) Z.B. 1286, O. I. a. 2. Tierheilwesen, Viehkrankheiten in Südafrika und ihre Bekämpfung, Gesetzgebung in Südafrika: Henning - Goewerneur, 15 Junie 1911, p.77.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die land het intussen verander en die kennis en ervaring het vermeerder. Derhalwe het hy aan die hand gedoen dat 'n goeddeurdagte nuwe wet daargestel moes word[64].

Op dié aanbeveling is gehandel en in 1914 is die lywige ontwerp deur die Landwirtschaftsrat besproek, maar voordat dit finaal as wet deurgevoer kon word, het die oorlog uitgebreek[65].

---

64) Z.B. 1289, O. I. d. 1. Tierheilwesen, Gesetzgebung im Schutzgebiet, Generalia: Reichs-Kolonialamt - Goewerneur, 16 Sept. 1911, p. 259.
65) Vgl. Amtsblatt, 1 April 1914: Kopie van wetsontwerp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII

ALGEMENE FAKTORE WAT DIE BEESBOERDERY BEVORDER HET.

Die beesteelt as bedryf kon nie voortbestaan en ontwikkel sonder die hulp van ander faktore nie. Daarom is in Suidwes-Afrika ook aandag gegee aan die skepping van instellings wat bevorderlik sou wees vir die ontwikkeling van die boerdery in die algemeen. Omdat die beesteelt egter die vernaamste boerderybedryf in die kolonie was, het dit die meeste nut uit die instellings getrek. Sulke instellings was boereverenigings, handel in vee, finansiële hulpbronne, goeie verkeersweë, veeversekering en 'n doeltreffende veebrandstelsel.

Die boeregemeenskap het besef dat hulle self moes organiseer om sodoende hul saak te bevorder. Op 26 Januarie 1898 is daar 'n vergadering van boere op Windhoek byeengeroep met die oog op die stigting van 'n „Landwirtschaftliche Verein". Hul voorneme was om die vereniging se hoofkwartier in Windhoek op te rig en dan takverenigings in die verskil-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lende streke te stig[1]. Die onderneming was besonder belowend en kon tot baie goeds aanleiding gegee het, maar op 1 Junie 1904 moes die vereniging besluit om te ontbind weens die feit dat, as gevolg van die Herero-opstand, daar nie genoeg lede gewerf kon word nie[2]. In 1903 is ook te Keetmanshoop 'n boerevereniging gestig om die belange van die boere van die suide te behartig[3]. Die gevolg van hierdie boere-organisasies was dat verskeie ander distriksboerevereniging tot stand gekom het. Dié verenigings het sake van algemene belang vir die boerdery bespreek en ook vir die beesteelt veel beteken.

Die boerevereniging van die noordelike distrikte van Windhoek, Okahandja, Karibib, Omaruru en Grootfontein het in 1907 verenig as die „Deutsch-Südwestafrikanischer Farmer-

---

1) Z.B. 1092, L.III.g.1. Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche und Farmvereine, Generalia : Mittelstaedt, G. Voigts, Pilet, Hoepfner sen. en Ludwig - Goewernaur, 27 Jan. 1898, p. 1.
2) Z.B. 1092, L.III.g.1. Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche und Farmvereien, Generalia : Memorandum Landwirtschaftliche Verein - Streekshoof Windhoek, 7 Junie 1904, p. 22.
3) Z.B. 1092, L.III.g.1. Farmwirtschaft, Farmachen, Landwirtschaftliche und Farmvereine, Generalia : E. Müller - Goewernaur, 21 Aug. 1903, p. 27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bund" met Windhoek as hoofkwartier[4]. Die Rooms-Katolieke Sending in Suidwes-Afrika was ook op boerderygebied bedrywig en het reeds voor 1905 'n eie organisasie, die Tsinaib-Viehzyndikat, in die lewe geroep wat g.:ie werk gedoen het[5]. Teen 1912 was daar in die gebied drie groot boere-organisasies: een vir die noorde, een vir die sentrale gedeelte en een vir die suide. In daardie jaar is weereens 'n beweging op tou gesit om 'n konsoliderende liggaam vir die hele gebied tot stand te bring. Die gevolg van dié beweging was dat die Waarnemende Goewerneur Hintrager op 27 Mei 1913 deur proklamasie 'n „Landwirtschaftsrat" vir die kolonie in die lewe geroep het. Dié raad sou landbouwetsontwerpe bespreek en die Regering adviseer in landbousake[6].

Een van die belangrikste prestasies van die eerste boereverenigingvan Windhoek was dat hulle ook pionierswerk verrig het met die organisering van 'n eerste landbouskou

---

4) Z.B. 1092, L.III.g.1. Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche und Farmvereine, Generalia : Erdmann- - Goewerneur, 4 Jan. 1908, p. 39.
5) Z.B. 1056, L.I.d.1. Besiedelungssachen, allgemeine Reiseberichte über Besiedlungs- und Farmsachen in Südafrika des dr. Rohrbach : Verslag deur Rohrbach, 6 Okt. 1905, p. 66.
6) Amtsblatt, 1 Junie 1913 : Verordnung 27 Mei 1913, pp. 176 - 178.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Windhoek. Reeds in die jaar na hul stigting het hulle hul eerste poging aangewend. Die tentoonstelling is in Junie 1899 gehou en die Goewerneur het 'n bedrag van 8000 Mark (ongeveer R1360) uit die amptelike skatkis vir pryse beskikbaar gestel. Daarvan is 3000 Mark vir beeste toegeken[7]. Die tweede landboutentoonstelling wat gehou is, is deur die Beirat van Windhoek gereël vir 20 en 21 Junie 1902[8]. 'n Ooggetuie vertel dat dit op die tentoonstelling van 1902 duidelik was dat die veeteelt die belangrikste rol in die land speel. Die diere wat ingeskryf was, het getuig van buitengewoon hoë gehalte[9].

Hierdie vroeë pogings deur die boeregemeenskap van Suidwes-Afrika getuig beslis van die prysenswaardige ondernemingsgees van 'n aantal wakker boere. As in aanmerking geneem word dat dié inisiatief uitgegaan het pas nadat die verwoestende Runderpes en die roof- en moordtogte van die

---

7) Z.B. 1095, L.III.1.2. Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche Ausstellungen, Specialia : Goewerneur - Auswärtiges Amt, Kolonialabteilung, 3 Feb. 1899, p. 1.
8) Z.B. 1095, L.III.1.2. Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche Ausstellungen, Specialia : Streekshoof Windhoek - Goewerneur, 14 April 1902, p. 31.
9) Aus Südwest-Afrika : Blätter aus dem Tagebuche einer deutschen Frau, 1902 - 04, p. 40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hottentotte onder Hendrik Witbooi die jong boerderybedryf getref het, is dit sekerlik 'n prestasie. Met onderbrekings is voortgegaan met die hou van landboutentoonstellings en ook op plekke soos Keetmanshoop, Rehoboth, Outjo, Grootfontein en Omaruru is daar sulke byeenkomste gehou[10]. Die tentoonstelling wat in Mei 1913 te Windhoek gehou is, was spesiaal ter ere van die vyf en twintigste regeringsjaar van die Duitse Keiser. Vir die afdeling beeste is daardie jaar 3875 Mark aan pryse uitgeloof[11]. Teen dié tyd het die tentoonstelling ook inskrywings van die Deutsche Landwirtschafts- Gesellschaft in Berlyn ontvang[12].

Reeds vroeg het van die boere ingesien dat dit van weinig nut sou wees om hul veestapel uit te brei en dan nie afsetmoontlikheid daarvoor te hê nie. In Augustus 1895

---

10) Vgl. Z.B. 1095, L.III.1.5. Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche Ausstellungen, Bezirksausstellungen: Keetmanshooper Renn-Verein - Goewerneur, 12 Feb. 1904, p. 1; L.III.1.7... Landwirtschaftliche Ausstellung Omaruru : Farmer-Verein Omaruru - Goewerneur, 22 Nov. 1909, p. 1.

11) Der Südwestbote, 13 Nov. 1912 en bylae.

12) Z.B. 1095, L.III.1.4.(eerste lêer). Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche Ausstellungen, Landwirtschaftliche Ausstellung in Windhoek 1914 : Deutsche Landwirtschafts-Gesellschaft - Goewerneur, 21 Nov. 1913, p. 126.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skryf K. Schwarz namens die boer Geo. Tatlow van Omaruru aan die Kaiserliche Landeshauptmann Leutwein dat die algemene klagte onder die boere is dat daar geen plek is om hul vee te verkoop nie. Waar die kopers van Transvaal en die Kaapkolonie hul behoeftes voorheen in die veeryke Damaraland kon bevredig, moes hulle hul weens die onsekere toestande wat die afgelope jare in Namaland geheers het, tot ander bronne buite Suidwes-Afrika wend. Hy stel dus voor dat daar op bepaalde tye en plekke veeveilings in die „Schutzgebiet" gehou word, by voorkeur op Windhoek en Otjimbingwe. Kopers en spekulante van buite die gebied sou na die veilings getrek word wat 'n voortdurende toevloei van geld sou meebring - iets wat die land tot dusver nog heeltemal moes ontbeer [13]. Met hierdie beskouing was die hoof van die kolonie dit eens [14].

'n Bekende boer en veehandelaar, A. Schemerenbeck, van die plaas Claratal naby Windhoek het van dié korrespondensie te hore gekom en aangesien hy die gedagte sterk gesteun het,

---

13) Z.B. 1197, N.I.c.1. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia: Schwarz - Landeshauptmann, 5 Aug. 1895, p. 1.
14) Z.B. 1197, N.I.c.1. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia: Landeshauptmann - Tatlow, 23 Okt. 1895, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n versoek tot die Regering gerig om 'n vergadering byeen te roep om die saak te bespreek[15]. Die gevolg was dat daar op 13 November 1895 op Windhoek 'n vergadering byeengeroep is waarop Gathemann, Schmerenbeck, Nitzsche, Meyburg, Mittelstaedt, Altz, Tünschel en Wede teenwoordig was en waar veeveilings die belangrikste onderwerp van bespreking was. Twee persone, waaronder die gesiene boer en handelaar, Nitzsche, het die tyd nog nie ryp geag vir die instelling van so-iets nie, maar die res van die vergadering met Schmerenbeck aan die spits het so 'n stap sterk gesteun. Dit is derhalwe besluit dat reeds die volgende jaar 'n veiling by Windhoek gehou sou word omdat dié plek reeds die middelpunt van die verkeer in die kolonie geword het. Junie-maand is beskou as die geskikste tyd om 'n sukses van die onderneming te maak. Die veiling moes 'n week lank duur omdat dit vir handelaars moeilik was om op 'n bestemde dag in Windhoek aan te kom weens die onsekere en swak verkeerstoestande. Die vergadering het ook die Regering versoek om die veiling binne die kolonie aan die blankes sowel as die Herero-hoofmanne, en in die Kaaplandse koerante bekend te maak[16].

In 'n amptelike kennisgewing is toe bekendgemaak dat

---

15) Z.B. 1197, N.I.c.1. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia : Schmerenbeck - Landeshauptmann, 28 Okt. 1895, p. 3.
16) Z.B. 1197, N.I.c.1. Tierzucht, Viehmarkte, Generalia: Notule van vergadering oor veeveilings, 13 Nov. 1895, pp. 5 - 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n eerste veeveiling vanaf 15 tot 20 Junie 1896 te Gammams, net buite die hoofdorp, gehou sou word[17]. Vir dié veiling sou veral beeste in aanmerking kom aangesien die gebied wat dit geraak het hoofsaaklik 'n beeswêreld was.

Die volgende groep boere wat hulle vir die instelling van 'n plaaslike veeveiling beywer het, was dié van die streek Gibeon[18] gedurende die jare 1901 - 1902. Hulle het die regeringswerkspanne op die hawehoof te Swakopmund en op die spoorlyne as hul vernaamste afsetgebied beskou[19]. Keetmanshoop het in Junie 1908 gevolg[20] en die Streekshoof het die Regering versoek om sy behoeftes aan slagvee sowel as die behoeftes van die troepe in die suide sover moontlik uit dié veilings te bevredig[21]. Hierdie veilings in die suidelike gebiede het afsetmoontlikhede vir die suidelike beesboere gebied, maar die belangrikste markdiere daar was perde en skape. Die benutting van die markte is egter baie bemoeilik deur die ontoereikende verkeersverbindings[22]. In die streke wat deur die spoorbou geraak is, het die

---

17) Z.B. 1197, N.I.c.l. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia : Bekanntmachung, 20 Nov. 1895, p. 2.
18) Die Duitse Regering in Suidwes-Afrika het die gebied in 'n aantal groot streke of "Bezirke" ingedeel, wat elk weer in kleiner distrikte verdeel was.
19) Z.B. 1197, N.I.c.l. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia: Streekshoof Gibeon - Goewerneur met bylae, 13 Jan. 1902, pp. 13 - 14.
20) Z.B. 1197, N.I.c.l. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia : Bekanntmachung, 6 Jan. 1908, p. 19.
21) Z.B. 1197, N.I.c.l. Tierzucht, Viehmärkte, Generalia : Streekshoof Keetmanshoop - Beirat, 6 Jan. 1908, p. 17.
22) Reichs-Kolonialamt : Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee, 1909 - 10, Amtliche Jahresberichte Erster Teil, p. 136.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afsetmoontlikhede gestyg[23].

Die beeste wat op hierdie binnelandse veeveilings verkoop is, het grotendeels na die slagterye en vleisinmaakfabrieke gegaan. Die pryse wat op die veilings behaal is, het heelwat gewissel na gelang van die aanbod en aanvraag, maar die gemiddelde pryse teen 1913 was iets oor die 24 Pfennig (5 - 6 c.) per pond slaggewig[24].

Die voorsiening van vars vleis aan skepe wat by Swakopmund aangedoen het, was 'n probleem. Die slagter van die dorp, Recsey, moes van boer tot boer reis om slagbeeste te koop. Dit het onder andere die nadeel gehad dat hy dikwels nie die beste beskikbare vee gekoop het nie omdat hy, weens die afstande, nie die diere met mekaar kon vergelyk nie. Daarby moes die gewig van die diere geskat word omdat geen veeskale beskikbaar was nie. Na aanleiding van hierdie toestand het Recsey toe 'n voorstel aan die Regering gedoen dat veeveilings ingestel word op die vernaamste plekke in die land. Die vooruitsigte wat daar was vir die afset van geslagte en bevrore vleis sou so-iets regverdig, het hy aangevoer[25]. Die Regering het die billikheid van so 'n

---

23) Reichs-Kolonialamt : Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee, 1910 - 11, Amtliche Jahresberichte, Erster Teil, p. 117.

24) Z.B. 1639, S.I.p.2. Handel, Verhältnisse des Handels, Specialia : Jaarverslag van die Windhuker Handelskamer 1913, p. 2 (p. 17 van die verslag).

25) Z.B. 1635, S.I.1.1. Handel, Marktwesen : Generalia, Streekshoof Swakopmund - Goewerneur, 26 Jan. 1914, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

versoek ingesien en opdrag aan die verskillende plaaslike owerhede gegee om die saak onder die aandag van die verteenwoordigers van die streke te bring. Sulke veeveilings moes onder toesig van die polisie geskied, die regeringsveearts sou verantwoordelik wees vir maatreëls ten opsigte van veesiektes, volledige statistiek van die verkoopte vee moes gehou word, krale vir groot- en kleinvee moes aangelê word en elke vandisieplek moes voorsien word van 'n skaal[26].

As gevolg van die gevaar van veesiektes, veral na 1897, het die Herero tot 'n mate afgesien van sy gehegtheid aan sy beeste en geredeliker van sy diere aan blanke handelaars en slagters verkoop. Die beeste wat hulle so verkoop het, was egter nooit hul goeie diere nie. 'n Gevolg van die Herero-opstand van 1904 - 1906 was dat die Duitse troepe alle beeste van die Herero wat hulle in die hande kon kry, gekonfiskeer het. 'n Deel van die gebuite vee is deur die troepe self verbruik en die res is aan die boere uitgedeel om te vergoed vir die verliese wat hulle in die opstand gely het. Daarby het duisende beeste van die Herero van dors gevrek, sodat Rohrbach tot 'n groot mate geregverdig was om op te merk dat die vroeëre groot veebesit van die naturelle, met uitsondering van die noordelikste streke Outjo en Grootfontein en ook Keetmanshoop, feitlik „tabula

---

26) Z.B. 1635, S.I.1.1. Handel, Marktwesen, Generalia : Omsendbrief aan Streeks- en Distrikshoofde, 4 Maart 1914, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rasa" gemaak is[27]. Hoewel dié bewering 'n bietjie oordrewe was, is dit tog waar dat die veestapel van die Herero tot 'n groot mate vernietig is.

In Augustus 1907 is verder 'n proklamasie uitgevaardig waardeur bepaal is dat die inboorlinggroepe wat by die opstand betrokke was, geen grootvee kon besit sonder toestemming van die Goewerneur nie[28]. Hierdie proklamasie is baie redelik toegepas, maar na die opstand was die Herero nie meer so 'n belangrike bron van slagvee vir die kopers nie.

Die kopers van grootvee het hul oë ook na die beesbesit van die Ovambo gewend. Tot aan die einde van die negentigerjare was daar baie min bekend oor die heel noordelike gebiede van Suidwes-Afrika. Enkele reisigers het wel die gebiede besoek, maar geen betroubare indruk omtrent die toestande daar kon op grond van hulle getuienisse verkry word nie. Gedurende 1902 het dr. Gerber, 'n bosboudeskundige, 'n reis deur die gebiede onderneem en onder andere heelwat inligting omtrent die beesboerdery daar in sy verslag verstrek. Die ryk graswêreld bied goeie weiding aan die Ovambobees, wat daaraan gewoond is, maar is van weinig nut as voermiddel vir die Damarabees, het hy gesê. Hy het gemeen dat die streek aan die Okavangorivier meer geskik vir die beesteelt is as

---

27) Z.B. 1056, K.I.d.1. Besiedelungssachen, allgemeine Reiseberichte über Besiedelungs- und Farmsachen in Südafrika des dr. Rohrbach : Verslag deur Rohrbach, 6 Okt. 1905, pp. 34 - 35.

28) Z.B. 2046, W.III.d.1. Halten von Reittieren oder Grossvieh durch Eingeborene, Generalia : Verordnung, 18 Aug. 1907, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as Ovamboland[29]. Volgens getuienisse wat ander Duitse amptenare in die gebiede ingewin het, is die inwoners van die Okavango-gebied egter kwaai geteister deur rooftogte van die Betsjoeanas en as gevolg daarvan is die beesteelt maar op klein skaal daar beoefen[30].

So vroeg as 1906 is daar navraag gedoen oor die moontlikheid om ruilmarkte op die grenspolisiepos Okaukuejo, aan die Etosjapan, te hou. Die ruilmiddels van die Ovambo was groot- en kleinvee, volstruisvere, velle, horings en ook artikels wat hulle self vervaardig het[31]. In Oktober daardie jaar is so 'n ruilmark gereël maar dit het heeltemal misluk as gevolg van die feit dat die Finse sendelinge, wat in Ovamboland werksaam was, met die naturelle in die land self handel gedrywe het en die Ovambo derhalwe die moeite ontsien het om spesiaal na Okaukuejo af te reis. Nog 'n oorsaak van die mislukking van die mark was dat die Duitse owerhede dié ruilartikels waarin die Ovambo veral belanggestel het, naamlik drank, wapens en ammunisie, van die begin af verbied het. By dit alles was die gemiddelde Ovambo ook geen welgestelde persoon nie[32].

---

29) Z.B. 1008, I.XIII.b.3. (vierde lêer) Geographische und ethnographische Forschungen, Amboland : Reisverslag opgestel deur Laubschat (afskrif), datum ontbreek, pp. 4, 21, 34.

30) Z.B. 1008, I.XIII.b.3 (derde lêer) Geographische und ethnographische Forschungen, Amboland : Verslag deur Eggert, 27 Nov. 1899, p. 50, en Verslag deur Jodtka, 12 Julie 1902, p. 260, oor hul reise na die Okavango.

31) Z.B. 1635, S.I.1.1. Handel, Marktwesen, Generalia : Distrikshoof Okaukwejo - Streekshoof Outjo, 28 Mei 1906, p. 3.

32) Z.B. 1635, S.I.1.1. Handel, Marktwesen, Generalia : Distrikshoof Okankwejo - Streekshoof Outjo, 25 Okt. 1906, p. 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Blanke handelaars het tog taamlik gereeld beeste van die Ovambo geruil, maar in Junie 1911 het die Regering die grens tussen Ovamboland en die res van die kolonie vir die vervoer van beeste gesluit weens die beweerde gevaar van Ooskuskoors[33]. Ten spyte van herhaalde aansoeke deur verskeie persone en ondernemings het die Regering dié versperringsmaatreël gehandhaaf tot aan die einde van die Duitse beheer oor die gebied[34].

Gedurende die belangrikste jare van ontwikkeling van die beesteelt onder Duitse bestuur kon die Bantoe-volk dus geen beduidende bydrae tot die slagbeesmark lewer nie. Dit het die taak en verantwoordelikheid ten opsigte van dié bedryf feitlik geheel op die skouers van die blanke nedersetters geskuif.

Die koloniste wat as boere na Suidwes-Afrika gekom het, was oor die algemeen nie ryk nie. Hulle het egter geld nodig gehad om hul plase en veestapel op te bou. Die Regering het hulle wel tot 'n mate tegemoetgekom, maar hulle sou die hulp van die gewone finansiële instellings nodig hê om 'n redelike kans op sukses te hê. Hierdie hulp kon die boere egter net gedurende die laaste jare van Duitse bestuur geniet. Daar was die Deutsche Südwestafrikanische Genossenschaftsbank in Windhoek wat boerdery-krediet toegestaan het en die Süd-

---

33) Amtsblatt, 1 Julie 1911 : Verordnung 22 Junie 1911, p. 80.
34) Vgl. Z.B. 1295, O.I.i.2. Tierheilwesen, Grenzsperre gegen das Amboland und Port. Angola, Specialia : Goewerneur - Hölzer, 18 Aug. 1911, p. 7, Goewerneur - Bödiker & Co., 10 Sept. 1914, p. 22; Z.B. 1301, O.II.b.5. Quarantänestationen, bei Okankwejo : Goewerneur - Streckshoof Outjo, 20 Maart 1914, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

westafrikanische Bodenkreditgesellschaft in Swakopmund. In 1913 is daar ook met die steun van die Regering die Landwirtschaftsbank für Südwestafrika opgerig wat krediet aan boere verleen het[35]. Daarby het die Regering van Duitsland ook jaarliks aansienlike bedrae uit die Wohlfahrtslotterie, 'n staatslotery, vir die ontwikkeling van die kolonie beskikbaar gestel. Dié geld is meestal gebruik vir die aankoop van beeste in die buiteland en die invoer daarvan na Suidwes-Afrika.

Die behoefte is ook gevoel dat die veeboere die geleentheid moes hê om hul vee teen verliese te versekor. Dit was 'n voelbare tekortkoming veral in die latere jare toe die land reeds op 'n hegter ekonomiese basis gestaan het en waardevolle ingevoerde diere in besit van die boere gekom het. Die Regering het derhalwe die aangeleentheid ondersoek en in Februarie 1911 aan die boere-organisasies daaroor verslag gedoen. Die Regering was van oordeel dat 'n algemene veeversekeringstelsel alleen moontlik sou wees indien versekering verpligtend gemaak word. 'n Staatsbydrae van minstens 2 miljoen Mark sou aanvanklik gedoen moes word, maar met die veronderstelling dat dié aandeel mettertyd onttrek sou word sodra die premies 'n voldoende kapitaal opgebou het wat ook vir ongewoon groot verliese 'n waarborg kon bied. Hierdie versekering moes beperk word tot die vee van blanke boere, en dan ook net diere wat van wesentlike

---

35) Blumhagen, H.: Südafrika, p. 106.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belang vir die land was soos beeste, skape en perde[36].

Die ontwikkeling van die spoorweë as vervoermiddel vir stoetbeeste was vir die beesteelt van die uiterste belang. Dit het ook die vervoer van verwerkte produkte van die beesboerdery baie vergemaklik en ontwikkeling op dié gebied aangemoedig. Die vervoerkoste van beeste per spoorweg was egter hoog. Teen 1913 het dit 20 Mark (R3.50) gekos om 'n os vanaf Windhoek na Swakopmund te stuur en na Lüderitzbucht was die tarief tweekeer soveel. Die Regering het 'n verlaging van tariewe in die vooruitsig gestel[37] - iets wat egter nie onder Duitse bestuur verwerklik kon word nie.

Dit is nodig dat daar by 'n doeltreffende beesboerdery ook 'n goedgeorganiseerde veebrandmerkstelsel geldig sal wees. Die Schutruppe was die eerste om 'n erkende brandmerk vir hul osse te gebruik. Hulle het hul diere op die linkerskouer gebrand[38]. In 1910 het die boerevereniging van Gobabis besluit om sy lede te verplig om hulle vee gereeld te brand[39]. Na aanleiding van 'n navraag oor 'n veebrandmerkregister het die Regering 'n deeglike ondersoek in die saak gelas. Die doel van die ondersoek was om

---

36) Z.B. 1022, K.III.d.1. Viehversicherung, Generalia : Goewerneur - Farmerbund, 8 Feb. 1911, pp. 69 - 70.
37) Z.B. 1639, S.I.p.2. Handel, Verhältnisse des Handels, Specialia : Jaarverslag van die Windhuker Handelskammer, 1913, p. 2 (p. 17 van die verslag).
38) Z.B. 1201, N.I.f.1. (eerste leêr) Tierzucht, Viehbrandregister, Generalia : Von Estorff - Goewerneur, 27 Sept. 1909, p. 1d.
39) Z.B. 1201, N.I.f.1. (eerste lêer) Tierzucht, Viehbrandregister, Generalia : Distrikshoof Gobabis - Goewerneur, 23 November 1910, p. 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n amptelike register vir die kolonie in te stel wat nie verwarring met die brandmerke van die Unie van Suid-Afrika sou veroorsaak nie[40]. Die ondersoek het uiteindelik gelei tot die passering deur die „Landesrat van 'n Grossviehbrandordnung wat op 1 Januarie 1913 in werking getree het. Die doel van die wet was om veediefstalle sover moontlik moontlik te bemoeilik en om die eienaars van weggeloopte vee te kan opspoor. Dit was egter nog nie verpligtend om te brand nie. Die wet het alleen 'n eenvormige stelsel in die lewe geroep. Die brandysters is deur die Regering self voorsien[41]. Die brandmerke van die boere sou geregistreer word en die misbruik van 'n amptelike brandmerk is swaar gestraf[42].

---

40) Z.B. 1201, N.I.f.l. (eerste lêer) Tierzucht, Viehbrandregister, Generalia : Goewerneur - Boereverenigingg Gobabis, April 1911, p. 12; vgl. ook pp. 13 - 50 vir gegewens omtrent die ondersoek.
41) Lüderitzbuchter Zeitung, 14 Des. 1912 (Drittes Blatt).
42) Amtsblatt, 18 Junie 1912 : Verordnung 12 Junie 1912 pp. 216 - 221.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TEN BESLUITE.

Hoewel daar voor die Duitse inbesitname van Suidwes-Afrika baie beeste en eienaars van beeste in die gebied was, kan daar nie eintlik gepraat word van werklike beesboerdery nie. In werklikheid veronderstel die begrip beesboerdery die sistematiese en oordeelkundige vermeerdering en verbetering van die diere met die doel om die meeste ekonomiese nut uit die produkte daarvan te verkry. Daarom kan die bloote aanhou van beeste deur die inboorlinge of die handel met beeste deur blankes nie as boerdery beskou word nie. Die inboorlinge, soos byvoorbeeld die Herero en Ovambo, het wel probeer om hul troppe te vermeerder en het ook ekonomiese nut uit die produkte daarvan verkry, maar het geen begrip van die sistematiese verbetering daarvan gehad nie.

In die tyd voor die koms van die Duitse gesag het die inboorlinge dus maar slegs 'n primitiewe vorm van beesboerdery bedryf. Daar was nog nie blanke beesboere nie. Die blankes wat wel daar was, was sendelinge, handelaars en jagters. Dit was ook nie die hele inboorlingbevolking wat beesbesitters was nie. So byvoorbeeld was slegs 'n klein persentasie Herero welgesteld genoeg om groot troppe beeste te besit. 'n Groter persentasie het kleiner troppies besit en die grootste persentasie was besittingloos en het opgetree as veewagters of was afhanklikes by die ander.

Die algemene toestand in Suidwes-Afrika ten tyde van die inbesitname van die land deur Duitsland in 1884 was dié

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van politieke verbrokkeling, 'n primitiewe leefwyse en roof en plunder. Die denkwyse van die bevolking, die inboorlinge, was nie progressief nie, maar veelmeer passief. Teen hierdie agtergrond het die Duitse Regering twee belangrike foute begaan wat die ontwikkeling van die land vir 'n aantal jare baie sou vertraag. Eerstens het hulle nie voldoende rekening gehou met die onbillikheid van die nie-blanke bevolking om saam te werk vir die ontwikkeling van die land nie en tweedens het hulle verkeerdelik onder die indruk verkeer dat die sogenaamde kolonisasiemaatskappye voldoende aandag aan werklike kolonisasie sou gee.

Dit het spoedig duidelik geword dat die kolonisasiemaatskappye die ontginning van die mineraale-rykdom van die gebied as hul vernamste doelwit gehad het. Die groot gebiede wat aan hulle toegesê is, het grotendeels onbenut en onontwikkeld bly lê. Die vestiging van en die hulp aan boere-kolonisté het 'n baie ondergeskikte tweede plek ingenoem[1]. Daarby het die verdrae met die verskillende inboorlingopperhoofde geen verbetering in die chaotiese toestand van die land gebring nie. In die jare vanaf 1885 het Hendrik Witbooi 'n skrikbewind oor Nama- en Hereroland gevoer[2].

Onder sulke omstandighede was van ontwikkeling van die

---

1) Z.B. 1056, L.I.d.l. Besiedelungssachen, allgemeine Reiseberichte über Besiedelungs- und Farmsachen in Südwes Südafrika des dr. Rohrbach : Verslag deur Rohrbach, 6 Okt. 1905, pp. 70 - 71.
2) Vedder, H.: Quellen, I, Die Gemeinde-chronik van Otjimbingwe, 1845 - 1900, p. 118.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boerdery weinig sprake. Die Duitse gesag moes eers gevestig word om so-iets moontlik te maak. Maatreëls wat tog nog getref is, kon nie toegepas word nie aangesien daar geen effektiewe beheer oor was nie.

In Duitsland self is hoë verwagtings gekoester van die kolonie. Dit het stryd gekos om die Duitse volk te oortuig van die noodsaaklikheid van kolonies, en noudat die kolonies verkry was, moes getoon word dat dit die moeite werd was om hulle te besit. Die eerste jare het egter geen vooruitgang getoon nie en stemme van ontevredenheid het reeds begin opgaan. Dié verwikkelings het die Duitse Regering laat besef dat iets gedoen moes word. Die gevolg was dat nadat vir vyf jaar die beleid van „geen inmenging" gevolg is, die Regering teen 1890 daadwerklik opgetree het. 'n Militêre besetting is na die land gestuur om orde te skep en die kolonisasie van die gebied is deur die Regering self oorgeneem, egter nog deur middel van kolonisasiemaatskappye oor wie nou strenger beheer uitgeoefen is.

Die beesboerdery sou ook baat by hierdie verandering van beleid. Die owerhede het besef dat die minerale-rykdom van die land nie aan die hoë verwagtings voldoen het nie en dat die boerdery, as ruggraat van enige nuwe land se ekonomie, ten alle koste ontwikkel moes word[3]. Daar is

---

3) Vgl. Hintrager, O.: Südwestafrika in der deutschen Zeit, pp. 29 - 32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FOTO NR. 4

Getödtete Ochsen auf dem Râwege. Zwischen Lüderitzbucht und Ukama. Krieg 1904-05

Klin-Kaeb, phot.

Toestande op die Trekpad na Lüderitzbucht

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus op verskeie tereine geywer om die boerdery, en by name die beesteelt, te bevorder.

Die vernaamste punt in die ontwikkelingskema vir Suidwes-Afrika was die besetting van die gebied deur blanke boere. Koloniste moes gewerf word en plase teen redelike voorwaardes aan hulle beskikbaar gestel word. Reeds vanaf 1893 is op uitgebreide skaal plase in geskikte groottes opgesny. In die noordelike dele was die plase ongeveer 5000 tot 8000 hektaar (6250 tot 10,000 morg) en in die suide heelwat groter, terwyl gereken is dat 'n boer sowat 1000 beeste nodig gehad het om 'n bestaan te verseker[4]. Kleinboere is ook op verskeie plekke gevestig[5] en teen 1904 was daar reeds 3,684,500 hektaar aan nedersetters uitgegee[6].

'n Verdere probleem waarmee die Regering te doen gehad het, was die skaarste aan water. Voorheen het die boer by 'n waterplek met sy vee gestaan totdat die weiding gedaan was. Dan het hy weer na 'n ander waterplek getrek. Die vermeerdering van die koloniste en die begrensing van plase het egter so 'n soort boerdery almeer onmoontlik gemaak en daar moes dus aandag geskenk word aan 'n meer

---

4) Oelhafen von Schöllenbach, H.: Die Besiedelung Deutsch-Südwestafrikas bis zum Weltkriege, p. 51.
5) Blumhagen, H.: Südafrika, p. 93.
6) Oelhafen von Schöllenbach, H.: Die Besiedelung Deutsch-Südwestafrikas bis zum Weltkriege, pp. 76,72.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doeltreffende benutting van die land se watervoorraad. Sommige wakker boere het uit hulle eie op hul plase damme aangelê en putte gegrawe om sodoende voorsiening te maak vir die droë seisoen sowel as om die watergeeplekke meer eweredig oor die plaas te versprei om te verhoed dat die veld so uitgetrap en kaal gewei word. Veral vir die beesboer was dit nodig om sy beskikbare weiding so goed moontlik te benut, want die bees het langer gras nodig as byvoorbeeld die skaap of perd.

Gedurende die jare 1897 en 1898 is boorgate en putte dwarsoor die land aangelê[7]. Hoewel die boorwerk dikwels sonder welslae afgeloop het, het die sukses wat in die meerderheid van gevalle behaal is die land 'n veel groter draagkrag aan vee gegee.

Daarskan ook verwys word na die belangrike aandeel wat die Afrikaner-boer in die stabilisering van die beestoelt in Suidwes-Afrika gehad het. Die Dorsland-trekkers wat 'n geruime tyd in die land deurgebring het, en veral die Boere wat die gebied binnegekom het om hulle permanent daar te vestig, het kennis gedra van die boerdery onder dieselfde toestande as in die Duitse kolonie, terwyl die Duitser eers 'n kwaai toets van aanpassing by vir hom geheel vreemde toestande moes deurgaan.

---

7) Oelhafen von Schöllenbach, H.: Die Besiedelung Deutsch-Südwestafrikas bis zum Weltkriege, p. 59.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel die beesboerdery, wat die Duitse tydperk betref, altyd die vernaamste bedryf van die kolonie was, het die owerhede die feit aanvanklik verontagsaam en hulle op die ontginning van minerale toegespits. Hulle het egter spoedig weer tot besinning gekom, en erken dat die krag van die gebied in die eerste plek in die boerdery geleë was. Hoe groot die werklike omvang van die beesboerdery op enige stadium gedurende die tydperk 1884 -1915 was, is moeilik te bepaal. Oor die vroeë jare bestaan daar alleen skattings deur indiwidue wat egter so hemelsbreed vanmekaar verskil dat geen redelike gevolgtrekking daaruit gemaak kan word nie. Wat wel gesê kan word, is dat daar enorme hoeveelhede beeste in die gebied aanwesig was wat egter van min ekonomiese nut vir hul besitters, die inboerlinge, was.

Die Runderpes het groot verliese meegebring, maar soos reeds vroeër aangedui, is dit nie moontlik om die omvang daarvan te bepaal nie. Die omvang van verliese ten gevolge van die pes was ook nie dieselfde vir al die dele van die gebied nie. Gedurende die Nama- en Herero-opstande het ook 'n groot deel van die beesstapel ten gronde gegaan.

Daar is eers in 1902 'n begin gemaak met 'n amptelike statistiek van die vee in die kolonie. Die veebesit van die blanke koloniste was bepaalbaar, maar in die geval van die inboerlinge kon alleen skattings gemaak word. Die inboerlinge was sku om hulle hele beesterykdom te vertoon omdat hulle wantrouig teenoor die blanke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was en dit was ook uiters moeilik om die beeste van die inboorlinge te tel omdat hulle nie afgekampte weigebiede gehad het nie. Om egter 'n beeld, al is dit maar vaag, van die verspreiding en omvang van die beesstapel van die land te kry kan die volgende vergelyking tussen die amptelike statistieke vir 1 April 1910 en 1 April 1913 getref word[8].

Area	Aantal: 1910	Totaal	1913	Totaal
Noordelike Distrikte:				
Grootfontein	10,335		16,931	
Outjo	5,923		9,969	
Omaruru	11,412	27,670	28,814	55,714
Sentrale Distrikte:				
Karibib	8,146		14,011	
Okahandja	10,697		26,132	
Gobabis	7,391		13,594	
Windhoek	18,427		34,299	
Rehoboth	16,946		21,640	
Swakopmund	415	62,022	449	110,125
Suidelike Distrikte:				
Gibeon	7,215		9,088	
Maltahöhe	4,044		5,397	
Keetmanshoop (Hasuur ingeslote)	12,106		15,841	
Warmbad	4,508		4,550	
Bethaniem	2,908		4,359	
Lüderitzbucht	666	31,447	569	39,235
		121,139		205,074

8) Reiches-Kolonialamt: Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee 1909-10, amtliche Jahresberichte, statistischer Teil pp. 42-43; 1912-13, statistischer Teil pp. 98-99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die totale was soos volg saamgestel:

Bulle	2,051		3,319	
Osse	32,238		49,255	
Koeie	43,436		73,024	
Verse	15,215		30,808	
Kalwers	28,199	121,139	49,117	205,523

Volgens die amptelike berekeninge het die beesbesit van die blankes uit die volgende bestaan:

	1910	1913
Bulle	1,701	2,966
Osse	28,060	43,110
Koeie	36,858	65,305
Verse	13,121	28,248
Kalwers	23,545	43,538
	103,285	183,167

Uit dié gegewens kan 'n aantal gevolgtrekkings gemaak word.

In die eerste plek blyk dit dat ongeveer 50% van die land se beestroppe in die sentrale distrikte voorkom. Dit is verstaanbaar wanneer die geaardheid van die land in aanmerking geneem word. Verder toon dit ook 'n gesonde verhouding tussen bulle en koeie, wat bevorderlik vir die aanteel van die diere was. Die gevolge daarvan is dan ook merkbaar in die sterk vermeerdering van die nageslag. 'n Faktor wat tot 'n mate bygedra het tot die sterk vermeerdering van die beeste gedurende dié jare, was die uitgebreide pogings in 1910 om beeste uit die Kaapprovinsie in te voer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit kan aanvaar word dat die geweldige toename in die noordelike en sentrale distrikte vanaf 1910 tot 1913 nie net aan die aanteling en invoer toegeskryf kan word nie. Die suidelike distrikte was meer gevestig en het dus 'n meer betroubare statistiek opgelewer. Die statistiek ten opsigte van die noorde, wat nie so intensief gekoloniseer was nie, is veel minder betroubaar. Die getalle wat aangegee is, het dikwels geblyk veels te laag te wees.

Hoewel ander vertakkinge van die boerdery soos skaap-, perde-, kameel- en volstruisteelt gedurende die latere jare van die Duitse bewind meer na vore getree het, het die beesboerdery tot 1915 die vernaamste bedryf van die kolonie gebly. Heelwat is gedoen, veral gedurende die laaste jare van die tydperk, in belang van die invoer van goeie stoetbeeste, die verbetering van die teelt, die bemarking van beesvleis en die bestryding van beessiektes. Ten spyte daarvan kan dit egter nie beweer word dat buitengewone vordering op enige van die gebiede gemaak is nie. Terwyl die Duitse Regering enersyds geprys moet word vir sy ywer en deursettingsvermoë in belang van die beesteelt, moet andersyds ook daarop gewys word dat die klein mate van sukses wat behaal is, toegeskryf moet word aan nie genoeg insig nie en gebrek aan versigtige oorweging voordat 'n onderneming aangepak is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die laaste jare van die Duitse bewind in Suidwes-Afrika het getoon dat daar op ekonomiese gebied 'n redelike mate van vooruitgang te bespeur was. Die feit is egter dat die owerhede 'n tydperk van sowat 22 jaar (1884 - 1906) nodig gehad het voordat positiewe resultate gelewer kon word. Die goeie vooruitsigte teen die einde van die tydperk was ook nie soseer toe te skrywe aan vordering wat op die gebied van die beesteelt gemaak is nie, maar eerder aan die opkomende karakoelteelt en die ontdekking van nuwe minerale rykdomme. Teen 1915 moes die beesboerdery dus reeds begin terugstaan ten gunste van ander bedrywe, maar dit was nog steeds een van die belangrikste faktore in die ekonomiese van Suidwes-Afrika toe die Unie van Suid-Afrika die gebied verower het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE

LITERATUUR

Alexander, Sir J.E.: An Expedition of Discovery into the Interior of Africa, through the hitherto undescribed Countries of the Great Namaquas, Boschmans and Hill Damaras, II. Londen 1838.
Andersson, C.J.: Lake Ngami. Londen 1856.
Andersson, C.J.: Notes of Travel in South Africa. Londen 1875.
Aus Südwest-Afrika: Blätter aus dem Tagebuche einer deutschen Frau, 1902-04. Leipzig 1905.
Baines, J.T.: Explorations in South-West Africa. Londen 1864.
Blumhagen, dr. H.: Südafrika (Unter Einschluss von Südwestafrika). Hamburg 1921.
Bruwer, J.P.: Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg ongeveer 1956.
Büttner, C.G.: Das Hinterland von Walfishbai und Angra Pequena. Heidelberg 1884.
Chapman, J.: Travels in the Interior of South Africa, I. Londen 1868.
Eveleigh, W.: South-West Africa. Londen 1915.
Fischer, K.: Ein offenes Wort aus Deutsch-Südwest (Flugschriften des Alldeutschen Verbandes, Heft 28). Leipzig 1908.
Fitzner, R.: Deutsch-Südwestafrika (In: Deutsches Kolonial-Handbuch. Berlyn 1896).
Galton, F.: Narrative of an Explorer in Tropical South Africa. Londen 1891.
Groenewald, J.W. en Curson, H.H.: Studies in Native Animal Husbandry (6) - A note on Ovambo Cattle. (In: Onderstepoort Journal of Veterinary Science and Animal Industry, Dl. 1, nr. 2, 1933.)
Hintrager, O.: Südwestafrika in der deutschen Zeit. München 1955.
Koeppel, K.: Die Ursachen der Sandfeldkrankheit (lamziekte) und die Aussichten ihrer Bekämpfung. Swakopmund 1919.
Leutwein, Th.: Elf Jahr Gouverneur. Berlyn 1920.
Manwald, F.: Südwest und seine Helden. Berlyn 1934.
Moritz, E.: Die ältesten Roosberichte über Deutsch-Südwestafrika. Berlyn 1915.
Oelhafen von Schöllenbach, H.: Die Besiedelung Deutsch-Südwestafrikas bis zum Weltkriege. Berlyn 1926.
Sander, dr. L.: Geschichte der Deutschen Kolonial-Gesellschaft für Südwest-Afrika von ihrer Begründung bis zum Jahre 1910, I. Berlyn 1912.
Trümpelmann, G.P.J.: Die Boer in Suidwes-Afrika. (In: Argiefjaarboek 1948, II.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vedder, H.: Die Voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. Windhoek 1937.
Walter, H. en Volk, O.H.: Grundlagen der Weidewirtschaft in Südwestafrika. Stuttgart 1954.
Welch, S.R.: Europe's Discovery of South Africa. Kaapstad 1935.
Witbooi, H.: Die Dagboek van Hendrik Witbooi - Kaptein van die Witbooi-Hottentotte, 1884-1905. (Uitgegee deur die Van Riebeeck-vereniging, 1929).

ALLERLEI

Vedder, H.: Quellen zur Geschichte von Südwestafrika, Dle. I - XXX. (Getik.)

ARGIVALE BRONNE

Staatsargief, Windhoek:

Zentral-Bureau (Z.B.)

146-159, Jahresberichte über die Entwicklung des Schutzgebiets, 1891-1911.
161-162, do., 1911-1914.
175, Viehzählungen, 1901-15.
293, Veterinärdienst, Bakteriologisches Institut Gamams, 1897-1915.
312, Veterinärdienst, 1901-13.
380, Reit- und Zugtiere, Fuhrpark der Schutztruppe, 1901-14.
469, Aufstand, 1903-07.
478, Aufstand, 1904-15.
795, Haltung und Beaufsichtigung von Vieh und Ortschaften, 1898-1913.
1008, Forschungen, 1885-1913.
1022, Versicherungswesen, Viehversicherung, 1903-12.
1028, Schlachtviehversicherungen, 1911-12.
1048, 1052, Genossenschaftswesen, 1907-11.
1056, Besiedelungssachen, Allgemeines, Allgemeine Reiseberichte über Besiedelungs- und Farmsachen in Südafrika, 1905-15.
1091, Landwirtschaftsrat, 1912-14.
1092, Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche und Farmvereine, 1898-1914.
1093, Deutsche Landwirtschaftsgesellschaft, 1897-1914.
1095, Farmwirtschaft, Farmsachen, Landwirtschaftliche Ausstellungen, 1899-1915.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1103, Landwirtschaft, Ackerbau (Allgemeines), 1896-1914.
1120, Weide- und Futtergräser, 1893-1915.

Tierzucht:

1195, Förderung der Viehzucht, 1898-1914.
1196, Einfuhr und Unterstützung der Einfuhr der Zuchttieren durch den Staat, 1903-14.
1197, Viehmärkte, 1895-1908.
1198, Viehausfuhr, 1892-1914.
1199, Allgemeine Viehausfuhr, 1913.
1200, Ausfuhr von gekühltem und gefrorenem Fleisch, 1910-14.
1201-02, Viehbrandregister, 1912-15.
1204, Reisen ins Ausland zum Studium der Viehzuchtverhältnisse, 1904-08.
1205, Berichte und Veröffentlichungen über fremde Viehzuchtländer, 1901-14.
1206, Unterstützung der Viehzucht aus Mitteln der Wohlfahrtslotterie, 1900-14.
1209, Gewährleistung bein Viehverkauf, 1909-13.

Rinderzucht:

1230, Förderung der Rinderzucht und Richtlinien für dieselbe, 1898-1914.
1231, Einfuhr und Unterstützung der Einfuhr von reinrassigen europäischen Zuchttieren, 1906-14.
1232, do., 1912-14.
1233, do., 1913-14.
1234, Einfuhr und Unterstützung der Einfuhr von Zuchtrinder aus Südafrika, 1910-14.
1235, Einfuhr von Zuchtrindern aus Argentinien, 1899-1906.
1236, Fiskalische Stammzüchtereien, 1910-15.
1237, Zuchtvereine, 1911-14.

Verwertung von Erzeugnissen der Viehwirtschaft:

1271, Generalia, 1910-14.
1272, Molkereiprodukte (Milch, Butter, Käse), 1906-14.
1273, Schlachtereiprodukte, 1902-14.

1281, Viehzuchtgesellschaften, Deutsche Farmgesellschaft (Liebig), 1907-14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tierheilwesen, Allgemeines und Gesetzgebung:

1286, Allgemeines, 1898-1914.
1287, Reise des Professors Dr. Ostertag, 1910-12.
1289, Gesetzgebung im Schutzgebiet, 1899-1912.
1290, do., 1902-14.
1294, Grenzverkehr mit Vieh von und nach der Südafrikanischen Union, 1900-14.
1295, Grenzsperre gegen das Amboland und Port. Angola, 1911-15.
1297, Grenzsperren (Einfuhrverbot) gegen andere Länder, 1910-14.

Organisation des Veterinärdienstes:

1300, Allgemeines, 1899-1914.
1301, Quarantänestationen, 1908-15.

Seuchen und Krankheiten der Rinder:

1309, Allgemeines, 1899-1914.
1310, Ostküstenfieber, 1905-13.
1311-14, Rinderpest, 1896-1906.
1315, Lungenseuche, 1887-1911.
1318, Milzbrand, 1904-14.
1319, Rauschbrand, 1903-13.
1320, Scheidenkatarrh, 1906.
1321, Texasfieber, 1902-13.
1322, Maul- und Klauenseuche, 1900-14.
1325, Steif- und Lahmkrankheit (Enzootische Labmagenentzündung), 1911-15.
1326, Pflanzenvergiftungen, 1902-14.
1328, Tuberkulose des Rindviehs, 1912-15.

1360, Filarienerkrankung beim Rind, 1912-13.
1363, Statistik und Berichterstattung, 1912-13.
1364-69, Tierärztliche Berichterstattung, 1893-1915.
1370-1372, Stand der Viehseuchen in Deutschsüdwestafrika, 1903-15.

Handel:

1635, Marktwesen, 1906-14.
1639, Verhältnisse des Handels, 1913-14.

1662, Auskünfte über Verhältnisse der einzelnen Gewerbe, 1899-1914.
1664, Arbeitsnachweise, Stellenvermittlung, Auskünfte, 1901-14.
1692, Weideplätze an öffentlichen Wegen, 1909-14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1850, Weideverpachtungen, Weidegelder, 1901-15.
2046, Die rechtlichen Verhältnisse der Eingeborenen, abgesehen von der Gerichtsbarkeit, Halten von Reittieren oder Grossvieh durch Eingeborene, 1906-15.
2138, Beschaffung und Verkäufe von Zugochsen, Zug- und Reitpferden, Eseln, pp., 1896-1915.
2142, Nachweisung von Zug- und Reittieren, 1909-?
2144, Fleischlieferung an die Woermann- , pp. Schiffe, 1908-12.
2145, Verkauf von Häuten, Hörnern, usw., 1902-13.
2364, Geheimakten, 1905-10.
2378, Akten betr. Einführung von Zuchttieren, 1912-15.
2379, nr.736, Sammlungen betr. Ausübung des Wahlrechts bei Bezirksratswahlen und bei den Wahlen zum Landwirtschaftsrat, 1914.

Kaiserliches Berzirksamt Windhoek (W.)

71-72, Farmsachen, 1895-1914.
89,91 en 97, Fund- und Pfandsachen, 1895-1913.
127, 130, Gesundheitspolizei, 1899-1915.
273, 276, Statistik und Jahresbericht, 1902-15.
311, Tierheilwesen, 1895-1915.
312-319, Tierkrankheiten, Krankheiten des Rinderviehs, 1894-1914.

Kaiserliches Bezirksamt Rehoboth.

37, Farmsachen, 1905-14.
125, Statistik und Jahresbericht, 1902-14.
132, Tierheilwesen, 1908-14.
133, Tierkrankheiten, 1897-1914.
140, Tierzucht, 1903-15.
148, Molkereiprodukte (Milch, Butter, Käse), 1914.

Kaiserliches Bezirksamt Swakopmund (SD.)

59, Eingeborenenangelegenheiten, 1909-13.
145, Gesundheitspolizei, 1899-1914.
230, Tierheilwesen, 1907-14.
231 en 233, Tierkrankheiten, 1894-1914.
237, Tierzucht, 1896-1912.
246, Versicherungswesen, 1903.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaiserliches Distriksamt Okahandja (Oka.)

122, Tierheilwesen, 1900-15.
123, Tierkrankheiten, 1900-15.
125-126, Tierzucht, 1905-15.

British Consul for South West Africa, Lüderitzbucht.

General Correspondence:

12, Consular G. Department of Agriculture, 1910.
18, Consular D. Seuchen-Statistik (Infectious Stock Diseases), 1912-14.

Staatsargief, Kaapstad:

Native Affairs (N.A.)

268, Letters received from the Resident Magistrate Walfish Bay, Wodehouse, Worcester, 1901.
269, Letters received from the Resident Magistrate Walfish Bay, 1902-1903.
286, W. Coates Palgrave, Special Commissioner to the Tribes north of the Orange River, 1876, 1877.
287, -do- ,1878, 1879.
288, Walvis Bay; Resident Magistrate Walvis Bay; Commissioner Transgariep, British Resident Okahandja - Major Musgrave's accusations against Mr. Palgrave, 1881; Commissioner Transgariep; Resident Magistrate Walvis Bay, 1881.
291, 293, Letters received from the Resident Magistrate Transgariep and Walfish Bay, 1884-1886, 1889-1891.
492, Correspondence Files 11-25: No. 24 - Shipment of cattle, Walfish Bay, 1902.
644, -do- , 2276-2285: No. 2278 - Relations with German Government and German Protectorate Walfish Bay, 1898-1905.
1136, W. Coates Palgrave, Letters and Papers received, 1876-1881.
1137, Palgrave - Official journal kept by J.J. Christie, Secretary to the Special Commissioner, 1876.
1140, W. Coates Palgrave - Letter Book, 1877-1880.
1142, Palgrave - Drafts of Minutes of Meetings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Colonial Office (C.O.)

4532, Correspondence relating to affairs in Bechuanaland 1885, West Coast German Annexation sundry copies 1884-1885.
4567, Correspondence re campaigns against natives in German South West Africa, 1904-1907.
4571a, a) No. 2 - Correspondence regarding permits to cross livestock and supplies into German South West Africa, 1907.

Government House (G.H.)

19/10, Documents relating to Damaraland, Walfisch Bay and Great Namaqualand, 1865-1880.

Attorney General (A.G.)

1930, Walvisbaai-arbitrasie - Oorspronklike lêer M. diverse stukke, uitspraak en indeks.

REGERINGSPUBLIKASIES

Kaapse Bloubooke:

Cape of Good Hope Blue Book and Statistical Register, 1850 en 1860.
House of Assembly, Cape of Good Hope: Annexures to the Votes and Proceedings, A. 71 - 1882, Reports and Correspondence on the State of Affairs in Damaraland and Great Namaqualand, in connection with the Mission of Rev. Dr. C.H. Hahn.
do., A. 5 - 1885, Papers, Minutes and Correspondence relating to the Territories of Great Namaqualand and Damaraland, 1885.
House of Assembly, Cape of Good Hope: Reports of Select Committees 1881, A. 14 - 1881, Report of the Select Committee appointed to consider and report on Damaraland Affairs, 1881.

Britse Bloubooke:

Great Britian: Cd. 1163, Futher Correspondence relating to Affairs in South Africa, 1902.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Imperiale Bloubooke:

Imperial Blue Book (African South No. 766): Further Correspondence (1905) relating to the Affairs of Walfisch Bay and the German South-West African Protectorate.

Publikasies van die Duitse Ryksregering:

Reichs-Kolonialamt, herausgegeben von: Die deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee, 1909-13, Amtliche Jahresberichte.
Kolonial-Blatt, 1896-97.
Amtsblatt für das Schutzgebiet Deutsch-Südwestafrika, 1911-14.
Landwirtschaftliche Beilage des Amtsblatts, 1911-14.

Publikasies van die Unieregering:

Union of South Africa: Memorandum on the country known as German South-West Africa, compiled from such information as is presently available...1915.

KOERANTE

Windhuker Anzeiger, Jan. 1900 - Okt. 1901.
Deutsch Südwestafrikanische Zeitung, 1901-12. (Aantal nommers ontbreek).
Swakopmunder Zeitung, 1911-14.
Keetmanshooper Nachrichten, Jan. - Mei 1911.
Keetmanshooper Zeitung, Maart - Des. 1912, April 1913 - Des. 1914.
Lüderitzbuchter Zeitung, Feb. 1909 - Sept. 1914, Sept. - Des. 1915. (Aantal nommers ontbreek).
Nachrichten des Bezirksvereins Windhuk, Aug. 1903-Sept. 1905. (Een nommer ontbreek).
Windhuker Nachrichten, 1905-10 (Aantal nommers ontbreek)
Der Südwestbote, Jan. 1911 - April 1915.
Südwest, 1910-13